

Die Gekose Volk

Mattheus 24:14 verklaar: "En hierdie evangelie van die koninkryk sal in die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies verkondig word en dan sal die einde kom."

Wat is die boodskap waarvan Yahshua praat? Met valse vervangingsteologie het die meeste Christene die ware boodskap van die laaste 2000 jaar verloor. Ek sal graag aan jou die wonderlike boodskap van die Ewige Verbond wil openbaar wat meer as 3800 jaar gelede aan Abraham gegee is, asook die belofte van geslag tot geslag aan die 12 stamme van Israel.

Joh 8:32 En julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak.

HIERDIE BOEK MAG NIE VERKOOP WORD NIE!

Dit is geskryf en gepubliseer in die publiek se belang met die doel om veral Christene bewus te maak van die leuens en verdraaiing van feite in die geskiedenis en leerstellings in die kerk vandag. Die inhoud van die boek sal Christene tot insae bring wat dit werklik beteken om 'n ware gelowige te wees van Yahshua ons Messias.

As u baat vind uit die boek en verdere inligting verlang, skryf gerus aan:

COYSA

POSBUS 50353

COLLEEN GLEN

PORT ELIZABETH

6018

Of stuur 'n epos aan: fredmarx@live.co.za of besoek ons webwerf by: www.coyhwh.com

Toestemming word hiermee gegee om die boek in sy geheel of gedeeltelik te versprei, op een voorwaarde dat die inhoud NIE verander of gewysig mag word NIE.

KOPIEREG "WORD OF TRUTH PUBLICATIONS 2004"

VERTALER SE OPMERKING - In hierdie vertaalde uitgawe word die 1953 Afrikaanse vertaling wat op e-Sword verskyn gebruik en waar nodig is veranderings gemaak om die ware betekenis van die oorspronklike skrif aan te dui, volgens die J.P. GREEN'S INTERLINEAR Bybel.

Let Wel. Hierdie Afrikaanse weergawe is nie in boek vorm beskikbaar nie, maar ons kan dit laat bind en aanstuur indien nodig.

Die oorspronklike name van ons Skepper, Yahweh, en Sy Seun, ons Verlosser Yahshua, word deurgaans gebruik. Die Naam Yahweh of YHWH (יהוה) Yod Hay Wav Hay, kom 6823 keer voor in die oorspronklike Hebreeuse manuskripte. Byna elke vertaling op aarde verwyder die Skepper se persoonlike Naam en vervang dit met die generiese titel HERE, wat Meester beteken en van die woord Baäl afkomstig is. Ons Verlosser se gegewe Hebreeuse Naam, *Yahshua* wat “*YAH is Verlossing*” beteken, is onnodiglik en verkeerdelik verander na 'n Latyns en Griekse mengsel, naamlik “*Jesus*”, wat 'n swak transliterasie van die Griekse “*IE-Zeus*” of “*IE-Sous*” is. Die Afrikaanse transliterasie van “*Yahshua*” sal gelykstaande wees aan Josua. Die letter “*J*” het tot en met die 16de eeu in geen taal bestaan nie, daarom sou die Griekse naam “*Jesus*” nie die Naam van ons Verlosser gewees het nie. Dit kan dus ook as Jahshua of Iashua getranslitereer word.

Die derde gebod verbied die ydelike gebruik van Yahweh se Naam. *Ydellik* beteken letterlik om te verander, te vervals of te veralgemeen. Deur die Naam Yahweh of Yahshua te neem en dit te verander na “*Here*” of “*Jesus*” is beslis teen die duidelike instruksie van die derde gebod. Daarom gebruik ons eerder die ware, oorspronklike Name van ons Vader Yahweh en Sy Seun Yahshua in hierdie boek. Ons maak ook gebruik van die Hebreeuse titel “*Elohiem*” in plaas van “*God*”. Die verandering het is nie bedoel om ons terugkeer na die waarheid af te breek nie. Inteendeel, soos ons terugdraai na ons Vader sal ons meer en meer agter kom dat ons die ou tradisies moet laat gaan sodat ons Hom weer met ope hande kan omhels. Iets wat onmoontlik is om te doen as ons aan leuens en tradisie vasklou.

INLEIDING

As iemand jou vra: “Wat is die Goeie Nuus of Evangelie wat Yahshua 2000 jaar gelede na die aarde toe gebring het?” wat sal jou antwoord wees? Na aanleiding van die vervangingsteologie, glo die meeste mense dat Yahweh eerste met die “*Jode*” gewerk het totdat hulle Sy Seun Yahshua verwerp het, en dat Hy nou met die Goyim, die nie-*Jode* of *Nasies* werk (Al wat Goyim in Hebreeus beteken is *Nasie*). Dit idee kan nie verder van die waarheid af wees nie! In dié boek sal ons bewys dat Yahweh vir Abraham en sy nasaat gekies het om Sy ewige verbond mee te sluit, en dat Hy nog steeds vandag, ongeveer 3800 jaar later, besig is om met Abraham se afstammeling te werk: Die twaalf stamme van Israel.

Ons sal vanaf die oorspronklike bloedverbond met Abraham, deur die Diaspora van Israel en Juda tot die opdragte van Yahshua aan Sy dissipels in die Nuwe Testament, tot en met ons moderne tyd bestudeer. Die meeste mense op aarde - en ek is jammer om te sê dat dit die meeste sogenaamde Christene insluit - het nie 'n benul van die plan waarmee ons Hemelse Vader in ons tyd werk nie. Dit is omdat die sogenaamde teologiese leiers van vandag nie hulle Bybels lees nie en dit ook nie vergelyk met die ware historiese aantekeninge van ons voorvaders nie. Hulle word basies geïndoktrineer met die tradisionele, teologiese leuens wat nie histories gestaaf kan word nie. Een so 'n dwaling is dat alle Israeliete *Jode* is. Ons hoef nie verder as Genesis 29 en 30 te lees om die fout te herken nie. Ons kan duidelik sien dat die nasie van Israel tot stand gekom het nadat

Abraham se seun Isak 'n seun gehad het, naamlik Jakob. Jakob se naam is later verander na Israel nadat hy met die BoodsAPPER van Yahweh geworstel het.

Gen 32:28 Toe sê Hy: Jy sal nie meer Jakob genoem word nie, maar Israel, want jy het met Elohiem en met die mense geworstel en het oorwin.

Israel beteken “om te volhard met Elohiem”. Israel (Jakob) het toe 12 seuns by 2 vroue en 2 slavinne gehad. Die name van die 12 seuns is Ruben, Simeon, Levi, Juda, Sebulon, Issaskar, Dan, Gad, Aser, Naftali, Josef en Benjamin.

Soos ons kan sien is Juda net EEN van die twaalf seuns, en die stam wat sy naam gedra het was nooit eens die grootste van die 12 stamme nie; maar as iemand aan 'n Israëliet dink, dink hul outomaties aan 'n Jood. Ek bid dat ons Hemelse Vader deur hierdie boek jou met 'n breër perspektief oor die hele plan van Verlossing deur die bloed van Yahshua, van al twaalf die bestaande stamme van Israel, in te lig. Jy sal ook sien dat die Ewigdurende verbond met die nageslag van Abraham begin is en tot vandag met dieselfde saad van Abraham voortduur.

Gal 3:29 En as julle aan Messias behoort, dan is julle die nageslag van Abraham en volgens die belofte, erfgename.

As 'n individu van die Nasies ('n nie-Israëliet of 'n heiden) homself bind aan Yahweh in 'n verbondsverhouding, dan word hy ingeënt in die boom van Israel. Yahweh word nie 'n “heidense” Elohiem nie, inteendeel, die woord Goyim beteken letterlik 'n nie-Israëliet en 'n heiden, so hoe kan 'n ware gelowige in Yahshua, wat 'n verbondsverhouding met Yahweh het, 'n goyim of 'n heiden genoem word? Is die volgende nie baie duidelik nie?

Ef 2:11 Daarom, onthou dat julle wat vroeër heidene in die vlees was...

Geen ware gelowige in Yahweh of Yahshua mag 'n heiden genoem word nie. Dit is 'n oksimoron. As jy die historiese migrasie van die Noordelike stamme van Israel in Diaspora sien, sal jy baie verbaas wees. Ver van die waarheid dat hulle verlore is in die geskiedenis, soos die meeste dink, is hulle inteendeel vol lewe en deel van die plan van Yahweh, net soos hulle altyd was.

Nou toe, kom ons begin om die geskiedenis te ontrafel en om die wonderlike plan van Yahweh deur die Ewigdurende Verbond te ontdek, wat begin met Abraham en aanhou tot ons huidige tyd, en verby tot en met die wederkoms van ons Verlosser en Messias, Yahshua.

HOOFSTUK 1: DIE BLOED VERBOND

As ons kyk na die Verlossingsplan van Yahweh, is dit net logies dat ons begin waar die Ewige Verbond met Abraham gesluit is. Ons moet beseft dat ons Elohiem (Hebreeus vir God) 'n Elohiem van verbonde is en NIE van godsdiens nie. Elohiem het die mens na Sy beeld geskape, maar vir die laaste ses duisend jaar het die mens Elohiem herskape in sy beeld.

Godsdiens is 'n mens gemaakte entiteit wat vanaf die vroegste tye al gebruik word om mense te breinspoel en te beheer. Elohiem stel nie belang in godsdiens nie, nee, Hy stel

belang in verbondsverhoudings. 'n Verbond is 'n ooreenkoms tussen twee partye, waar elke party 'n verpligting teenoor die verbond het. Die plegtigste van alle verbonde is die bloedverbond. Elke persoon wat berou het oor sy sondes en die gestorte bloed van Yahshua (ware Hebreuse naam vir Jesus) aangryp, tree in 'n verbond met Yahweh die Vader deur die bloed van Sy Seun Yahshua. Die enigste manier hoe die ewige lewe in jou kan woon is om in die bloedverbond te tree; maar hoeveel mense wat al in die Naam van Yahshua gedoop is besef regtig wat die verbond beteken? In 'n wêreld van godsdiens wil die meeste kerke net hê dat jy “Jesus” in jou hart moet hê, maar in werklikheid is die enigste manier om met die Vader die bloedverbond te sluit, deur die bloed van Yahshua se offer.

Daar is nie 'n groter intimiteit as die bloed-verbond nie. Die woord offerande het 'n betekenis in westerse kultuur opgetel wat ons laat dink oor “om iets op te gee”, maar die oorspronklike woord in Hebreus vir offerande, “KORBAN, LEHAKRIV” word van die woord “om nader te kom, om in 'n innige verhouding met iemand te wees” ontleen. Sonde het ons geskei van Yahweh die Vader en 'n offer, in besonder die offer van Yahshua Sy Seun, is bedoel om ons terug te bring in 'n verhouding met Vader Yahweh.

In Genesis, toe Adam en Eva gesondig het en gekies het om hulself van Yahweh af te sonder, het hulle ongehoorsaamheid daartoe gelei dat Yahshua die eerste Hoë Priester geword het.

Gen 3:21 En Yahweh Elohiem het vir die mens en sy vrou klere van vel gemaak en hulle het dit aangetrek.

So het Yahweh die eerste offerande om 'n dier dood te maak, volbring om 'n “bedekking” te maak vir Adam en Eva se sonde, en word so die eerste Hoë Priester. Die woord vir “bedek” in Hebreus is “kappar”. Dit is waar Yom Kippur of die dag van Ootmoediging vandaan kom, en dit beteken “om te bedek of te versoen”. So het Yahweh 'n voorwaarde in Genesis gestel dat sonde die stort van onskuldige bloed teweeg sal bring.

Lev 17:11 Want die siel van die vlees is in die bloed, en Ek het dit aan julle op die altaar gegee om vir julle siele versoening te doen; want die bloed bewerk versoening deur die siel.

Sonder die stort van bloed kan daar nie versoening of vergifnis terug na Yahweh wees nie. Die bloedverbond word met elkeen van ons, wat die bloed van Yahshua vir die vergifnis van ons sondes aanvaar, gesluit. Dit is 'n wettige ooreenkoms in die oë van Yahweh en is die belangrikste besluit wat enigeen in sy lewe kan maak. Dit is die ooreenkoms wat ongeveer 3800 jaar gelede met Abraham begin was en wat aanhou met sy afstammelingen tot vandag toe.

Kom ons gaan saam deur die nege stappe van die antieke bloedverbond seremonie. Dit is nie 'n vorm van antieke tradisies nie, maar die einste ritueel, volgens die Skrif, wat elke verbondsverhouding vereis.

Stap 1: TREK JOU OORKLEED OF JAS UIT.

Die eerste ding wat jy moet doen, is om jou kleed of jas uit te trek en dit vir jou verbondsvennoot te gee. Vir 'n Hebreër is iemand se kleed dit wat hy verteenwoordig.

Deur sy kleed uit te trek, sê hy simbolies: "Ek gee vir jou alles van myself, my totale wese en lewe verpand ek aan jou", dan sal jy dieselfde aan hom doen.

Dit is interessant om op te let dat nie slegs die Hoë Priester sy kleed op die dag van Versoening uitgetrek het nadat hy in die Heiligste van Heiliges was nie (Lev 16:23-24), maar ons hoë priester Yahshua het ook Sy kleed uitgetrek toe Hy geoffer was as die ware Pasga offerande in Johannes 19:23-24.

STAP 2: HAAL JOU GORDEL AF.

Die volgende ding wat jy gaan afhaal en aan jou vennoot gee, is jou gordel. Onthou, 'n Israeliet dra nie 'n gordel om sy broek op te hou nie, maar eerder om sy wapens te dra. Sy boog, sy pyle en sy swaard word in sy gordel gedra. Simbolies sê hy dat hy vir jou sy krag en sy vermoë om te veg, gee. As iemand jou aanval, moet hulle ook jou verbondsvennoot aanval. Jou gevegte is sy gevegte en omgekeerd. Hy sal veg en jou beskerm met sy lewe. Ons sien 'n wonderlike voorbeeld van die aspek in die bloedverbond.

1 Sam 18:3-4 Toe sluit Jónatan met Dawid 'n verbond, omdat hy hom liefgehad het soos sy eie siel. 4 Daarby trek Jónatan sy mantel uit wat hy aangehad het, en gee dit aan Dawid; ook sy klere, ja, selfs sy swaard en sy boog en sy gordel.

Jonatan en David is heel moontlik die grootste menslike voorbeeld van wat 'n ware bloedverbondsverhouding moet wees. Die Skrif vertel vir ons dat hulle siele letterlik saam ineen verstrengel was. Daar is 'n band in die bloedverbond wat bo alle menslike liefde en vertrouwe strek; dit is werklik om die persoon lief te hê soos jouself. Waarskynlik die beste voorbeeld daarvan is hoe die menslike verhouding in 'n huwelik behoort te wees. In ons bloedverbondsverhouding met Yahshua, het Hy Sy wapens afgehaal en aan ons gegee deur Sy Ruach (Gees).

Ef 6:10 - 17 Eindelijk, my broeders, word kragtig in Yahweh en in die krag van sy sterkte. 11 Trek die volle wapenrusting van Elohiem aan, sodat julle staande kan bly teen die listigheid van die duiwel. 12. Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug. 13. Daarom, neem die volle wapenrusting van Elohiem op, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en nadat julle alles volbring het, staande kan bly. 14. Staan dan vas, julle lendene met die waarheid omgord, met die borswapen van die geregtigheid aan, 15. en as skoene aan julle voete die bereidheid vir die evangelie van vrede. 16. Behalwe dit alles neem die skild van die geloof op waarmee julle al die vurige pyle van die Bose sal kan uitblus. 17. En neem aan die helm van verlossing en die swaard van die Ruach - dit is die woord van Yahweh -

STAP 3: SNY DIE VERBOND

Nou sal ons die verbond inderdaad sny deur die slagoffer te neem en reg in die middel deur te sny. In die Skrif word 'n dier alleenlik in die middel deur gesny vir die bloedverbond seremonie. Nadat ons die dier verdeel het, sal ons die twee helftes aan ons kante neerlê en ons sal tussen die twee bebloede helftes staan, rug aan rug. Dan sal ons tussen die twee bebloede helftes loop in die vorm van 'n agt en tot staande kom, aangesig tot aangesig. Met die seremonie sê ons twee dinge:

Eerstens, dat ons die ou-self doodmaak, dat ons alle regte op ons eie lewe opgee en 'n nuwe lewe begin met ons verbondsvennoot tot die dood toe, en tweedens, aangesien die bloedverbond so 'n plegtige ooreenkoms is, wys ons beide na die dooie dier en sê:

“Elohiem doen aan my en meer as ek die verbond probeer breek. Sny my in die helfte deur en voer my aan die aasvoëls as ek ooit probeer om die heiligste van alle verbonde te breek”. Ons sien 'n voorbeeld in Genesis 15 van die hele seremonie.

Gen 15:9-10 En Hy antwoord hom: Neem vir My 'n driejaaroud vers en 'n driejaaroud bokooi en 'n driejaaroud ram en 'n tortelduif en 'n jong duif. 10. En hy het dit alles vir Hom gebring en dit middeldeur gedeel en die helftes teenoor mekaar gelê; maar die voëls het hy nie verdeel nie.

Toe Israel 'n Verbond met Yahweh aangegaan het, het hulle ook die belangrikste deel van die bloedverbondseremonie herhaal.

Jer 34:18-20 En Ek sal die manne wat my verbond oortree het, wat die woorde van die verbond nie gehou het wat hulle voor my aangesig gesluit het nie, maak soos die kalf wat hulle deurgegaan het: 19. die vorste van Juda en die vorste van Jerusalem, die hofdienaars en die priesters en die hele volk van die land wat tussen die stukke van die kalf deurgegaan het. 20. En Ek sal hulle gee in die hand van hulle vyande en in die hand van die wat hulle lewe soek; en hulle lyke sal dien as voedsel vir die voëls van die hemel en die wilde diere van die aarde.

So sien ons dat daar ernstige gevolge is vir die breek van die bloedverbond. Dit is werklik 'n saak van lewe en dood, en ek bid eerlik dat jy sal besef nadat jy die boek gelees het, dat daar meer aan 'n verbondsverhouding is as 'n eenvoudige gebed om te sê dat jy Yahshua in jou lewe aanvaar. Hierdie is die heiligste ooreenkoms en daar is vereistes aan albei partye betrokke in die bloedverbond, soos ons gesien het.

Ek wil graag 'n vers in Daniël 9:26 uitwys. Die profesie oor die Messias.

Dan 9:26b En ná die twee en sestig sewetalle sal 'n Gesalfde uitgeroei word, maar sonder iets vir Hom;

Die Hebreuse woord vir “uitgeroei word” is KARATH en dit beteken om vleis te sny en tussen die stukke deur te loop. Letterlik sê die vers vir ons dat die Messias 'n verbond sal maak deur die sny van Sy eie liggaam. Geen wonder dat, elke jaar met die Pasga herdenking, dat ons beveel word om ongesuurde brood te neem, dit te breek en te eet om die deel van die bloedverbond te gedenk.

4) LIG DIE REGTER ARM EN MENG DIE BLOED.

Dan sal ons ons regter arms oplig, 'n sny in ons palms maak en die twee palms bymekaar bring. As ons dit doen word ons bloed gemeng en ons sal trou sweer aanmekaar. Ons twee sal een word, net soos wanneer 'n man en vrou trou. Die woord vir een in Hebreus is “echad”. Die woord beskryf eenheid. Dit is dieselfde woord wat in Gen 2:24 gebruik word waar dit noem dat 'n man sy moeder en vader sal verlaat en kleef aan sy vrou en die twee sal een (echad) word. Dit beskryf 'n letterlike verbintenis van die siel, net soos David en

Jonatan. Dit is om een te wees in verstand, siel en doelstellings. Dit is die tiepe verhouding wat Yahweh en Yahshua met ons wil hê en wat ons met mekaar moet hê.

Joh 17:18-23 Soos U my gestuur het in die wêreld, het Ek ook hulle in die wêreld gestuur. 19 En Ek heilig Myself vir hulle, sodat hulle ook in waarheid geheilig kan wees. 20 Maar Ek bid nie vir hulle alleen nie, maar ook vir die wat deur hulle woord in My sal glo- 21 dat almal een mag wees net soos U, Vader, in My en Ek in U; dat hulle ook in Ons een mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het. 22 En Ek het hulle die heerlijkheid gegee wat U My gegee het, sodat hulle een kan wees, net soos Ons een is. 23 Ek in hulle en U in My, sodat hulle volkome een kan wees; en dat die wêreld kan weet dat U My gestuur het, en hulle liefgehad het net soos U My liefgehad het.

Hoe wonderlik sal die Liggaam van Messias tog vandag wees as ons net die woord "echad" kan verstaan en implementeer. Een van die grootste probleme wat die gemeente vandag teister is selfsugtige motiewe en wêreldse ambisies. As ons werklik ons verbondsvennoot wil behaag moet ons strewe vir dié eenheid wat beskryf word in Johannes. Ons moet strewe vir 'n gees van eenheid in die liggaam soos nog nooit tevore nie. Ons moet elke gees van verwaandheid, skinder en selfsugtigheid bestraf om die Gees van Yahweh toe te laat om in ons harte te groei tot volheid.

5) VERWISSEL NAME.

Volgende sal ons name verwissel, op dieselfde manier as wat 'n vrou sal doen met haar nuwe eggenoot. Mattheus 28:18-19 vertel ons dat wanneer ons gedoop word, word dit gedoen in die Naam van Yahweh die Vader en Die Seun.

6) MAAK 'n LITTEKEN.

Die volgende wat ons sal doen is om ons bloed te meng en om 'n permanente litteken te maak as 'n getuie aan die verbond wat ons gesluit het. Dit sal altyd herinner aan jou verantwoordelikhedsgrondslag teenoor jou vennoot. As enigeen jou wil beseer, hoef jy net jou arm te lig en jou litteken wys. Deur dit te doen sê jy eintlik dat daar meer aan jou is as wat die oog te sien het. As iemand jou vervolg of aanval, sal hulle met jou bloedverbondsvennoot ook te doen kry. Hulle sal nie weet hoe groot hy is nie. Sal hulle dus die kans vat of sal hulle terug tree? Die litteken is die seël wat die verbond plegtig verklaar.

Henry Stanley, met sy ontdekkingsreise deur Afrika, het 50 verskillende verbonde met Inheemse stam opperhoofde gesny. Nou sal jy verstaan hoekom, elke keer as hy in aanraking gekom het met 'n onvriendelike stam, dat hy net sy regter arm met die 50 littekens opgelig het en die aanvallers in die teenoorgestelde rigting op die vlug gestel het. Dit is baie interessant om op te let dat toe ons ongelowige Thomas die opstanding bevraagteken het, dat hy die littekens in Yahshua se hande moes sien voor hy dit geglo het.

Joh 20:24-25 En Thomas wat genoem word Dídimus, een van die twaalf, was nie saam met hulle toe Yahshua gekom het nie. 25 Die ander dissipels sê toe vir hom: Ons het die Meester gesien! Maar hy het vir hulle gesê: As ek nie in sy hande die merk van die spykers sien en my vinger steek in die merk van die spykers en my hand in sy sy steek nie, sal ek nooit glo nie.

7) GEE DIE VOORWAARDES VAN DIE VERBOND.

Jy gaan dan voor getuies staan en die voorwaardes van die verbond gee. Jy gaan sê: “Al my bates is joune. Al my geld, my eiendom, my besittings is joune. As jy iets daarvan nodig het, hoef jy nie eens te vra nie. Kom en vat dit net. Wat myne is, is joune en wat joune is, is myne. As ek tot sterwe kom, is al my kinders joune deur aanneming en jy sal verantwoordelik wees vir my familie. Terselfdertyd sal jy ook al my verpligtinge erf. As ek ooit in finansiële moeilikheid is, sal ek jou nie kom vra vir geld nie; ek sal kom en sê: “Waar is jou tjekboek? Ons is in 'n verbond. Alles wat ek besit, is joune en alles wat jy besit is myne, beide bates en skulde”. Daar staan jy en lees voor al die getuies wat jou laste en bates is.

Kom ons dink vir 'n oomblik oor hierdie deel van die bloedverbond, want dit is baie belangrik. Wanneer ons in 'n verbondsverhouding ingaan, behoort alles wat ons het aan ons vennoot en alles wat ons vennoot besit behoort aan ons. Nou wees eerlik, wie baat die meeste uit die verbond tussen Yahweh en jouself? Yahweh kry jou hoogmoed, jou selfsugtigheid, jou woede en al die sondes wat jy ooit gepleeg het. En jy? Jy kry die ewige lewe as Koning en Priester in Sy Koninkryk - vir ewig! Wat 'n winskopie! Hoe lief moet Hy ons nie hê om vrywillig in so 'n verbond te gaan nie!

Kol 2:14 en die skuldbrief teen ons, wat met sy insettinge ons vyandig was, uitgedelg en weggeruim het deur dit aan die kruis vas te nael.

Die woord in Grieks vir skuldbrief is KEIROGRAPHON en dit beteken “'n wettige dokument van skuld”. Jy kan dit vergelyk met 'n huisverband, waar jy regtelik verbind is om 'n sekere taak te verrig of jy verloor jou eiendom. Wat is die wettige dokument van skuld? So baie glo valslik dat dit die Vader se ewige Torah en geboorte is wat Yahshua teen die boom van teregstelling vasgeslaan het. Maar hoe kan dit wees, aangesien daar net seëninge is vir gehoorsaamheid aan die Torah en nooit vervloeking nie? Vervloeking kom net as daar ongehoorsaamheid is; nie vir getrouheid nie. Wat dié geskrewe dokument was wat Yahshua weggeneem het, was die wettige skuld wat ons aan ons Skepper verskuldig is vir al die sondes gepleeg.

Ek glo, nou dat jy die bloed verbond verstaan, die vers baie duidelik en verstaanbaar is. Ons het 'n gratis boek “Die Groot Afvalligheid” wat die onderwerp van Torah en genade in meer detail verduidelik. Jy is welkom om 'n kopie van die boek aan te vra. Wat 'n wonderlike Skepper het ons tog nie! Hy het al ons sondes en ons laste op Homself geneem en in ruil, bied Hy ons die ewige lewe in Sy Koninkryk. Soos ons gesien het, behoort ons lewe nou ook aan Hom. Ons behoort Yahweh met ons hele hart, verstand, siel en krag lief te hê! Dit is die eerste en grootste gebod. Ons lewens is gekoop en voor betaal en ons behoort nie langer aan onself nie, na aanleiding van die bloedverbondsooreenkoms wat ons gemaak het met die doop.

1Kor 6:19-20 Of weet julle nie dat julle liggaam 'n tempel is van die Ruach Ha Kodesh wat in julle is, wat julle van Elohiem het, en dat julle nie aan juiself behoort nie? 20 Want julle is duur gekoop. Verheerlik YAHWEH dan in julle liggaam en in julle Ruach wat aan Elohiem behoort.

Hoeveel gelowiges verstaan die konsep werklik? 'n Verbondsverhouding is veel meer as om net gou 'n klein gebedjie op te sê en dan aan te hou met ons, ou selfsugtige lewe; as

ons eenkeer die verbond met ons Hemelse Vader, deur die bloed van Sy Seun, gesluit het, moet ons vir Hom lewe. Om vir Hom te lewe, sluit in om vir ander verbondsgelowiges om te gee. Dit beteken om die weduwee en die wese op te pas en ander mense in nood.

Mat 25:34-36 Dan sal die Koning vir die wat aan sy regterhand is, sê: Kom, julle geseëndes van my Vader, beërf die koninkryk wat vir julle berei is van die grondlegging van die wêreld af. 35 Want Ek het honger gehad, en julle het My te ete gegee; Ek het dors gehad, en julle het My te drinke gegee; Ek was 'n vreemdeling, en julle het My herberg gegee; 36 Ek was naak, en julle het My geklee; Ek was siek en julle het My besoek; in die gevangenis was Ek, en julle het na My gekom.

Dit is 'n ernstige verantwoordelikheid om in 'n bloedverbond te tree. Ons moet begin om elke dag totaal vir ons verbondsvennoot te lewe. Ons moet ophou om “kerk” te speel en ons hele bestaan moet gelewe word in heiligheid en diens aan ons verbondsvennoot.

8) EET 'n GEDENKETE.

Nou gaan ons 'n gedenkmaal geniet om die verbond te smee. In die plek van die slagoffer en die bloed sal ons brood en wyn gebruik. Jy sal 'n brood neem, in twee breek, mekaar voer terwyl jy die volgende sê: “Dit is die simboliek van my liggaam en ek is besig om dit in jou te sit”. Dan sal julle mekaar die wyn gee en sê: “Dit is simbolies van my bloed wat nou jou bloed is”. Simbolies is julle in mekaar (gemeng). Dit is hoekom Yahshua die laaste Pasga gevier het en die simbole verander het na brood en wyn in plaas van 'n lam.

Luk 22:14-20 En toe die uur kom, het Hy aan tafel gegaan en die twaalf apostels saam met Hom. 15 En Hy sê vir hulle: Ek het baie sterk daarna verlang om hierdie Pasga met julle te eet voordat Ek ly. 16 Want Ek sê vir julle: Ek sal sekerlik nie meer daarvan eet voordat dit in die koninkryk van Elohiem vervul is nie. 17 En toe Hy 'n beker geneem het, dank Hy en sê: Neem dit en deel dit onder julle. 18 Want Ek sê vir julle: Ek sal sekerlik nie drink van die vrug van die wynstok voordat die koninkryk van Elohiem gekom het nie. 19 Daarop neem Hy brood, en nadat Hy gedank het, breek Hy dit en gee dit aan hulle en sê: Dit is my liggaam wat vir julle gegee word; doen dit tot my gedagtenis. 20 Net so neem Hy ook die beker ná die maaltyd en sê: Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed wat vir julle uitgestort word.

9) PLANT 'n HERDENKINGSBOOM.

Die laaste deel van die bloedverbondseremonie is om 'n herdenking na te laat. Jy sal dit doen deur 'n boom te plant wat gespat is met bloed van die verbond. Yahshua het dit vervul aan die boom van teregstelling toe Hy gesterf het vir die sondes van die wêreld.

Nou weet jy van die amptelike seremonie wat verlang word as 'n bloedverbond betree word en dit is die presiese bloedverbond wat Yahweh met Abraham gesluit het omtrent 3800 jaar gelede en ook met die nasie van Israel by Sinai toe hulle Egipte verlaat het. Die bloedverbond is uiters belangrik om te verstaan - hoe die plan van Verlossing deur die Nasie van Israel werk. Om te verstaan wat Yahweh werklik op aarde doen vandag, moet jy vergeet van godsdienste en alleenlik dink in terme van verbond. Onthou ook dat daar geen enkele verbond in die hele Skrif gesluit is met nie-Joodse of heidense nasies nie. Yahweh het Homself baie duidelik as die Elohiem van Israel geopenbaar.

Jes 37:21 Toe laat Jesaja, die seun van Amos, vir Hiskía weet: So spreek YAHWEH, die Elohiem van Israel:

Dit is ook baie interessant om op te let dat Yahweh verklaar dat Hy Homself net aan die Volk van Israel geopenbaar het en absoluut nie aan enige ander nasie nie.

Amos 3:1-2 Hoor hierdie woord wat die YAHWEH oor julle gespreek het, o kinders van Israel, oor die hele geslag wat Ek uit Egipteland laat optrek het, naamlik: 2 Julle alleen het Ek geken uit al die geslagte van die aarde; dáárom sal Ek by julle besoeking doen oor al julle ongeregtighede.

2 Sam 7:24 En U het U volk Israel vir U bevestig as 'n volk vir U tot in ewigheid; en U, YAHWEH, het vir hulle 'n Elohiem geword.

Slegs die nasie van Israel het die bloedverbond met Yahweh betree. Alhoewel dit 'n baie groot seën was, het dit ook uiters nagevolge daarmee saamgebring. Soos ons gesien het, gaan dit gepaard met 'n ontsettende verantwoordelikheid as jy jouself bind aan 'n bloedverbond. Die verbond is ook onmoontlik om te breek. Slegs ontrouheid kan die bloedverbond breek en dan is dit die doodstraf. Dit is waarom, op die oordeelsdag, ons Hemelse Vader meer genade sal hê met die heidense nasies, want hulle het minder verantwoordelikheid deurdadig hulle nooit in 'n bloedverbond met Hom gegaan het nie.

Rom 11:32 Want YAHWEH het hulle almal in die ongehoorsaamheid ingesluit om vir almal barmhartig te kan wees.

Die meeste mense word deur die valse kerke van die wêreld geleer: omdat Israel ontrou was het Yahweh hulle weggegooi en die nie-Jode se Elohiem geword. Maar soos ons sal sien, kan dit nie verder van die waarheid af wees nie. Yahweh het eintlik die ontrouheid van Israel gebruik vir die redding van die wêreld. Ons sal ook sien dat Hy nooit vir Israel weggegooi het nie, maar werk deur 'n wonderlike plan met hulle in die eindtyd. Slegs aan Abraham en sy nageslag was die beloftes gemaak.

Gen12:3 En Ek sal seën diegene wat jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek; en in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word.

Die vers wys duidelik dat die belofte aan Abraham was en dat die Messias 'n nakomeling van sy geslag sal wees. Yahweh belowe vir Abraham dat, al het die nasie van Israel 'n verbond betree wat hulle nie kon onderhou nie, Hy (Yahweh) getrou sal bly deur Sy persoonlike BoodsAPPER te stuur om Israel terug te koop van die gebroke verbondsbeloftes. Daar was ook ander verbondsbeloftes gemaak aan die Huis van Israel onder die bloedverbond. Kom ons kyk na die verbasende beloftes gemaak deur Yahweh aan die Huis van Israel.

Hoofstuk informasie:

'n Deel van die informasie verskaf oor die bloedverbond- seremonie kom uit Richard Booker se boek "The Miracle of the Scarlet Thread". Destiny Image Publishers, Des 1988.

HOOFSTUK 2

DIE GEBOORTEREG EN DIE SEPTER

Abraham het Isak verwek, Isak het Jakob verwek wie se naam later verander is na Israel. Israel het 12 seuns gehad wat die 12 stamme van Israel geword het. Juda, stamvader van die Jode, is net een van die 12 seuns van Israel. Al die Jode is Israeliete, maar nie alle Israeliete is Jode nie. In werklikheid, die eerste keer wat die woord Jood in die Skrif genoem word, is toe die Israeliete in 'n oorlog met die Jode was.

2 Kon 16:5 Toe het Resin, die koning van Aram, en Peka, die seun van Remália, die koning van Israel, opgetrek na Jerusalem om te veg, en hulle het Agas ingesluit; maar hulle kon nie veg nie. 6 In dieselfde tyd het Resin, die koning van Aram, Elat aan Aram gebring en die Jode uit Elat verdrywe;

Die standpunt kan nie genoeg beklemtoon word as jy verstaan wat 'n wonderlike werk ons Hemelse Vader vandag op aarde doen nie. Elke stam het sy eie persoonlikheid, hulle eie grond toewysing en hulle eie spesiale verbondsbeloftes van Yahweh. Koning Saul was die eerste koning van Israel. Ons weet dat hy nederig was voor hy koning geword het, maar toe word hy groter en groter in sy eie oë en hy verloor die troon. Koning Saul was van die stam van Benjamin. Yahweh het toe 'n skaapwagter, David, gekies om koning van Israel toe wees. David was van die stam van Juda. Ons weet ook dat die Messias van die stam van Juda sal kom.

Mig 5:1 En jy, Betlehem Éfrata, klein om te wees onder die geslagte van Juda, uit jou sal daar vir My uitgaan een wat 'n Heerser in Israel sal wees; en sy uitgange is uit die voortyd, uit die dae van die ewigheid.

Yahweh het 'n belofte aan David gemaak dat sy Seun en nageslag op Sy troon sou sit vir ewig en ewig.

2 Sam 7:11b Almagtige Yahweh gee jou te kenne dat Yahweh vir jou 'n huis sal stig. 12 As jou dae vol is en jy met jou vaders ontslaap het, sal Ek jou nakomeling wat uit jou liggaam sal voortkom, laat optree en sy koningskap bevestig. 13 Hy sal vir my Naam 'n huis bou, en Ek sal sy koninklike troon bevestig tot in ewigheid. 14 Ek sal vir hom 'n Vader wees, en hy sal vir My 'n seun wees; sodat as hy verkeerd handel, Ek hom sal straf met 'n menslike roede en met slae van mensekinders. 15 Maar my goedertierenheid sal van hom nie wyk nie, soos Ek dit onttrek het aan Saul wat Ek voor jou aangesig verwyder het. 16 En jou huis en jou koningskap sal bestendig wees tot in ewigheid voor jou; jou troon sal vasstaan tot in ewigheid.

Baie mense het verkeerdelik gedink dat dié vers na Koning Salomo verwys. Dit is nie korrek nie. Koning Salomo se koninkryk het nie vir ewig geduur nie, dit was eerder uit sy hande geruk en verdeel omdat hy heidense gode aanbid het. In werklikheid weet ons dat die vers nie van Salomo kan praat nie, want Salomo se afstammeling, Jojakim, sou nooit op die troon van Israel sit nie.

Jer 22:28 Is hierdie man Gonja 'n veragte, verbryselde voorwerp, of 'n ding waar 'n mens geen behae in het nie? Waarom is hy en sy geslag weggeslinger en weggewerp in 'n land wat hulle nie ken nie? 29 O Land, land, land, hoor die woord van die YAHWEH! 30 So sê

Yahweh: Skryf hierdie man op as kinderloos, 'n man wat nie voorspoedig sal wees in sy dae nie; want dit sal niemand van sy geslag geluk om te sit op die troon van David en nog oor Juda te heers nie.

En tog het David vir Batseba belowe dat haar seun op die troon sou sit. Hoe kan dit wees? Die antwoord is in die korrekte vertaling van 1 Konings 5:5.

1 Kon 5:5 En kyk, ek is van plan om vir die Naam van Yahweh my Elohiem 'n huis te bou soos Yahweh met my vader David gespreek en gesê het: Jou seun wat Ek in jou plek op jou troon sal sit, hy sal die huis vir my Naam bou.

Die Hebreuse woord vir “sit” in 1 Kon 5:5 is “Natan”. Natan was die broer van Salomo, en ook die seun van Batseba. Dus was die profesie dat David se troon vir altyd sal wees nie deur die geslag van Salomo en Jojakim nie, maar deur die geslag van Natan. Baie interessant is die feit dat Natan ook in die geslagslyn van Yahshua is.

Luk 3:31 die seun van Meléas, die seun van Mainan, die seun van Máttata, die seun van Natan, die seun van David,

Nog 'n vers wat die belangrikheid van die stam van Natan oor Salomo beklemtoon, is in die boek van Sagaria.

Sag 12:12 En die land sal rouklaag by geslagte, elke geslag afsonderlik; die geslag van die huis van David afsonderlik, en hulle vroue afsonderlik; die geslag van die huis van Natan afsonderlik, en hulle vroue afsonderlik;

Sag 12:13 die geslag van die huis van Levi afsonderlik, en hulle vroue afsonderlik; die geslag van Símei afsonderlik, en hulle vroue afsonderlik.

Hierdie verse praat oor die stam van Juda wat treur wanneer die Messias, Yahshua, terugkeer en hulle besef dat hulle Hom die eerste keer verwerp het toe Hy op aarde verskyn het. Let op na die kontras tussen die vernaamste stam “Natan” en die minder belangrike stam van “Shimei”. Salomo word nie eers genoem nie. Met sy afgode aanbidding het Salomo homself gediskwalifiseer vir die koninklike lyn van Messias. Dit is 'n baie belangrike feit, nie slegs om te bewys dat die geslagsboom van Messias deur Natan die Bybelse korrekte een is nie, maar ook om te wys hoekom die nasie van Israel verdeel was. Omdat Salomo gesondig het. Yahweh het toegelaat dat die volk van Israel in twee gedeel word.

1 Kon 11:4 En in die tyd van Salomo se ouderdom het sy vroue sy hart verlei agter ander gode aan, sodat sy hart nie volkome met Yahweh sy Elohiem was soos die hart van sy vader David nie.

1 Kon 11:5 En Salomo het agter Astárte, die godin van die Sidoniërs, en agter Milkom, die verfoeisel van die Ammoniete, aan geloop.

1 Kon 11:6 So het Salomo dan gedoen wat verkeerd was in die oë van Yahweh en nie volgehou om Yahweh te volg soos sy vader David nie.

1 Kon 11:7 Toe het Salomo 'n hoogte gebou op die berg wat oostelik van Jerusalem lê, vir Kamos, die verfoeisel van die Moabiete, en vir Molog, die verfoeisel van die kinders van Ammon.

1 Kon 11:8 En so het hy gedoen vir al sy uitlandse vroue wat rook laat opgaan het en geoffer het aan hulle gode.

Salomo, deur sy ontrouheid, verbreek die verbond met Yahweh en veroorsaak die skeiding van Israel.

1 Kon 11:9 Daarom was Yahweh toornig op Salomo, omdat sy hart afgewyk het van Yahweh, die Elohiem van Israel, wat twee maal aan hom verskyn het,

1 Kon 11:10 en hom bevel gegee het omtrent hierdie saak om nie agter ander gode aan te loop nie; maar hy het die bevel van Yahweh nie gehou nie.

1 Kon 11:11 Daarom het Yahweh vir Salomo gesê: Omdat dit so ver is met jou dat jy my verbond en my insettinge wat Ek jou beveel het, nie hou nie, sal Ek verseker die koningskap van jou afskeur en dit aan jou dienaar gee.

1 Kon 11:12 Maar in jou dae sal Ek dit nie doen nie ter wille van jou vader David; uit die hand van jou seun sal Ek dit afskeur.

1 Kon 11:13 Maar Ek sal nie die hele koningskap afskeur nie; een stam sal Ek aan jou seun gee ter wille van my kneg David en ter wille van Jerusalem wat Ek verkies het.

Na Salomo se dood het Jerobeam, van die stam van Efraim, koning geword oor Noordelike Israel. Die koninkryk het bestaan uit 10 van die 12 seuns van Jakob (Israel). Hulle is soos volg: Ruben, Simeon, Levi, Naftali, Gad, Sebulon, Issaskar en Josef, wat in twee stamme gedeel was die van Efraim en Manasse (wat ons later in detail sal bespreek). Die suidelike koninkryk of Juda (die Jode) bestaan uit Juda en Benjamin. Later, na aanleiding van gode aanbidding in die Noordelike Koninkryk, is Levi ook by die Suidelike koninkryk van Juda saamgevoeg.

Daar was twee groot beloftes wat saam met die bloedverbond gekom het. Dit was die belofte van die geboortereg en die belofte van die septer. Die belofte van die geboortereg was 'n belofte aan die eersgeborene. Die belofte van die septer was 'n belofte van koningskap. Ons het alreeds gewys dat die belofte van die septer vir koningskap aan Juda gegee was oor die getrouheid van Koning David. Die belofte was ook dat die Messias van die huis van David sou kom. Die belofte van die geboortereg was 'n spesiale belofte gegee aan die eersgeborene, as die wettige erfgenaam van die familie. Die reg van die eersgeborene sluit ook 'n dubbele deel vir sy erfenis in.

Deut 21:15 As 'n man twee vroue het, een wat hy liefhet en een wat hy nie liefhet nie, en hulle baar vir hom seuns, sowel die geliefde as die nie-geliefde vrou, en die eersgebore seun behoort aan die nie-geliefde vrou,

Deut 21:16 dan mag hy, op die dag as hy sy seuns sy besittings laat erwe, nie die eersgeboortereg aan die seun van die geliefde vrou gee tot nadeel van die seun van die nie-geliefde vrou, die eersgeborene, nie.

Deut 21:17 Maar hy moet die eersgeborene, die seun van die nie-geliefde vrou, erken deur aan hom 'n dubbele deel te gee van alles wat hy besit; want hy is die eersteling van sy krag: die eersgeboortereg is syne.

Die reg van die eersgeborene was so spesiaal dat dit nie weens nepotisme verander kon word nie. Maar die belofte van die geboortereg en die septer was kondisioneel, afhange van die gehoorsaamheid van die erfgename.

1 Kon 2:3 en onderhou die ordening van Yahweh jou Elohiem deur te wandel in sy weë, deur sy insettinge, sy gebooe en sy verordeninge en sy getuienisse te onderhou, soos geskrywe is in die wet van Moses, sodat jy voorspoedig kan uitvoer alles wat jy doen, en alles waartoe jy jou begewe;

1 Kon 2:4 sodat Yahweh sy woord mag vervul wat Hy oor my gespreek het, naamlik: As jou seuns ag gee op hulle weg deur voor my aangesig getrou te wandel met hulle hele hart en met hulle hele siel, dan sal daar nie vir jou 'n man op die troon van Israel ontbreek nie.

Die toekomstige verbondsbelofte houers, naamlik die septer en geboortereg, moes die voorwaardes van die verbond gehoorsaam om dié seëninge te ontvang. Ruben, die eerste wettige eersgeborene van Israel, diskwalifiseer homself as die wettige erfgenaam van die geboortereg-belofte, en Josef neem sy plek.

1 Kron 5:1 En die seuns van Ruben, die eersgeborene van Israel—want hy was die eersgeborene; maar omdat hy die bed van sy vader ontheilig het, is sy eersgeboortereg aan die seuns van Josef, die seun van Israel, gegee, maar hy moes nie in die geslagsregister volgens die eersgeboortereg aangegee word nie;

1 Kron 5:2 want Juda was sterk onder sy broers, en uit hom het een 'n vors (Messias) geword, maar die eersgeboortereg het Josef gehad—

Ruben het met die bywyf van sy vader Israel geslaap en daardeur sy geboorteregbelofte verloor en dit word toe aan Josef gegee. Josef was nie die tweede oudste nie, maar Israel het twee vrouens gehad, Lea en Ragel. Alhoewel Ruben die eersgeborene van Lea was, was Israel gekul om met haar te trou, en sy ware verbondsvrou Ragel, het geboorte gegee aan Josef, haar eersgeborene. Dus was Josef die ware wettige geboortereghouer in die oë van Yahweh. Ons sien ook in die vers dat genealogie gereken word deur die septerbelofte, nie die geboortereg. Dit is seker hoekom die meeste deur die eeue gekonsentreer het op die koningskap van Juda en nie op die geboortereg van Josef nie. Die geboorteregseëning was 'n uiters spesiale seëning om te hê. Dit het ontsettende rykdom en krag ingesluit. Toe die koninkryk van Israel verdeel het, al was daar nog 12 stamme, was Israel bekend as die Noordelike Koninkryk (Josef en die geboortereg), en die Suidelike Koninkryk (Juda en die septer). Onthou dat soos ons aangaan, jy sal verstaan dat as ons praat van die seuns van Josef, ons al 10 stamme bedoel, en as ons praat van die seuns van Juda, ons die suidelike koninkryk bedoel.

Na al die gebeure, net voor Israel sterf, roep hy vir Josef en sy twee seuns, Efraim en Manasse, en neem Josef se twee seuns letterlik aan as sy eie.

Gen 48:3 En Jakob het vir Josef gesê: Yahweh, die Almagtige, het aan my verskyn by Lus, in die land Kanaän, en my geseën

Gen 48:4 en vir my gesê: Kyk, Ek sal jou vrugbaar maak en jou vermeerder en jou tot 'n menigte van volke maak, en Ek sal aan jou nageslag ná jou hierdie land as ewige besitting gee.

Gen 48:5 Nou dan, jou twee seuns wat vir jou in Egipteland gebore is voordat ek in Egipte na jou gekom het, is myne. Efraim en Manasse sal myne wees net soos Ruben en Simeon.

Hy gaan toe verder en gee die geboortereg belofte aan Efraim.

Gen 48:14 Toe steek Israel sy regterhand uit en lê dit op die hoof van Efraim, hoewel hy die jongste was, en sy linkerhand op die hoof van Manasse: hy het sy hande oorkruis gehou, want Manasse was die eersgeborene.

Gen 48:15 En hy het Josef geseën en gesê: Die Elohiem voor wie se aangesig my vaders Abraham en Isak gewandel het, die Elohiem wat my as Herder my lewe lank gelei het tot vandag toe,

Gen 48:16 die BoodsAPPER wat my uit elke teësPOED verlos het—mag Hy die seuns seën, en mag deur hulle my naam genoem word en die naam van my vaders Abraham en Isak, en mag hulle vermeerder in die land in menigte.

Gen 48:20 So het hy hulle dan dié dag geseën en gesê: Met jou sal Israel 'n seën toewens, met die woorde: Mag Yahweh jou maak soos Efraim en soos Manasse! So het hy dan Efraim voor Manasse gestel.

Gen 48:22 En ék gee jou een stuk land bo jou broers, wat ek met my swaard en my boog van die Amorie te afgeneem het.

Let op dat die geboorteregbelofte na Efraim, die jongste, gaan. Om die waarheid te sê, as jy die Skrif deursoek, sal jy vind dat in amper elke geval die eersgeborene sy aardse erfposisie verbeur het. In amper elke geval was dit vir wêreldse, vleeslike redes. Esau het sy geboorteregbelofte verloor oor 'n bord sop. Die Skrif verklaar ook dat ons die eerstelinge van Yahweh is.

Open 14:1 En ek het gesien, en kyk, die Lam staan op die berg Sion, en saam met Hom honderd vier en veertig duisend, met die Naam van Sy Vader op hulle voorhoofde geskrywe.

Open 14:4 Dit is hulle wat hulself met vroue nie besoedel het nie, want hulle is maagdelik rein; dit is hulle wat die Lam volg waar Hy ook heengaan; dit is hulle wat gekoop is uit die mense as eerstelinge vir Yahweh en die Lam.

Dit behoort ons te ontnugter om te sien hoeveel eerstelinge hulle erflating verkoop het vir aardse begeertes. Wat beteken dit vir jou om 'n eersteling te wees? Hoe waardeer jy daardie posisie, of is jy soos Esau, wat jou erflating verkoop vir aardse begeertes? Onthou die vereistes van die bloedverbond: om alles wat jy het te versak aan jou verbondsvennoot, en om totaal vir Hom te lewe. Israel het dit nooit gedoen nie en soos ons sal sien, het hulle in gevangenskap daarvoor gegaan. Nou kan ons verstaan hoekom in die Skrif, wanneer dit na Efraim verwys, dit na die hele Noordelike stam van Israel verwys, want hulle besit die reg van die eersgeborene of die geboorteregbelofte. Ons kan ook sien dat alhoewel hierdie fisiese beloftes is, is hulle ten laaste ook geestelik en Messiaans in geaardheid.

Josef, wat die geboorteregbelofte het, verteenwoordig die lydende Messias. Ons sien dat Josef in slawerny deur sy broers verkoop is, wat hom verwerp het. Dit is 'n toonbeeld van Juda se verwerping van Yahshua as die Hebreeuse Verlosser. Josef se kleed is van hom afgeruk voordat hy in die put gegooi is, tipies van die eerste deel van die bloedverbond, trek uit jou kleed. Op dieselfde manier was Yahshua van sy kleed ontnem voor Sy teregstelling.

In die geskryfte van die rabbi's van vandag, en ook in die Dooie See perkamentrolle, praat hulle van twee Messias: Messias Seun van Josef en Messias Seun van David, want die Skrif is so duidelik oor die twee aspekte van die Messias. Een aspek is as 'n lydende dienskneg, soos Jesaja 53 vir ons wys, en een van 'n regerende Koning, in Jesaja 9. Wanneer die Messias terugkeer, sal Hy in besit wees van die geboortereg en die septerbeloftes. Maar, as ons die geskiedenis van Israel van nader bekyk, sal ons sien dat

die nageslag van Efraim (Josef) en die nageslag van David (Juda) aanhoudend onenigheid gehad het soos hulle probeer het om mekaar se beloftes te neem. Die drie-en-twintigste Psalm illustreer twee baie belangrike aspekte van die Messias van Israel.

Ps 23:4 Al gaan ek ook in 'n dal van doodskaduwee, ek sal geen onheil vrees nie; want U is met my: u stok en u staf dié vertroos my.

As jy na die buiteblad van die boek kyk, sal jy sien dat die leeu Juda verteenwoordig wat 'n stok en 'n skaapwagterstaf vashou, gekruis langs die palmboom wat Josef verteenwoordig en die huis van Efraim. Weereens wys dit na die twee aspekte van die Messias van Israel. Een is 'n lydende dienskneg wat wys na die geboorteregbelofte deur Josef en die ander wat na die septer- belofte wys deur David as heersende Koning. Die ander aspek van die stok en die staf is om die twee verbonde te illustreer. Die stok wys na die tugmaatreëls deur die ou verbond net soos die boek van Hebreërs wys dat elke kind van Yahweh getugtig moet word omdat Hy ons lief het. Die stok beskerm ons ook teen plundersaars en rowers.

Heb 12:6 want Yahweh tugtig hom wat Hy liefhet, en Hy kasty elke seun wat Hy aanneem.

Ons moet gekasty word om ons voor te berei vir ons posisies as Konings (die septerbelofte deur David) in Yahshua se komende Koninkryk (Openbaring 5:10). Daarenteen wys die herderstaf die sagtheid van die dissipline deur die gestorte bloed van die Seun van Yahweh in die Nuwe Verbond en verteenwoordig Josef, die Messias as die Lydende Dienskneg. Soos die 23ste Psalm wys, is albei aspekte van die Messias nodig: die stok en die staf is vertroostend. Sonder die Torah (stok) het ons nie grenslyne en sal ons nooit die veiligheid voel wat die Torah in ons lewens bring nie. Maar ons het ook die sagtheid (staf) nodig om ons saggies te lei deur die nodige tugtiging.

Dwarsdeur die geskiedenis van Israel het Juda en Efraim probeer om mekaar se beloftes weg te vat. Dit was Juda se idee om Josef as 'n slaaf te verkoop en om sodoende sy geboorteregbelofte te steel.

Gen 37:26 Toe sê Juda aan sy broers: Watter voordeel is dit dat ons ons broer doodmaak en sy bloed verberg?

Gen 37:27 Kom, laat ons hom aan die Ismaeliete verkoop, maar laat ons hand nie teen hom wees nie, want hy is ons broer, ons vlees. En sy broers het na hom geluister.

Jerobeam ('n Efraimiet) het ook probeer om die septerbelofte van Juda te steel nadat die nasie van Israel in twee verdeel was na die dood van Salomo.

1 Kon 11:31 en hy sê vir Jeróbeam: Neem vir jou tien stukke, want so spreek Yahweh, die Elohiem van Israel: Kyk, Ek gaan die koninkryk uit die hand van Salomo afskeur en aan jou die tien stamme gee;

1 Kon 11:37 en Ek sal jou neem, en jy sal regeer oor alles wat jou siel begeer, en jy sal koning word oor Israel.

1 Kon 11:38 En as jy luister na alles wat Ek jou beveel en wandel in my weë en doen wat reg is in my oë deur my insettinge en my gebooie te hou, soos my kneg David gedoen het, dan sal Ek met jou wees en vir jou 'n bestendige huis stig, soos Ek vir David gestig het, en Israel aan jou gee.

As Jerobeam getrou was (en hy was nie) sou hy die koningskap, of die septer, van die huis van Juda opgeneem het. As jy die Skrif aandagtig lees, sal jy sien dat dit die verloop van Juda en Efraim was vandat Israel 'n nasie geword het en dit hou aan tot vandag toe. Maar die dag wanneer die Messias terugkeer en die twee beloftes, die geboortereg en die septer een maak, sal die ergernis en kwellings van Efraim en Juda nie meer wees nie.

Jes 11:10 En in dié dag sal die nasies vra na die wortel van Isai, wat daar staan as 'n banier van die volke, en sy rusplek sal heerlijk wees.

Jes 11:13 Dan sal die naywer van Efraim verdwyn, en die teëstanders van Juda sal uitgeroei word; Efraim sal Juda nie beny nie, en Juda sal Efraim nie benoud maak nie.

Israel was groot rykdom belowe as 'n nasie deur die belofte van die geboortereg, asook 'n vorstehuis en koningskap deur die septer belofte. Gedurende die bewind van Koning Salomo, voor die koninkryk van Israel verdeel is, het Salomo albei die beloftes, geboortereg (beloftes van rykdom) en die septer (koningskap) beloftes beheer. Salomo was 'n aardse tipe van die Messiaanse bewind. Dit is 'n voorafskadu van wat Israel sal wees wanneer die ware Messias gedurende die millennium heers. Om die rede het Israel ontsettende groot rykdom en vooruitgang beleef gedurende Salomo se bewind, net soos Yahweh vir Jakob belowe het.

1 Kon 10:24 En die hele wêreld het die aangesig van Salomo gesoek om sy wysheid te hoor wat Elohiem in sy hart gegee het,

1 Kon 10:25 terwyl elkeen van hulle sy geskenk saambring: silwervoorwerpe en goue voorwerpe en klere en wapens en speserye, perde en muile, jaar vir jaar.

1 Kon 10:27 Verder het die koning die silwer in Jerusalem gemaak soos klippe en die seders gemaak soos wildevyebome wat in die Laeveld is, in menigte.

Salomo het al die aardse rykdom gehad wat die geboortereg kon oplewer, asook al die aardse wysheid wat die septer kon teweegbring, en tog het hy gefaal deur sy wêreldse wellus. Dit is 'n les om ons te wys, dat in die vlees, ons altyd sal faal as ons dit nie verbind met die gees nie. Dit is ook 'n groot les wat Yahshua, die ware geboortereg en septerhouer, ons kom wys het terwyl Hy op aarde was. Wat 'n wonderlike tyd sal dit nie wees wanneer Messias terugkeer en daar vrede tussen Juda en Josef is, iets wat die wêreld nie gesien het vanaf die dae van Koning Salomo nie.

Sag 10:6 En Ek sal die huis van Juda sterk maak en aan die huis van Josef hulp verleen en hulle 'n woonplek aanwys, want Ek ontferm My oor hulle; en hulle sal wees asof Ek hulle nie verwerp het nie, want Ek is Yahweh hulle Elohiem, en Ek sal hulle verhoor. 7 En Efraim sal wees soos 'n held, en hulle hart sal vrolik wees soos deur wyn, en hulle kinders sal dit sien en hulle verbly, hulle hart sal juig in Yahweh. 8 Ek wil vir hulle fluit en hulle vergader, want Ek het hulle losgekoop; en hulle sal net so talryk wees soos tevore. 9 En Ek sal hulle saai onder die volke, en in die verafgeleë streke sal hulle aan My dink; en hulle sal saam met hul kinders in die lewe bly en terugkom. 10 En Ek sal hulle terugbring uit Egipteland en uit Assur hulle vergader en hulle na die land Gilead en die Líbanon bring; maar dit sal vir hulle nie voldoende wees nie.

HOOFSTUK 3

DIE BALLINGSKAP

As ons kyk na die plan van Yahweh tot en met dié tyd in die geskiedenis, is dit baie duidelik. Die mensdom vanaf Adam het gekies om teen die ewige Torah, soos deur Yahweh Homself in die Tuin van Eden neergelê, te gaan. Deur dit doen, was Adam, ons voorvader, uit die Tuin van Eden gegooi, weg van Yahweh se teenwoordigheid. So is die mensdom 6000 jaar gegee om sy eie weg te gaan. Hy is toegelaat om sy eie gemeenskappe te bou, sy eie wette te maak, selfs sy eie regerings. Elke skool stelsel, regeringsagentskap, en - hartseer om te sê - selfs kerke, is die uitvindsel van die mens. Adam en Eva moes 'n keuse maak. Volg en gehoorsaam al ons Skepper se wette, burgerlik en natuurlik, of kies jou eie weg en volg die sisteem van die duiwel. Hulle keuse was die weg van die Satan en die wêreld en die hele mensdom het die prys daarvoor betaal. Die Satan is die prins van die wêreld en elke wêreldse regering is in sy beheer.

Luk 4:5 Toe bring die duiwel Hom op 'n hoë berg en wys Hom al die koninkryke van die wêreld in 'n oomblik se tyd.

Luk 4:6 En die duiwel sê vir Hom: Ek sal U al hierdie mag gee en hulle heerlikheid, want dit is aan my oorgegee, en ek gee dit aan wie ek wil.

Luk 4:7 As U my dan aanbid, sal alles aan U behoort.

Let mooi op dat Yahshua nooit die Satan se gesag oor die koninkryke van die wêreld bevraagteken het nie. Jy moet dit jou ten doel stel om dié punt baie duidelik in jou verstand te kry, want dit is noodsaaklik vir die insig in die plan van Yahweh deur die 12 stamme van Israel. Die wêreld wat ons as normaal beskou, is die sisteem van die Satan, die duiwel self. Mense sal partykeer vra: “As daar 'n Elohiem in die hemel is, hoekom is daar soveel smart en lyding op aarde?” Dit is omdat die mensdom die weg van die satan gekies het in plaas van die weg van Yahweh. Die hele doel was om 'n verbond met Abraham te maak, want Abraham het nie die weg van Adam gegaan nie, maar die weg van Yahweh.

Gen 26:4 En Ek sal jou nageslag vermeerder soos die sterre van die hemel en aan jou nageslag al hierdie lande gee, en in jou nageslag sal al die nasies van die aarde geseën word;

Gen 26:5 omdat Abraham na my stem geluister en my ordening, my geboorte, my insettinge en my wette onderhou het.

Abraham was gehoorsaam aan die Torah van Yahweh en daarom het Yahweh hom geseën met die belofte van 'n verbondsverhouding. Wanneer jy in 'n verbondsverhouding is, sluit dit nie net vir jou in nie, maar jou nageslag tot in ewigheid. Abraham het die keuse gehad, net soos Adam en Eva, om die weg van die satan en die wêreld te volg of om die ewige wette van Yahweh ons Skepper te gehoorsaam en Hom te volg. Sy keuse was om Yahweh te volg en sy nageslag is belowe om geseënd te wees tot in ewigheid.

Dit is hartseer om te sê, maar so baie wat hulle self Christene noem volg dieselfde weg as Adam en glo dat Yahweh se wette mee weggedoen is. Dink tog net vir een oomblik! Oorweeg al die euwel wat in die wêreld is, meer as wat daar nog ooit op die planeet was. Dan dink: “Is die euwel daar omdat die mens Yahweh se ewige Torah gehoorsaam of is dit omdat hulle ongehoorsaam is?” Dink na oor die dorp waarin jy vandag bly. Dink hoe sal die dorp wees as elkeen in die dorp slegs EEN van die Tien Geboorte gehoorsaam, soos:

jy mag nie steel nie! Daar sal geen ontvoerings wees nie, geen diefstal in huise, pryse sal baie goedkoper wees omdat daar geen diefstal van handelsware sal wees nie en daar sal geen slotte aan deure wees nie. Sê nou vir my: klink dit soos slawerny of vryheid? Die satan het meeste van die Christene vandag bedrieg deur hulle te laat glo dat ons Hemelse Vader se Torah gevangenskap bring in plaas van vryheid. Wanneer Yahshua die Messias terugkeer, sal Hy Yahweh se Torah bevestig oor die hele wêreld, en Hy sal begin in Jerusalem.

Mig 4:1 En aan die einde van die dae sal die berg van die huis van Yahweh vasstaan op die top van die berge en verhewe wees bo die heuwels, en die volke sal daarheen toestroom.

Mig 4:2 En baie nasies sal heengaan en sê: Kom, laat ons optrek na die berg van Yahweh en sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van Yahweh uit Jerusalem.

Wat 'n wonderlike tyd sal dit nie wees nie. Die Skrif vertel ons dat daar nie meer oorloë of hongersnood sal wees nie en dat die hele wêreld vrede sal hê want die hele wêreld sal Yahweh se Torah gehoorsaam. Dit is wat ons Hemelse Vader die laaste 6000 jaar gedoen het: Hy het gewerk om die mensdom terug te bring in 'n verhouding met Hom. Eerstens moes die sondes van die mense voor betaal word, dit was gedoen deur die bloed van Sy Seun. Tweedens moes die mense sien dat gehoorsaamheid aan ons Hemelse Vader net seën bring en vervloeking oor ongehoorsaamheid. Dit is waar Abraham en die Volk van Israel in die prentjie kom: oor Abraham se totale gehoorsaamheid aan Yahweh, het Hy die ewige verbond deur sy nageslag gemaak. Vanweë die terme van die bloedverbond is elke familielid van die verbondsparty outomaties ook 'n vennoot, as hul dit verkies en as hul mondig is (20 jarige ouderdom). Dit is hoekom die Messias deur die geslag van Abraham moes kom. Torah vertel ons dat:

*Eks 21:23 Maar is daar 'n letsel, dan moet jy gee lewe vir lewe,
Eks 21:24 oog vir oog, tand vir tand, hand vir hand, voet vir voet,*

As die Messias net 'n man was, sou Sy lewe alleenlik een ander lewe werd gewees het. Net as die enigste Seun van die Skepper, asook die medeskepper van die heelal, kan Sy lewe meer werd wees as alle menslike lewens tesame.

Yahweh het Abraham geseën deur die verbond wat Hy met sy familie gemaak het en as gevolg daarvan het die Messias deur sy nageslag gekom. Onthou, Yahweh het alleenlik in die heiligste verbond gegaan met die nageslag van Abraham. Met geen ander nasie of familie op aarde het Hy so 'n verbond gesluit nie. 'n Rede was om Israel van enige ander familie of nasie op aarde af te sonder en om hulle as voorbeeld voor te hou vir wat gebeur wanneer iemand Yahweh se Wette gehoorsaam. As Israel gehoorsaam sou wees, sou hulle geseën word met ontsettende reënval en voedsel in oorvloed.

Deut 28:1 As jy dan goed luister na die stem van Yahweh jou Elohiem om sorgvuldig te hou al Sy gebooie wat ek jou vandag beveel, dan sal Yahweh jou Elohiem jou die hoogste stel bo al die nasies van die aarde.

Deut 28:2 En al hierdie seënninge sal oor jou kom en jou inhaal as jy luister na die stem van Yahweh jou Elohiem.

Deut 28:3 Geseënd sal jy wees in die stad, en geseënd sal jy wees in die veld.

Deut 28:4 Geseënd sal wees die vrug van jou liggaam en die vrugte van jou land en die vrug van jou vee, die aanteel van jou beeste en die aanteel van jou kleinvee.

Deut 28:5 Geseënd sal wees jou mandjie en jou bakskottel.

Deut 28:6 Geseënd sal jy wees by jou ingang, en geseënd sal jy wees by jou uitgang.

Deut 28:7 Yahweh sal maak dat jou vyande wat teen jou opstaan, voor jou verslaan word; op een pad sal hulle teen jou uittrek en op sewe paaie voor jou uit vlug.

Deut 28:8 Yahweh sal die seën oor jou gebied in jou skure en in alles waar jy jou hand aan slaan; en Hy sal jou seën in die land wat Yahweh jou Elohiem jou sal gee.

Deut 28:9 Yahweh sal jou vir Hom as heilige volk bevestig soos Hy jou dit gesweer het, as jy die gebooie van Yahweh jou Elohiem hou en in Sy weë wandel.

Deut 28:10 En al die volke van die aarde sal sien dat die Naam van Yahweh oor jou uitgeroep is, en hulle sal vir jou vrees.

Dit was 'n baie eenvoudige plan. Wanneer al die ander nasies die gehoorsaamheid van die Israeliete sou sien en die seëninge wat die gehoorsaamheid volg, dan sou hulle ook die Torah van Yahweh wou volg om dieselfde seëninge te ontvang. Dié seëninge het baie verder gegaan as net die geboortereg en septerbeloftes waarvan ons gepraat het. Dit het so ver gegaan as nasionale seëninge van welvaart en seëninge in al hulle lande, en seëninge teen siektes en hongersnood. Al hierdie seëninge sou na Israel gaan as hulle net die Torah gehoorsaam sou wees. Maar as Israel ongehoorsaam sou wees sou dit ook nagevolge meebring.

Dit sou die hele plan omver gegooi het om Israel af te sonder vir nasionale welvaart omdat hulle gehoorsaam was as daar geen gevolge sou wees vir ongehoorsaamheid teenoor Yahweh se Torah (wet) nie. Daar sou geen aansporing gewees het om Yahweh te gehoorsaam nie as die ander nasies gesien het dat hulle dieselfde voordele kon kry vir ongehoorsaamheid. Israel het nie net gefaal om Yahweh se Torah te gehoorsaam nie, maar hulle het self 'n stap verder gegaan! Hulle was nie net ongehoorsaam aan Sy Torah en die breek van die Sabbat nie, (die enigste teken wat vertel WIE die Elohiem van Israel is) maar hulle het ook vals gode van hout en steen begin aanbid!

Eseg 20:5 en sê aan hulle: So spreek Almagtige Yahweh: Die dag toe Ek Israel uitverkies het, het Ek my hand opgehef vir die geslag van die huis van Jakob en My aan hulle bekend gemaak in Egipteland; ja, Ek het my hand vir hulle opgehef en gesê: Ek is Yahweh julle Elohiem.

Eseg 20:6 Op dié dag het Ek my hand vir hulle opgehef, om hulle uit Egipteland uit te lei na 'n land wat Ek vir hulle uitgesoek het, wat oorloop van melk en heuning—'n sieraad is dit van al die lande.

Eseg 20:7 En Ek het aan hulle gesê: Gooi weg, elkeen die verfoeisels van sy oë, en verontreinig julle nie met die drekgode van Egipte nie: Ek is Yahweh julle Elohiem.

Eseg 20:8 Maar hulle was wederstrewig teen My en wou na My nie luister nie; niemand het die verfoeisels van sy oë weggegooi of die drekgode van Egipte laat staan nie. Toe het Ek gesê dat Ek my grimmigheid oor hulle sal uitgiet, om my toorn teen hulle te laat uitwoed in Egipteland.

Eseg 20:19 Ek is Yahweh julle Elohiem; wandel in my insettinge en onderhou my verordeninge en doen dit.

Eseg 20:20 En heilig my sabbatte; en hulle sal 'n teken wees tussen My en julle, dat julle kan weet dat Ek Yahweh julle Elohiem is.

Eseg 20:21 Maar die kinders was wederstrewig teen My: hulle het nie gewandel in my insettinge en my verordeninge nie onderhou om dit te doen nie—wat die mens moet doen,

*dat hy daardeur kan lewe; hulle het my sabbatte onheilig. Toe het Ek gesê dat Ek my grimmigheid oor hulle sal uitgiet, om my toorn te laat uitwoed teen hulle in die woestyn.
Eseg 20:22 Maar Ek het my hand teruggetrek en gehandel ter wille van my Naam, dat dit nie onheilig sou word voor die oë van die nasies voor wie se oë Ek hulle uitgelei het nie.
Eseg 20:23 Tog het Ek my hand vir hulle opgehef in die woestyn, dat Ek hulle sal versprei onder die nasies en hulle sal verstrooi in die lande;
Eseg 20:24 omdat hulle my verordeninge nie gehou het nie, maar my insettinge verwerp het en my sabbatte onheilig het en hulle oë agter die drekgode van hulle vaders aan was.*

Jer 11:2 Hoor julle die woorde van hierdie verbond, en spreek met die manne van Juda en met die inwoners van Jerusalem

Jer 11:3 en sê vir hulle: So spreek Yahweh, die Elohiem van Israel: Vervloek is die man wat nie luister na die woorde van hierdie verbond

Jer 11:4 wat Ek julle vaders beveel het op die dag toe Ek hulle uit Egipteland, uit die yster-smeltoond, uitgelei het met die woorde: Luister na my stem en doen die woorde net soos Ek julle beveel; dan sal julle vir My 'n volk wees, en Ek sal vir julle 'n Elohiem wees—

Jer 11:5 om te bevestig die eed wat Ek vir julle vaders gesweer het om aan hulle te gee 'n land wat oorloop van melk en heuning soos dit vandag is. Toe het ek geantwoord en gesê: Amen, o Yahweh!

Jer 11:6 En Yahweh het vir my gesê: Roep al hierdie woorde uit in die stede van Juda en op die strate van Jerusalem: Hoor die woorde van hierdie verbond en doen dit.

Jer 11:7 Want Ek het julle vaders nadruklik gewaarsku op die dag toe Ek hulle uit Egipteland laat optrek het tot vandag toe, vroeg en laat, en gesê: Luister na my stem!

Jer 11:8 Nogtans het hulle nie geluister en geen gehoor gegee nie, maar hulle het gewandel elkeen in die verharding van sy bose hart. Daarom het Ek oor hulle gebring al die woorde van hierdie verbond wat Ek beveel het om te doen, maar wat hulle nie gedoen het nie.

Jer 11:9 Verder het Yahweh vir my gesê: Daar is 'n sameswering ontdek onder die manne van Juda en onder die inwoners van Jerusalem:

Jer 11:10 hulle het teruggekeer na die ongeregthede van hulle voorvaders wat geweier het om na my woorde te luister, en agter ander gode aan geloof om dié te dien. Die huis van Israel en die huis van Juda het my verbond verbreek wat Ek met hulle vaders gesluit het.

Jer 11:11 Daarom, so sê Yahweh: Kyk, Ek bring 'n onheil oor hulle, waaruit hulle nie sal kan uitkom nie; dan sal hulle na My roep, maar Ek sal na hulle nie luister nie.

Ons kan sien dat Israel nie die plan van Yahweh gevolg het nie, en deur ongelowigheid (geestelike owerspel) het hulle Sy verbond gebreek. Soos ons geleer het, is dit 'n gevaarlike ding om die bloedverbond te breek en dat daar gevaarlike gevolge aan verbonde is soos Levitikus sê:

Lev 26:14 Maar as julle nie na My luister en al hierdie gebooe nie doen nie;

Lev 26:15 en as julle my insettinge verwerp, en as julle siel van my verordeninge 'n afsku het, sodat julle nie al my gebooe doen nie en my verbond verbreek

Lev 26:16 dan sal Ek dit ook aan julle doen: Ek sal verskrikking oor julle beskik: die toring en die koors wat die oë verteer en die lewe laat versmag; julle sal ook tevergeefs julle saad saai, want julle vyande sal dit opeet.

Lev 26:17 En Ek sal my aangesig teen julle rig, sodat julle voor jul vyande verslaan word; en julle haters sal oor julle heers, en julle sal vlug terwyl niemand julle agtervolg nie.

Lev 26:18 En as julle dan nog nie na My luister nie, sal Ek voortgaan om julle sewevoudig weens julle sondes te tugtig.

Lev 26:19 En Ek sal julle trotse mag verbreek, en sal julle hemel maak soos yster en julle aarde soos koper.

Lev 26:20 En julle krag sal tevergeefs verbruik word, want julle land sal sy opbrings nie gee nie, en die bome van die land sal hulle vrugte nie gee nie.

Lev 26:27 As julle ook hierom nie na My luister nie, maar julle teen My versit,

Lev 26:28 sal Ek My in grimmigheid teen julle versit, en Ek sal julle ook sewevoudig tugtig weens julle sondes.

Lev 26:29 En julle sal die vlees van julle seuns eet, en die vlees van julle dogters sal julle eet.

Lev 26:30 En Ek sal julle hoogtes verwoes en julle sonpilare verdelg en julle lyke op die lyke van julle drekgode gooi; en my siel sal 'n afsku van julle hê.

Lev 26:31 En Ek sal julle stede puinhope maak en julle heiligdomme verwoes en julle lieflike geur nie ruik nie.

Lev 26:32 Ja, Ek self sal die land verwoes, sodat julle vyande wat daarin gaan woon, daarvoor verstom sal staan.

Lev 26:33 En Ek sal julle onder die volke verstrooi en 'n swaard agter julle uittrek; en julle land sal 'n wildernis en julle stede puinhope word.

Daar was ernstige gevolge vir die breek van so 'n gewigtige verbond. Die laaste gevolg was die uitwerping van Israel uit die land.

Lev 18:28 Laat die land julle dan nie uitsuug as julle dit verontreinig nie, soos dit die nasie uitgespuug het wat daar voor julle was.

Lev 18:29 Want almal wat enigeen van hierdie gruwels doen die siele wat dit doen, moet uitgeroei word onder hulle volk uit.

Eseg 22:14 Sal jou hart standhou of jou hande sterk wees in die dae as Ek met jou handel? Ek, Yahweh, het dit gespreek en sal dit doen.

Eseg 22:15 En Ek sal jou verstrooi onder die nasies en jou versprei in die lande, en Ek sal jou onreinheid uit jou wegruim.

Eseg 22:26 Sy priesters verkrag my wet en onheilig my heilige dinge; tussen heilig en onheilig maak hulle geen onderskeid nie, en die verskil tussen onrein en rein gee hulle nie te kenne nie; daarby maak hulle hul oë toe vir my sabbatte; ja, Ek word onder hulle onheilig.

Eseg 22:30 En Ek het onder hulle 'n man gesoek wat 'n muur kan bou en voor my aangesig in die bres kan staan vir die land, sodat Ek dit nie sou verwoes nie; maar Ek het niemand gevind nie.

Eseg 22:31 Daarom het Ek my toorn oor hulle uitgegiet; deur die vuur van my grimmigheid het Ek hulle verteer; hulle wandel het Ek op hulle hoof laat neerkom, spreek Almagtige Yahweh.

Dus, oor die blatante breek van Yahweh se verbond het Israel die plaë van Levitikus 26 ondergaan en toe, ten einde laaste, was hulle uit die land gewerp in diaspora.

2 Kon 17:1 In die twaalfde jaar van Agas, die koning van Juda, het Hoséa, die seun van Ela, in Samaría oor Israel koning geword—nege jaar lank.

2 Kon 17:2 En hy het gedoen wat verkeerd was in die oë van YAHWEH, maar nie soos die konings van Israel wat voor hom was nie.

2 Kon 17:3 Teen hom het Salmanésér, die koning van Assirië, opgetrek, en Hoséa het sy dienaar geword en aan hom belasting betaal.

2 Kon 17:4 Maar die koning van Assirië het by Hoséa 'n sameswering ontdek, dat hy boodskappers gestuur het na So, die koning van Egipte, en nie aan die koning van Assirië belasting betaal het soos jaar vir jaar nie; daarom het die koning van Assirië hom opgesluit en hom in die gevangenis laat bind.

2 Kon 17:5 En die koning van Assirië het opgetrek deur die hele land en opgetrek na Samaría en dit drie jaar lank beleër.

2 Kon 17:6 In die negende jaar van Hoséa het die koning van Assirië Samaría ingeneem en Israel in ballingskap weggevoer na Assirië en hulle laat woon in Halag en aan die Habor, die rivier van Gosan, en in die stede van Medië.

2 Kon 17:7 Want die kinders van Israel het gesondig teen Yahweh hulle Elohiem wat hulle uit Egipteland onder die hand van Faraó uit, die koning van Egipte, laat optrek het; en hulle het ander gode gevrees

2 Kon 17:8 en gewandel volgens die insettinge van die nasies wat Yahweh voor die kinders van Israel uit verdryf het, en van die konings van Israel wat dit bewerk het.

2 Kon 17:9 En die kinders van Israel het heimlik volbring wat nie reg was teenoor Yahweh hulle Elohiem nie; en hulle het vir hul hoogtes gebou in al hulle stede, van wagtoring af tot versterkte stad.

2 Kon 17:10 En hulle het vir hul klippilare en heilige boomstamme opgerig op elke hoë heuwel en onder elke groen boom.

2 Kon 17:11 En hulle het daar offerrook laat opgaan, op al die hoogtes, soos die nasies wat Yahweh voor hulle uit weggevoer het, en verkeerde dinge gedoen om Yahweh te terg.

2 Kon 17:12 En hulle het die drekgode gedien waarvan Yahweh vir hulle gesê het: Julle mag dit nie doen nie.

2 Kon 17:13 En Yahweh het Israel en Juda gewaarsku deur die diens van elke profeet en elke siener en gesê: Bekeer julle van jul verkeerde weë en onderhou my gebooie, my insettinge, volgens die hele wet wat Ek julle vaders beveel het, en wat Ek deur die diens van my diensknegte, die profete, vir julle gestuur het.

2 Kon 17:14 Maar hulle het nie geluister nie en hul nek verhard soos die nek van hul vaders wat nie op Yahweh hulle Elohiem vertrou het nie.

2 Kon 17:15 En hulle het sy insettinge en sy verbond verwerp wat Hy met hulle vaders gesluit het, en sy getuienisse waarmee Hy hulle gewaarsku het, en agter nietige afgode aan geloop en self nietig geword, en agter die nasies aan wat rondom hulle was, van wie Yahweh hulle beveel het om nie soos hulle te maak nie.

2 Kon 17:16 En hulle het al die gebooie van Yahweh hulle Elohiem verlaat en vir hulle gegote beelde, twee kalwers, gemaak, ja, 'n heilige boomstam gemaak en gebuig voor die hele leër van die hemel en Baäl gedien.

2 Kon 17:17 En hulle het hul seuns en hul dogters deur die vuur laat deurgaen en met waarsêery omgegaan en voortekens verklaar en hulleself verkoop om te doen wat verkeerd was in die oë van Yahweh, om Hom te terg.

2 Kon 17:18 So het Yahweh dan baie toornig op Israel geword, sodat Hy hulle van sy aangesig verwyder het; niks het oorgebly nie as net die stam van Juda alleen.

2 Kon 17:19 Selfs Juda het die gebooie van Yahweh hulle Elohiem nie gehou nie, maar gewandel in die insettinge van Israel wat hulle gemaak het.

2 Kon 17:20 Daarom het Yahweh die hele geslag van Israel verwerp en hulle verneder en hulle in die hand van rowers oorgegee totdat Hy hulle van sy aangesig weggewerp het.

2 Kon 17:21 Want Hy het Israel van die huis van Dawid afgeskeur, en hulle het Jeróbeam, die seun van Nebat, koning gemaak; en Jeróbeam het Israel agter Yahweh weggetrek en hulle 'n groot sonde laat doen.

2 Kon 17:22 En die kinders van Israel het gewandel in al die sondes van Jeróbeam wat hy gedoen het, hulle het daar nie van afgewyk nie;

2 Kon 17:23 totdat Yahweh Israel van sy aangesig verwyder het soos Hy gespreek het deur al sy diensknegte, die profete; en Israel is in ballingskap uit sy land weggevoer na Assirië, tot vandag toe.

2 Kon 17:24 En die koning van Assirië het uit Babel en uit Kuta en uit Awa en uit Hamat en Sefarvâim mense ingevoer en laat woon in die stede van Samaría, in die plek van die kinders van Israel: hulle het Samaría in besit geneem en in sy stede gaan woon.

Dit is 'n ontsettende les om te leer vir almal wat hulself Christen noem, wat verkeerdelik glo dat ongehoorsaamheid aan ons Vader se Torah seëninge sal bring. Die Skrif is baie duidelik dat Yahweh NIE verander nie en nog minder Sy Torah! Al hierdie voorbeelde is tot ons voordeel sodat ons nie die foute wat ons voorvaders gemaak het sal maak nie.

Die inval deur Assirië het in 723-720 VM (Voor Messias) gebeur, deur koning Shalmaneser en sy generaal Sargon. Dit is interessant om op te let dat nadat die 10 noordelike stamme, onder die aanvoering van die hoofstam Efraim, in gevangenisstap geneem is, het die Suidelike Koninkryk van Juda oorgebly. Juda was nie in gevangenisstap geneem tot en met die jare 605-572 VM nie. Dus vir 120+ jare, het net die koninkryk van Juda in die land van Israel oorgebly. Ons sien verder dat in die land van Efraim, genoem Samaria, Koning Shalmaneser nuwe Assiriërs gebring het wat later die Samaritane genoem word. Alhoewel hierdie mense party Israelse gebruike aanvaar het, was hulle NIE Israeliete nie!! Verder, toe Juda na 70 jaar van gevangenisstap in Babilon in 530 VM teruggekeer het, was dit net Juda, of die Jode, wat teruggekeer na die land. Efraim, of die Noordelike stamme van Israel, het NIE teruggekeer na Israel nie. Slegs die Jode was in gevangenisstap in Babilon, en net die Jode of Juda kon uit die gevangenisstap kom. Van daardie tyd het die meeste verkeerdelik geglo dat Efraim verdwyn het, en dit is waarom amper 2000 jaar later die wêreld verkeerdelik aanvaar dat Israel uit een stam bestaan – JUDA! Kom ons rol die kronieke van geskiedenis terug en kyk waar die Noordelike stamme van Israel (genoem Efraim in die Skrif) die huis van Josef, gegaan het.

HOOFSTUK 4

WAAR IS EFRAIM?

Die Noordelike Koninkryk van Israel was nie 'n klein koninkryk nie. Juda en Benjamin beheer die land rondom Jerusalem en ook na die suide van Bethlehem en verder, die Noordelike tien stamme beheer basies die res van die land van Israel. So ontsaglik was hulle getalle dat drie van die stamme, Ruben, Gad en die helfte van die stam van Manasse selfs land aan die oorkant van die Jordaan Rivier gevat het (wat vandag die moderne Jordanië is). Hulle getalle sou letterlik in die miljoene gewees het. Kyk na die grote van die leer in die dae van Koning Jerobeam.

2 Kro 13:3 En Abía het die oorlog begin met 'n leer van dapper krygsmanne, vier honderd duisend jong manskappe; en Jeróbeam het hom in slagorde teen hom opgestel met agt honderd duisend jong manskappe, dapper helde.

Hier sien ons dat die Noordelike Koninkryk van Israel se leërmag vir net een geveg 800,000 man gehad het. Dit is ook interessant om te sien dat dit eintlik Koning Abia en die Huis van Juda was waarteen die Huis van Israel geveg het in dié oorlog. Die Noordelike Huis van Israel, bestaande uit 10 stamme, was 'n ontsaglike groot koninkryk tot en met sy gevangeskap. Met dit in gedagte, kom ons kyk na die beleg deur Shalmaneser, die Assiriese koning, van die Noordelike stamme van Efraim en sy broers.

2 Kon 17:1 In die twaalfde jaar van Agas, die koning van Juda, het Hoséa, die seun van Ela, in Samaría oor Israel koning geword—nege jaar lank. (begin in 732 VM).

2 Kon 17:2 En hy het gedoen wat verkeerd was in die oë van Yahweh, maar nie soos die konings van Israel wat voor hom was nie.

2 Kon 17:3 Teen hom het Salmanésér, die koning van Assirië, opgetrek, en Hoséa het sy dienaar geword en aan hom belasting betaal.

2 Kon 17:4 Maar die koning van Assirië het by Hoséa 'n sameswering ontdek, dat hy boodskappers gestuur het na So, die koning van Egipte, en nie aan die koning van Assirië belasting betaal het soos jaar vir jaar nie; daarom het die koning van Assirië hom opgesluit en hom in die gevangenis laat bind.

2 Kon 17:5 En die koning van Assirië het opgetrek deur die hele land en opgetrek na Samaría en dit drie jaar lank beleër. (Tussen 725-723-722 VM)

2 Kon 17:6 In die negende jaar van Hoséa het die koning van Assirië Samaría ingeneem en Israel in ballingskap weggevoer na Assirië en hulle laat woon in Halag en aan die Habor, die rivier van Gosan, en in die stede van Medië.

As jy naslaan oor die plekke waarheen Israel gevange geneem is, sal jy vind dat dit die basiese areas van die Assiriese ryk en die omliggende areas was. Op 'n moderne kaart sal dit ooreenkom met die huidige lande van Iran, Irak en 'n deel van Sirië en Turkye. Daar is ietwat van 'n geheim met dié gevangeskap. Die generaal wat Samaria en Israel gevange geneem het was Sargon II. Geskiedenis vertel ons dat hy 'n baie belangrike en magtige Assiriese generaal was. In die koninklike argiewe van die Assiriese geskiedenis, onder die annale van Sargon II, skryf hy dat hy 27290 mense in die oorlog teen Israel gevange geneem het. Dit is 'n baie lae getal gevangenes vir so 'n ontsaglike klomp Israëliete soos wat hulle was. Dit is amper ondenkbaar dat dit die enigste gevangenes was, as daar in aanmerking geneem word dat Yahweh gesê het hulle straf sal wees om in 'n vreemde land te woon en nie op die slagveld te sterf nie.

2 Kon 17:23 totdat Yahweh Israel van sy aangesig verwyder het soos Hy gespreek het deur al sy diensknegte, die profete; en Israel is in ballingskap uit sy land weggevoer na Assirië, tot vandag toe.

Selfs as ons al die gevangenes tel wat deur Koning Tiglathpileser, die vorige koning van Assirië, geneem is toe hy die Noordelike stamme aangeval het, om en by 734 VM, sal dit nog 'n baie klein getal wees wat gevange geneem is. Van geskiedkundige rekords, blyk dit dat Tiglathpileser meer gekonsentreer het om die land rondom Galilea te buit en ook die twee en 'n halwe stamme oorkant die Jordaan rivier.

1 Kron 5:26 Daarom het die Elohiem van Israel die gees van Pul, die koning van Assirië, naamlik die gees van Tiglathpileser, die koning van Assirië, aangewakker, wat hulle, die Rubeniëte en die Gadiëte en die halwe stam van Manasse, in ballingskap weggevoer en hulle gebring het na Halag en Habor en Hara en die rivier van Gosan tot vandag toe.

Nie die Bybelse of geskiedkundige verslae vertel ons van enige massa slagtings van Israeliete gedurende die gevangenisskap nie, en tog is die geringe hoeveelheid gevangenes wat na Assirië geneem is net nie genoeg om te verklaar wat met die geweldige hoeveelheid Israeliete wat in die Noordelike Koninkryk gewoon het, gebeur het nie. Waarheen het die meerderheid van die Efraimiete gegaan?

Eerstens, etlike honderdduisende Israeliete van Efraim emigreer na die suide, na die koninkryk van Juda, gedurende die heerskappy van Koning Josafat, omtrent 'n honderd jaar vroeër. Koning Josafat het as koning van Juda geheers in die tyd toe die bese koning Agab oor die Israeliete geheers het. Agab het sulke goddelose dinge in Israel gedoen dat baie rein van hart Israeliete na die suide getrek het om onder die heerskappy van 'n meer regverdige heerser, Josafat, te wees. Juda was ook baie meer welgestel onder Josafat as die noorde onder die heerskappy van Agab. Tog sien ons dat daar nog meer as twee miljoen Israeliete van die Koninkryk van Efraim op soek is. Waar het hulle heen gegaan?

As jy kyk na die omstandighede wat die gevangenskap van Israel omvou, is dit nie moeilik om uit te werk dat hulle uit die land van Israel gevlug het lank voor die laaste inval in 723-719VM. Israel was vervolgd en hewig aangeval deur die Konings van Assirië vir om en by 8-10 jaar. Dit alleen sou baie goeie rede gewees het om uit die land te vlug voor die finale verwoestende geveg in hulle tuisland. Maar onthou nou, al die profete van Israel gedurende daardie tyd het hulle gewaarsku dat oor hulle sonde, Yahweh hulle van die land sou verwyder.

Hos 4:1 Hoor die woord van Yahweh, o kinders van Israel! Want Yahweh het 'n regspraak met die inwoners van die land, omdat daar geen trou en geen liefde en geen kennis van Elohiem in die land is nie.

Hos 4:2 Hulle sweer en lieg en moor en steel en pleeg owerspel; hulle breek in, sodat bloedbad aan bloedbad raak.

Hos 4:3 Daarom treur die land, en alles wat daarop woon, kwyn weg: die wilde diere van die veld en die voëls van die hemel, ja, ook die visse van die see kom om.

Israel het geweet dat straf en gevangenskap aan die kom was en dit is net logies dat baie uit die land sou vlug om 'n nuwe begin in 'n nuwe land te probeer maak. Jy mag vra waarom die res van die Noordelike stamme van Israel nie ook na Juda sou vlug soos hulle broers een honderd jaar tevore nie? Die antwoord is eenvoudig. Juda, wat geografies reg onder die Koninkryk van Efraim was na die suide, was ook 'n primêre teken vir die Koning van Assirië, net soos Hiskia, die Koning van Juda, so twintig jaar later sou uitvind na die gevangenskap van Noordelike Israel. Juda sou nie veilig gewees het nie en sou nie 'n opsie vir die voortvlugtende Efraimiete gewees het nie. Kom ons hoor wat Steven Collins in sy boek "The Lost Ten Tribes of Israel....Found" te sê het oor die Noordelike stamme van Israel en waarheen hulle gevlug het voor die Assiriese inval.

"Diegene wat verkies het om die verdoemde koninkryk van Israel te verlaat het menigte potensiële bestemmings as opsies vir nuwe tuislande gehad. Ons het reeds gesien dat die "Feniciëse" alliansie van Israel, Tirus en Sidon groot aantal kolonies in Noord-Afrika, Spanje, ander Mediterreense gebiede, die Britse Eilande en selfs so ver as Noord-Amerika gevestig het. Enige van hierdie plekke kon as nuwe tuislande gedien het. In die negende eeu VM het so baie Israeliete vrywillig Israel verlaat gedurende die droogte van Elia om in hierdie kolonies te hervestig dat dit nodig was om 'n heeltemal nuwe kolonie te vestig (Karthago in Noord-Afrika) om al die vlugtelingen te huisves.

Baie mense het waarskynlik familieledede in hierdie meestal Israelitiese kolonies gehad, en kon opnuut begin met baie min "kultuur skok" want die taal, gewoontes en geloof van die kolonies was in wese dieselfde as dié van Israel. Die feit dat Karthage magtig geword het deur die eeue wat die val van Noord-Israel gevolg het dui ook aan dat dit 'n groot invloed van mense ervaar het toe Israel geval het." (eie vertaling).

Ons sien dus dat Efraim in baie verskillende lande verspreid was. Vanaf Afrika tot die Middellandse See en Europa en verder na die weste, en soos ons ook sal sien, na die ooste na Assirië en dan na Parthia en selfs tot verby Indië. Steve Collins noem ook dat Karthage 'n betreklike nuwe kolonie van Israeliete was wat omtrent een geslag vroeër daar begin het, oor die droogte wat Elija op die Noordelike Koninkryk neer geroep het gedurende Agab se heerskappy. Dit blyk dat baie Israeliete na die nuwe gekoloniseerde Karthage gevlug het lank voor die Assiriese beleg plaas gevind het, en toe die Assiriërs die Noordelike stamme van Israel begin dreig het, het baie van die Israeliete alreeds familie in Karthage gehad wat vir hulle gewag het.

Vir 'n tydperk was Karthage 'n baie welvarende ryk, maar soos alle nasies het dit begin misluk. So het die meeste van die mense na Ierland en Groot Brittanje in die noorde of ander Afrika nasies in die suide, insluitende Suid Afrika, geïmmigreer het. Hulle was 'n groot seevarende nasie, net soos die Israeliete. Karthage was geleë aan die Noordelike kus van Afrika. Die oorspronklike naam was eintlik: KIRJATH-HADESCHATH wat as "Nuwe Stad" vertaal word. Kirjath is 'n Hebreeuse woord vir stad en kom baie keer in die Skrif voor vir die verskillende Israelitiese stede soos: Kirjath-arba of Kirjath-jearim. Alhoewel die stad Kirjath deur die Israeliete genoem was, het die Grieke dit Karchedon genoem en die Romeine Karthago. Dit is ook interessant om kennis te neem dat die Karthage Ryk, in plaas van 'n koning soos ander nasies, magistrante gehad wat hulle "Shophetim" genoem het - die Hebreeuse woord vir "rigters". Dit is verstaanbaar as jy besef dat Karthage begin het as 'n "kroon kolonie" van Israel, daarom was hulle ware koning vir die eerste eeu van sy bestaan die heersende koning van Israel.

Kom ons kyk spesifiek na van die genoemde stamme van Israel en waar hulle heen gegaan het. Daar is baie bewyse dat 'n deel van die stam van Dan na Ierland en Skotland geïmmigreer het en selfs so ver as Denemarke. Dan se afstammeling was baie beroemd daarvoor om dinge na hulle voorvader, Dan, te vernoem.

Rig 18:29 en noem die stad Dan, na die naam van hulle vader Dan wat vir Israel gebore is; maar tevore was die naam van die stad Lais.

Jos 19:47 Maar die kinders van Dan het hulle grondgebied kwytgeraak; daarom het die kinders van Dan opgetrek en teen Lesem geveg en dit ingeneem en verslaan met die skerpte van die swaard en dit in besit geneem en daarin gewoon; en hulle het Lesem Dan genoem na die naam van hulle vader Dan.

In Rigters 5:17 sien ons ook dat die stam van Dan 'n seevaarder stam was en dat hulle in bote gebly het. Ons kan tot vandag toe duidelike oorblyfsels van die Stam van Dan se naam in die plekke sien. J.H. Allen, in sy boek : "Judah's septer and Josef's Birthright", vertel vir ons van 'n groep setlaars wat Ierland toe geïmmigreer het en hulle was "Tuatha De Danaans" genoem, wat baie eenvoudig die "stam van Dan" beteken.

Toevallig het die migrasie om en by 721VM plaasgevind, dieselfde tyd toe die Noordelike Stamme in ballingskap gegaan het. In Ierland het hulle dié padtekens gelos: Dans-Laugh; Dan-Sower; Dun-dulk; Dun-drum; Dun-gloe and Dunsmor, wat beteken “Dan se meer”. In Hebreeus word klinkers nie geskryf nie, net die konsonante, dus word Dan in Hebreeus slegs as DN weergegee. Verder beteken die naam Dunn in Iers dieselfde as Dan in Hebreeus – regter.

Dan het ook deur Brittanje na Denemarke toe geïmmigreer. Die naam Denemarke is letterlik Dan-se-merk, want hy het sy merk of naam daar geplaas. Die Donau Rivier is na Dan vernoem en die Deense mense is afstammeling van die stam van Dan. Rig 18:29 noem die stad Dan, na die naam van hulle vader. Dan het ook afstammeling wat oos van Parthia geïmmigreer het. Onthou dat 'n deel van die stam van Dan aan die noordelike grens, naby Sirië gewoon het en die ander in die suide, onder die stam van Efraim. Die Noordelike Daniëte was die wat oos van Sirië en verder gegaan het.

In die boek “The United States and Britain in Prophecy” sê dit: Die Noordelike kolonie van die stam Dan was in gevangenskap na Assirië geneem en nadat hulle Assirië verlaat het na die ballingskap, het hulle vir 'n tydperk die land wes van die Swart See (Parthian Empire) bewoon. Daar kry ons die riviere Dnieper, Dniester en Don. In Skotland is die Dans, Dons en Duns en daar is ook ander in Ierland.

Kom ons kyk wat J.H. Allen skryf oor die Stam van Simeon. “'n Groot deel van die stam van Simeon het ook gekies om see- langs van die Assiriërs te ontsnap. Gelyktydig met die aankoms van die Tuatha Danaan in Ierland, het die Simeoniete in Wallis en die Suide van Engeland geland, om en by 720 VM. Dié datum is ook net na die val van Semaria en dit is baie moontlik dat die gelyktydige aankoms van Danaan en die Simeoniete aandui dat die stamme van Dan en Simeon saam vir die Britse Eiland geseil het”.

“Brit” in Hebreeus beteken “verbond” en “ish” beteken “man”, so die woord “British” beteken letterlik “man van die verbond”. Die mense van Wallis noem hulself in ou Wallies, Bryth y Brithan, wat “Verbonds mense van die land van die Verbond beteken”. Die feit dat die Brythonic Kelts wat na die Britse Eilande geïmmigreer het die Hebreeuse B-R-T oorsprong van verbond dra, bewys hulle Israelitiese oorsprong.

Ons sien dus dat van die verlore stamme na Ierland, Brittanje en Denemarke geïmmigreer het terwyl ander weer na Karthage in noord Afrika en Afrika in die suide gegaan het. Maar wat van die res van die verlore stamme van Israel? Geskiedenis vertel ons dat die groot meerderheid van hulle Israel verlaat en noord gereis het tot by die Swart en Kaspiese See wat bekend was as die Parthian Koninkryk.

“Daar is historiese bewyse dat die hoofmag van die Israeliete wat van die koninkryk van Israel gevlug het 'n oorlandse roete geneem het na hulle nuwe tuisland. Hulle kon nie na die ooste toe nie vanweë die Assiriese gevaar; daar was nie genoeg bote om almal na die nuwe tuisland via seeroetes na die weste te neem nie en die Egiptiese magte was dominant in die suide. Dit het die noorde die enigste realistiese roete uit Palestina gemaak en dit is presies – volgens historiese bewyse – waarheen hulle gegaan het”.

Toe Israel Noord geïmmigreer het, het hulle na 'n area langs die Swart See gegaan wat Arsaret genoem was. Kom ons kyk ook na wat die apokriewe boek van 2 Esdras te sê het oor die eksodus van Israel na die area.

2 Esdras 13:40-45hierdie is die tien stamme wat in die dae van koning Hosea weg gevoer is van hulle eie land na ballingskap, deur koning Shalmaneser van Assirië gevange geneem en oorkant die rivier geneem is...Maar hulle het 'n plan tussen hulleself gesmee om die heidense bevolking te verlaat en verder te trek...sodat hulle daar miskien hulle wette kan onderhou wat hulle nie in hulle eie land gehou het nie. En hulle het deur die nou ingang by die Eufraat rivier ingegaan. Die wonderwerk wat die Allerhoogste toe gedoen het was, om die oorsprong van die rivier terug te hou totdat hulle deur gegaan het. Maar dit was 'n baie lang tog wat 'n jaar en 'n half geneem het tot hulle die land, wat Arzaret genoem was, bereik het.”

Ons kan sien van die geskiedkundige verslag dat die immigrasie na wat die “Parthian Ryk” geword het, nie toevallig was nie. Dit was 'n georganiseerde immigrasie na 'n nuwe land. Die Israeliete, soos ons gesien het, het hulle gewoontes saam gevat en wou na 'n area gaan waar hulle die wette van Yahweh kon onderhou wat hulle nie gedoen het in die land Israel nie. Die immigrasie het heel moontlik bestaan uit meer as 'n miljoen noordelike Israeliete van die sogenaamde “verlore stamme.”

Luister na wat Steve Collins te sê het oor die trek van Israel na die Swart See area:

“Die berig verder dokumenteer die ontsnapping van 'n groot hoeveelheid van die tien stamme van Israel toe hulle Palestina oorgegee het aan die Assiriërs. Aangesien die Israeliete in die migrasie 220000 gewapende soldate gehad het, kan ons konserwatief die hoeveelheid Israeliete skat op om en by een miljoen mense as ons die vroue, kinders en die oues van dae insluit. Gebaseer op Skriftelike en sekulêre rekords van wat met die ander stamme gebeur het, het dié groep Israeliete waarskynlik die halwe stam van Manasse ingesluit wat aan die weste kant van die Jordaan Rivier gewoon het, die meeste van die stamme van Efraim, Aser, Sebulon en Issaskar asook 'n klein deel van die stam van Dan wat in die noordelike deel van Palestina gewoon het.

Toe dié groot groep Israeliete in die Swart See area hervestig was, het hulle nuwe identiteite aangeneem, maar baie sleutel- faktore het hulle maklik geïdentifiseer as Hebreëus. Die area oos van die Swart See (en noord van Armenië) het bekend geword as Iberië, wat die teenwoordigheid van die Hebreërs bevestig met die ander tien stamme. Die Hebreërs het die ou Phoenisiese/Israeliet kolonie in Spanje, die naam Iberië gegee (vernoem na Eber, die naamgenoot van die Hebreërs), en dit was lank genoem die Iberiese Skiereiland. Die naam van die moderne Spaanse rivier, die Ebro, bewaar nog die naam van Eber en is 'n herinnering van die Hebreëuse (Phoenisiese) teenwoordigheid in die ou Iberiese Skiereiland.

Die verskyning van dieselfde Hebreëuse naam, Iberië, in die gebied noord van Armenië, bevestig dat die area deur Israeliete hervestig was wat vrywillig gevlug het van die Assiriese gevangenskap. Terwyl informasie oor die koninkryk van Iberië in die Asiëse Kaukasiese gebied baie min in moderne geskiedenis voorkom, word dit gewys op landkaarte van die Armeniër geskiedenis in die Ensiklopedie Americana. Die kaart verteenwoordig die dimensies van Iberië se groter na die aankoms van die Israeliete en in 'n tyd toe die meeste Israeliete uit die area na Suid Rusland geïmmigreer het.

Die kombinasie van die bostaande historiese verslag met die feit dat Hebreëuse plekname daarna eie geword het aan die Swart See area, gee ons positiewe identifikasie waar die ontsnapte Israeliete hervestig het circa 724-720 VM. Israel se nuwe tuisland was goed

gekies omdat dit in 'n bergagtige streek was wat die verdedigers grootliks bevoorreg het. Die migrasie van die Israeliete na so 'n verdedigbare area wys dat hulle doelgerig gevlug het na 'n area waar die Assiriërs hulle traag sou volg.

Ons sien dus dat dit 'n sorgvuldige beplande ballingskap deur die Noordelike stamme van die seuns van Israel was. Nog 'n interessante vers om na te kyk in die lig van die historiese informasie is Jeremia 3:12.

Jer 3:1 Gaan en roep hierdie woorde na die noorde toe uit en sê: Keer terug, o afkerige, Israel, spreek Yahweh. Ek sal julle nie donker aankyk nie, want Ek is goedertieren, spreek Yahweh; Ek sal die toorn nie vir ewig behou nie.

Wat so ontsettend interessant van die vers is, is die feit dat die boek van Jeremia direk voor Juda se ballingskap na Babilon, om en by die jaar 627 tot 585 VM 'n goeie honderd jaar na die Noordelike stamme na Assirië verban was, geskryf is. Maar let op dat Yahweh aan Jeremia vertel om te profeteer aan die stamme van Israel in die noorde! Assirië was reg oos van Israel, maar die land van Iberia, oos van die Swart See, is direk noord van die land van Israel. Dit is nog 'n dogmatiese bewys waar die sogenaamde verlore stamme daardie tyd was.

As ons eerlik met onself is, kan ons van die geskiedenis sien dat die Noordelike Huis van Israel die Huis van Josef of Efraim in die Skrif is, nooit verlore was volgens die historiese verslae. Dog weier die hoër opvoedkundige fakulteite in ons samelewing om na die verslae te kyk of om verslag te lewer oor wat die historiese feite duidelik wys.

Selfs Josefus Flavius, die beroemdste Joodse geskiedkundige, het presies geweet waar die Huis van Efraim was gedurende die eerste eeu NM (Na Messias). Hy skryf in “Antiquities of the Jews”:

“Daarom is daar slegs twee stamme in Asië en Europa wat onderdanig was aan die Romeine terwyl die tien stamme oorkant die Eufraat tot nou toe 'n onmeetbare menigte was en nie geskat word in getalle nie.”

Josefus het presies geweet waar die stamme was – dit was geen geheim in sy dae nie. Dit is nog 'n bewys dat die Huis van Efraim nié in die land van Israel gewoon het gedurende Yahshua se aardse bediening in die eerste eeu. Baie het valslik geglo dat die Noordelike stamme met die Suidelike stamme verenig het na die terugkeer van Juda van die Babiloniese ballingskap, maar dit is duidelik van Josefus se verklaring dat dit nie die geval was nie.

Die Noordelike stamme van Israel, genoem die Huis van Efraim, het na areas noord van Assirië en rondom die Swart See en die Kaspiese See geïmmigreer. Die Israeliete was die “Scythians” genoem. Die “Ensiklopedie Americana” vertel ons die volgende omtrent hierdie Israelse “Scythians”.

“Die Scythians is dié stamme wat die gebied bewoon het (die area noord van die Swart See) vanaf 700 VM en wat 'n eenvormige politiese entiteit gevorm het tot en met die 4de eeu VM, toe hulle versplinter het in verskeie groepe”.

Dit is baie interessant dat selfs die “Ensiklopedie Americana” wys dat die Scythians na die Swart See geïmmigreer het om en by 700 VM terselfdertyd toe die Israeliete van Samaria,

Israel verban was. Hulle weet vir seker dat dit die migrasie datum is, weens die feit dat die vroegste rekords van grafte vir daardie mense in daardie area aangeteken is. Nog 'n interessante feit is dat die Scythians Europese gelaatstrekke gehad het en nie Mongools nie. Die Mongoolse “Scythians” was 'n heeltemal verskillende ras van mense. “In 'n historiese verslag van die Mede word genoem dat die Assirië Koning Esarhaddon in 674 VM gekonfronteer was deur 'n verbond van “Mannaeen, Mede en die nuut gearriveerde Cimmerian krygermagte”. Die nuut gearriveerde “Cimmerians” was heel moontlik die Israeliese Samaritane wat plek toegeken was tussen die Mede 'n paar dekades vroeër. Let op die opvallende fonetiese ooreenkoms tussen “Samaritan” en “Cimmerian” (woordeboeke bevestig die “c” moet soos 'n “s” uitgespreek word). Dat hierdie “Cimmerians” die mees onlangse aankomelinge in Mede was, beaam die feit dat hulle gevange Israelies van die stad Samaria was. Die ontwortelde Samaritane van Israel sou anti-Assiries wees en sou logies aansluit by 'n anti-Assiriese verbond. Daardie Israeliete wat na die Swart See area geïmmigreer het, word later bekend as die “Scythians”.

Wie kan die duidelike verband tussen die woorde “Cimmerian” en “Samaritan” ontken? Dit is baie duidelike dat dit dieselfde groep mense is van die verlore Huis van Israel. Maar daar is selfs meer bewyse dat dié “Cimmerians” inderdaad die verlore skape van Israel was. Die area genoem Mannae, wat tussen Assirië en Urartu was, was een van die belangrike plekke waarheen die Huis van Efraim in ballingskap gestuur was. Toevallig was Mannae ook een van die eerste streke waarheen die “Cimmerians” geïmmigreer het, presies dieselfde tydperk as die Israelitiese ballingskap. Mannae was bestem om 'n belangrike Scythiese sentrum te word. Dit was ook 'n bekende feit in ou geskiedenis dat die Cimmerians en die Scythians in werklikheid dieselfde mense was. Anne Kristenson skryf in haar boek: “Who Were the Cimmerians, and Where Did They Come from?” “Die Scythian en die Cimmerians was twee groepe mense wat geneig het om in dieselfde geografiese streek te werk en wie se name alreeds verwissel was in Assiriese bronne”.

Yair Davidiy gaan selfs verder in sy evaluasie van die Cimmerians and Scythians in Rig18:29 en noem die stad Dan, na die naam van hulle vader in sy boek met die titel “Origin”: “Daar was drie hoofgroepe mense in die Cimmerian en Scythian magte; Cimmerians, Scythians en Guti of Goths. Beide die Cimmerians en die Scythians van die geskiedenis bevat verteenwoordigers van al drie groepe, maar in verskillende verhoudings. Later, in die ooste van die Scythian area (moderne Rusland, Sentraal Asië, Sibirië en selfs noordelike Sjina) geassosieer met Cimmerians, Scythians en Goths was daar religieuse praktyke van Israelitiese en heidense Kananitiese oorsprong. Aramees was algemeen gepraat, stamname was van die Israeliete soos alreeds in die Skrif aangeteken en kontemporêre verslae so wel as legendes het oor die Verlore Tien stamme van Israel gepraat. Hulle het selfs Aramees gepraat, dieselfde taal wat Yahshua gepraat het, asook Hebreeus. Dit is interessant om op te let dat die Kimmerians, wat Israeliete was, geskiedkundig aangeteken is dat hulle in die area van Mannae geleef het.

Dit is die presiese area waarna die profeet Amos, onder die inspirasie van Yahweh Homself, verwys het waarheen die Huis van Israel uitgewerp sou word.

Amos 4:1 Hoor hierdie woord, koeie van Basan, wat op die gebergte van Samaria is! Wat die armes verdruk, die behoeftiges hard behandel; wat aan hulle here sê: Bring aan en laat ons drink!

Amos 4:2 Die Almagtige Yahweh het gesweer by sy heiligheid: Kyk, daar sal dae oor julle kom dat hulle julle met hake sal optrek en die wat van julle oor is, met vishoeke.

Amos 4:3 En julle sal deur bresse in die muur uittrek, elkeen sonder om weg te kyk, en julle sal weggewerp word na Harmon, spreek die Almagtige Yahweh.

Dit is 'n baie interessante vers. Let op in vers 3 dat Yahweh sê omdat Israel gesondig het, hulle uitgewerp sou word na Har-mon. Dit is 'n Hebreeuse woord wat berg beteken en Mone word as Mannae uitgespreek.

So het Yahweh ons presies vertel waarheen die Israelitiese Samarians of Cimmerians (C word as S uitgespreek) verban sou word: na die berge van Mannae. Daar is 'n oeroue Midrash (Eichah Rabah) wat noem dat die ballinge van Samaria geneem was op die van "Harmoniah" (ie Mannae or Armenia).

Geskiedenis lieg nooit nie. As ons eerlik na die werklike geskiedkundige feite kyk, kan ons duidelik sien dat die oeroue Cimmerians, Scyths en Gote sonder twyfel verplaasde Israeliete was wat geïmmigreer het na die area tussen die Swart en Kaspiese See. Kom ons kyk na verdere bewyse rakende die punt.

"Cimmerians en Scyths was herhaaldelik verwar met mekaar deur buitelanders en geskiedkundiges. "SAKIA" is 'n naam wat later in Persiese inskripsies aan die Scyths gegee is. In Afghanistan was die benaming "SAK" van (Saka) later eers verstaan as 'n Hebreeuse vorm van Isak. Die skrywer, Van Loon identifiseer "n nasie in noord Armenia (by Meer Leninkan naby die grens van Iberia in Georgia) genaamd "ISQI-GULU" as Scythians. ISQI-GULU is dieselfde as "ISAACI-GOLU" wat "Die Verbandes van ISAAC" beteken. Variasies van die naam Isak was gebruik deur die Scythians, wat in verskillende aspekte identies was met of geïdentifiseer was as Cimmerians.

Onthou wat Yahweh vir Abraham vertel het "dat in Isak jou saad geroep sal word" (Gen 21:13). Die Sakia (Scythians) of Isak was ook bekend is as Saxe of as Saxon, en die Anglo-Sakse is hulle afstammeling. Die Guti word ook dikwels genoem saam met die Gimri en Sakia. Die naam GUTI is 'n alternatiewe naam vir die stam van Gad en Gad sou 'n baie belangrike rol speel met die Sakia. Later was die naam GUTI en variasies daarvan soos Gauth, Geti, Gothi, Gudo and Gad gebruik vir die Gote wat hulle dan uiteindelik in Swede vestig. "Gauth", wat een van die vorms van die naam Gad is, was 'n term wat vir die Gote gebruik was. "Die stad van Sakson aan die noordweste kus van die Kaspiese See was verwys na, deur tydgenote, as die "Stad van Sakse." Sakson was een van die hoofstede van die Khazars van die Scythians en dit word tradisioneel geglo dat hulle afstammeling van die Israelitiese stamme van Manasah en Simeon is.

Die feit dat die verbande Israeliete na die area van die Parthion Koningkryk geïmmigreer het, aan die kus van die Swart en die Kaspiese See, is nie die verbasendste onthulling van die soliede geskiedenis wat ons bespreek nie. Die verbasendste punt van alles is waarheen die Israeliete later heen geïmmigreer het. Soos ons die Israeliete se voetspore volg, sien ons dat van die areas van die Swart en die Kaspiese See het hulle na Afganistan, Rusland en die Oekraïne gegaan, selfs so ver as Indië en Sjina in die ooste. In die weste het hulle dwarsdeur Europa gegaan en begin in die suide van Karthage in Noord Afrika. Geskiedenis wys dat hulle tot in die suidelike kontinent van Afrika getrek het.

"Die Scythians het oor areas versprei wat gestrek het vanaf Afghanistan, Noord Shina, Siberia (Rusland) en sentraal Asië tot in Oos Europa". Daar is historiese bewyse dat die sogenaamde verlore stamme selfs Japan bereik het. "Die Japannese glo dat 'n deel van hulle voorvaders Japan bereik het via Asië en dat hulle moontlike konneksies met Scythia

kon gehad het. Die naam “Saka” word in Japan gevind. Sakai naby Osaka, Sakata en Sakuria is almal plekname wat van Isak afgelei word. 'n Klein hoeveelheid Israëliete kon Japan bereik het en sou lede van die eerste heersende stamme gewees het. Die Japanese word ook teruggespoor na Javan, seun van Japhet. Die dominante element in Japan is mense van die sogenaamde Alpe tiepe, baie dieselfde as sentraal Europeërs”.

Dit is werklik 'n verbasende feit om oor na te dink. Ver van om “verlore stamme” te wees, is die seuns van Israel eintlik oor die hele wêreld versprei, net soos dit voorspel was dat hulle dit sou doen in die bladsye van die Heilige Woord.

Gen 28:13 En kyk, Yahweh het bo-aan gestaan en gesê: Ek is Yahweh, die Elohiem van jou vader Abraham en die Elohiem van Isak. Die land waar jy op lê en slaap, sal Ek aan jou en jou nageslag gee;

Gen 28:14 en jou nageslag sal wees soos die stof van die aarde, en jy sal uitbrei na die weste en ooste, en na die noorde en suide; en in jou en jou nageslag sal al die geslagte van die aarde geseën word.

Gen 28:15 En kyk, Ek is met jou, en Ek sal jou bewaar oral waar jy heengaan, en Ek sal jou terugbring in hierdie land; want Ek sal jou nie verlaat nie, totdat Ek gedoen het wat Ek jou gesê het.

Dié gedeelte van die skrif wat aan Israel gegee was, het hom vertel wat die toekoms van sy seuns sou wees. Die eerste ding wat Yahweh hom vertel het, was dat hy versprei sou wees oor die hele wêreld. Maar min het Israel geweet, dat dit 'n straf sou wees vir sonde en nie as 'n seëning om meer grond te kry nie! Israel sou nie 'n groot en kragtige nasie wees soos hulle sou kon gewees het as hulle die verbond met Yahweh geëer het nie, nee, intendeel, omdat hulle gerebelleer het, het hulle swerwers tussen al die nasies geword.

Hos 9:17 My Elohiem sal hulle verwerp, omdat hulle na Hom nie geluister het nie, en hulle sal rondswerwe onder die nasies.

Die tweede ding wat Yahweh vir Israel vertel in die boonste profesie is selfs meer belangrik as die eerste wat sê dat hulle na die ooste, weste, noorde en suide sou gaan waar die tweede punt van die profesie vertel hoe Yahweh Israel gaan terug bring na hulle eie land, terug na die heuwels van Samaria in die land van Israel. Hier, in slegs een profesie word die hele teorie van vervangingsteologie verwerp! Ons sien ook in die volgende vers:

Hos 1:10 Nogtans sal die getal van die kinders van Israel wees soos die sand van die see, wat nie gemeet en nie getel kan word nie; en in plaas dat aan hulle gesê word: Julle is nie my volk nie—sal aan hulle gesê word: Julle is kinders van die lewende Elohiem.

Ons kan duidelik sien dat ons Hemelse Vader nooit vir Israel heeltemal verwerp het nie. Hy het Israel net vir 'n tydperk in Diaspora gestuur en sodoende verlossing aan die wêreld geopenbaar.

Rom 11:1 Ek vra dan: Het Elohiem miskien sy volk verstoot? Nee, stellig nie! Want ek is ook 'n Israëliet uit die nageslag van Abraham, van die stam van Benjamin.

Rom 11:11 Ek vra dan: Het hulle miskien gestruikel om te val? Nee, stellig nie! Maar deur hulle val het die saligheid tot die heidene gekom om hulle jaloers te maak.

Rom 11:5 Net so is daar dan ook in die teenwoordige tyd 'n oorblyfsel, ooreenkomstig die verkiesing van die genade.

Yahweh het die ontrouheid van Israel gebruik om vir die hele wêreld te wys dat Hy geen respekteerder van mense is nie, dat enigeen wat Sy geregtigheid soek en Hom vrees, aan hom, sal Hy eer betoon. En tog is Sy hoofdoel steeds die seuns van Jakob, die saad van Israel.

Die doel van Yahweh om die 12 stamme van Israel terug te bring na die land Israel, is baie belangrik om te beklemtoon vir twee redes. Nommer een, baie mense aanvaar verkeerdelik dat alleenlik Juda of Jode Israeliete is en dat net die Jode die wettige reg het aan die land wat genoem word, Israel. Dit is absoluut vals en meer tyd sal later in die boek daaraan bestee word, maar om te bewys dat dit nie volgens die Woord korrek is nie, lees asseblief weer die boonste vers. Net hier, sê Yahweh dat in die eindtyd, wanneer Hy die seuns van Israel sal terugbring na die land van Israel daar soveel sal wees dat hulle nie eers getel sal kan word nie. Dit kan nie net na Juda verwys nie. Dit is onmoontlik. Daar is rofweg 14 000 000 Jode in die hele wêreld. Dus moet dié profesie al die Israeliete wat ons genoem het van Rusland, Afganistan, Sjina, Afrika, al die Europese lande asook die Britse Eilande, Australië en die hele Amerika insluit.

Die tweede rede hoekom die vers so belangrik is, (Yahweh wat Jakob belowe het om al die Israeliete terug te bring na die land) is die feit dat die ontwortelde Israeliete al so lank in ballingskap is dat hulle glo dat die land van hulle gevangeskap die nuwe land van Israel is. Omdat Yahweh die seuns van Israel in hulle diaspora geseën het, net soos Hy belowe het, het van die seuns van Israel wat oor die aardbol versprei is, beweer dat Amerika of Groot Brittanje nou die land van Israel is. Alhoewel die Woord baie duidelik is oor waar die Beloofde Land van die saad van Abraham is.

Gen 17:8 En Ek sal aan jou en jou nageslag ná jou die land van jou vreemdelingskap gee, die hele land Kanaän, as 'n ewige besitting; en Ek sal vir hulle Elohiem wees

Deut 34:1 Toe het Moses opgeklim uit die vlaktes van Moab na die berg Nebo, die top van Pisga wat teenoor Jérigo lê; en Yahweh het hom die hele land, Gílead tot Dan toe, laat sien;

Deut 34:2 en die hele Náftali en die land Efraim en Manasse en die hele land Juda tot by die Westelike See;

Deut 34:3 en die Suidland en die Jordaanstreek, die laagte van Jérigo, die palmstad, tot by Soar.

Deut 34:4 En Yahweh het vir hom gesê: Dit is die land wat Ek aan Abraham, Isak en Jakob met 'n eed beloof het met die woorde: Aan jou nageslag sal Ek dit gee; Ek het jou dit met jou oë laat sien, maar jy sal daarheen nie oortrek nie.

Ons leef nie net in die laaste dae nie, ons is eintlik die laaste geslag volgens die Skrif en ek sal dit bewys. Dit is dié geslag wat gesien het hoe Israel weer 'n nasie geword het na 2500 jaar van gevangeskap en dit is ook dié geslag wat sal sien hoe die Messias op die Olyfberg in Jerusalem sal verskyn. Daarmee in gedagte is dit een van die hartseerste dinge in die wêreld om te sien hoe Yahweh se uitverkorenes so mislei word in die eindtyd. Dit is so duidelik van die Skrif dat die klein stukkie land tussen die Middellandse See en die huidige land van Jordanië die Beloofde Land aan Abraham van Yahweh is. Tog het mense die einste historiese informasie wat ek in die boek met julle gedeel het, met

allerhande verwronge teorieë voor die dag gekom (en hulle is almal vals), dat Amerika die land van Israel is tot selfs die wit heerskappy idee. Ek ondersteun nie een van dié onskriftuurlike idees nie. My hele doel met die skryf van die boek is om aan jou duidelike historiese en skriftelike feite te gee, van die verbondsbeloftes gemaak aan die saad van Abraham en wat dit beteken vir ons vandag, as gelowiges in Yahshua.

Dit is belangrik om te verstaan dat alle ware gelowiges in Yahshua deel maak van die een boom van Israel, of ons nou een van die nasies is waar Israel gegaan het in die Diaspora of 'n fisiese saad van Abraham, of egte ingeënte heidene (nie Israeliete nie) is; die laastes is nogtans gelykwaardig, en een, met die fisiese geslag van Abraham. Dit is belangrik om dié feit te verstaan vir een rede en een rede alleenlik: Israel het in die Diaspora ingegaan omdat hulle die Torah en gebooie van Almagtige Yahweh gebreek het – duidelik en eenvoudig. En vandag verkondig baie van dieselfde afstammeling van die Israeliete met trots dat “die Torah teen die kruis vas gespyker is” en mee weg gedoen is. Hulle breek nou nog dieselfde verbonds wette wat ons voorvaders gebreek het wat ons in Diaspora gedryf het. Word hulle gevra “Waarom gehoorsaam jy nie die Gebooie van Yahweh nie?” is die antwoord meeste van die tyd “dat daardie wette alleenlik vir Israel was.”

Kan jy sien hoe belangrik dit is om die geskiedenis van die Israeliete in Diaspora te ken om te verstaan dat ons die nakomeling is? In die eindtyd wanneer Yahshua terug keer verklaar die Woord:

Mat 7:21 Nie elkeen wat vir My sê: Meester! Meester, sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van My Vader wat in die hemele is.

Mat 7:22 Baie sal in daardie dag vir My sê: Meester, Meester, het ons nie in u Naam geprofeteer en in u Naam duiwels uitgedrywe en in u Naam baie kragte gedoen nie?

Mat 7:23 En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat die ongeregtheid werk!

Ek veroordeel nie die hart of bedoeling van mense nie; al wat ek sê, is dat 'n valse, wettelose evangelie besig is om versprei te word en nie alleenlik word sonde en wetteloosheid goed gemaak nie, dit raak nie eers aan die ware werk wat ons Hemelse Vader doen met die verlossing van die kinders van Israel nie. Laat ons nou kyk wat die Goeie Nuus se boodskap is wat Yahshua na die wêreld gebring het.

Skrywer se opmerking:

In die hoofstuk het ek miskien 5% van die argeologiese en historiese bewyse verskaf na waar die verlore stamme van Israel werklik gegaan het. My doelwit met die skryf van die boek is om te wys wat die geestelike betekenis van die ware plan van ons Hemelse Vader is en aangesien ander mense boeke geskryf het oor die verlore stamme van 'n historiese perspektief het ek nie die noodsaaklikheid gesien om alles oor te skryf wat alreeds in druk is nie. Ek stel voor dat as jy meer bewyse wil hê, kry vir jou van die boeke wat ek aanhaal. Ek moet net waarsku dat ek nie met die teologiese standpunt van die meeste van die skrywers saamstem nie en moet 'n waarskuwing rig teen die materiaal van Yair Davidiy. Alhoewel ek glo dat Yair Davidiy baie opreg is en dat sy historiese informasie meestal akkuraat is, glo hy nie in Yahshua as die Messias van Israel nie en is sy opvatting – verwronge - teen gelowiges van Yahshua as 'n heidense vorm van aanbidding. Einde van opmerking van hoofstuk 4.

1. Steven Collins: "The Lost Ten Tribes of Israel, Found".
2. Steven Collins: "Parthia".
3. J.H.Allen: "Judah's Scepter Josef's Birthright".
4. Herbert Armstrong: "The US and Britain in Prophecy".
5. Josefus: "Antiquities of the Jews"
6. Encyclopedia Americana
7. Boeke deur Yair Davidiy
8. H.W.Bellow: "An Inquiry into the Ethnography of Afghanistan-1891"
9. Van Loon: "Uratian Art Its Distinctive Tracts in the Light of New Excavations-1966"
10. C.M.White: "The Modern Descendants of Dodanim & Tarshish."

HOOFSTUK 5

WAT IS DIE WARE "GOEIE NUUS" BOODSKAP?

Die meeste in die Christelike sirkels vandag het die valse vervangingsteologie aanvaar dat Yahweh Israel vervang het met die Nuwe Testament Kerk. Dit kan nie verder van die waarheid af wees nie. As ons werklik deel wil wees van die wonderlike plan van ons Hemelse Vader, moet ons begin om van ons westerse gesindheid ontslae te raak en te dink soos die Israeliete van ouds. Dit word praktiese denke genoem. Dit handel met nie net wie Yahweh is nie, maar ook wat Yahweh doen. Geloof is aksie, dit is lewe en ons Elohiem is 'n Elohiem van geloof. Yahweh werk die afgelope 3500 jaar met die Israeliete om hulle in 'n verbondsverhouding met Hom te bring. Alhoewel daar groot seëninge gegaard gegaan het met die verbond, het ons ook groot oordeel gesien. Die oomblik toe Israel in verbond met Yahweh gegaan het, het hulle groter oordeel oor hulself gebring deur 'n verbond wat onmoontlik was om na te kom.

Die meeste mense staar hulle self blind aan die aspek van die Sinai verbond. Dit was 'n verbond wat onmoontlik deur die mense nagekom kon word. Onder die voorwaardes van die Sinai verbond as jy slegs een wet verbreek het, was jy vervloek.

Deu 27:26 Vervloek is hy wat die woorde van hierdie wet nie hou om dit te doen nie; en die hele volk moet sê: Amein.

Onder die Sinai verbond was daar geen vergifnis vir moord, laster, owerspel of afgode aanbidding nie, net die dood. Wat baie nie verstaan nie is die feit dat, selfs op die Dag van Ootmoediging wanneer die Hoë Priester bloed sou sprinkel op die Ark van die Verbond, dit nie sondes soos moord, owerspel, laster of afgode aanbidding sou bedek nie. *Jesaja 42 sê dat die Messias sou kom om die "wet te volbring" en om dit eervol te maak.*

Yahshua het gesê dat dit presies is wat Hy gedoen het in:

Mat 5:17 Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul.

Mat 5:18 Want voorwaar Ek sê vir julle, voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie.

Mat 5:19 Elkeen dus wat een van die minste van hierdie gebooue breek en die mense só leer, sal die minste genoem word in die koninkryk van die hemele; maar elkeen wat dit doen en leer, hy sal groot genoem word in die koninkryk van die hemele.

Mat 5:20 Want Ek sê vir julle dat, as julle geregtigheid nie oorvloediger is as dié van die skrifgeleerdes en Fariseërs nie, julle nooit in die koninkryk van die hemele sal ingaan nie.

Onder die Sinai verbond, as iemand moord gepleeg het, sou hy die doodstraf ontvang het, maar as hy kwaad was vir sy broer was dit nie sonde nie. Yahshua, wat die Torah vergroot of dan volbring het, wys vir ons dat sonde in ons gedagtes begin en dat Hy glad nie weggedoen het met die Torah nie. Hy wys verder dat die bedoeling van meer belang is as die aksie.

Mat 15:18 Maar die dinge wat uit die mond uitgaan, kom uit die hart, en dit is dié wat die mens onrein maak.

Mat 15:19 Want uit die hart kom daar slegte gedagtes, moord, egbreuk, hoerery, diewery, valse getuienis, lastertaal.

Deur dit te doen, wys Hy vir al die mense, dat ons almal moordenaars, egbrekers en afgod aanbidders is. Hy wys ook dat 'n goeie daad nie 'n slegte daad nietig kan verklaar nie en dat ons almal die doodsvonnis hangend oor ons koppe het en dit moet betaal word. Verder wys Hy vir ons dat die offerande sisteem glad nie die wil van die Vader was nie, maar dat dit bygevoeg was oor sondes, tot en met Sy wederkoms. Die bloed van bulle en bokke kon nooit enige sondes weggeneem het nie, maar was 'n daaglikse herinnering aan die wat geoffer het, dat hulle werklik 'n ware Verlosser nodig gehad het. Die offerande sisteem was nooit deel van die oorspronklike wet in die Tuin van Eden nie, maar was bygesit toe sonde gepleeg was.

Gal 3:19 Wat beteken die wet dan? Dit is bygevoeg weens die oortredinge, totdat die saad aan wie die belofte gedoen is, sou kom; en dit is deur engele beskik deur tussenkoms van 'n middelaar

Toe die boete vir sonde betaal was deur die Seun van Yahweh, was dit nie meer nodig vir 'n leermeester van die offerande sisteem nie. Yahweh het toegelaat dat dié sisteem aanhou vir presies 40 jaar van af die teregstelling van Yahshua in 30NM tot en met die verwoesting van die Tempel in 70NM. Daar sal weer 'n offerande sisteem vir 'n tydperk in die millennium wees, om Juda toe te laat om die Nuwe Verbond in te gaan van uit die Ou Verbond wat naby aan verdwyn is (Heb 8:13).

Veertig is Yahweh se nommer van toets en beproewing. Moses het vir 40 dae in die wildernis gevas, asook Yahshua. Die kinders van Israel het vir 40 jaar in die wildernis geswerf en Nineve het 40 dae gehad om of tot bekering te kom of die land sou vergaan. Dit was 'n voorbeeld aan eerste eeuse Israëliete om 40 jaar van beproewing en toetse te hê en om die Messias aan te neem voor die vernietiging van die Tempel. Verbasend genoeg was daar wonderwerke gedurende die 40 jaar periode wat bewys het dat Yahshua die Messias was.

Daar was 'n menora van 1.5 meter hoog, staande in die Tempel, reg voor die Heilige van Heiliges. Die menora (kandelaar) was elke dag met olyf olie gevul sodat dit nooit sou dood gaan nie. Amper soos die ewige vlam vandag wat dien as 'n herdenking in Yad Va'Shem Slagtings museum in Israel. Elke nag vir 40 jaar het die priester die olie berei en die menora gevul en elke nag vir 40 jaar het die menora opgehou brand. Elke nag! Wat is die kans dat dit gebeur vir 365 dae 'n jaar oor 'n periode van 40 jaar? Dit is 'n nommer wat die brein nie kan reken nie. Daar was ook reuse deure wat oor die 20 voet hoog

gestaan het by die ingang van die Tempel. Hierdie manjifieke deure was so groot en swaar dat dit 20 mans geneem het om hulle oop en toe te maak. Weereens, vir die hele tydperk van 40 jaar, vanaf die dood van Yahshua in 30ad tot en met die verwoesting van die Tempel in 70ad, het die deure elke nag self oop gegaan. So groot was die wonderwerke dat selfs Yohannan Ben Zakkia, een van die voorste Rabbis gedurende die verwoesting van die Tempel erken het dat hulle geweet het dat die "Shekinah glorie" (teenwoordigheid van Yahweh) die Tempel verlaat het en dat dit verwoes sou word. Daar was ander wonderwerke wat ook gebeur het.

Dit was duidelike bewyse vir 'n Jood wat in die eerste eeu geleef het dat Yahshua inderdaad die Messias was. Hierdie was bo-natuurlike gebeure wat plaas gevind het, en het gewys dat die Tempel rituele, wat slegs 'n skadu was en nooit sondes vergeef het nie, onvolledig was. Maar met een offer, het Hy die hele Israel vervolmaak as hulle tog maar net wou glo.

Heb 10:8 Nadat Hy hierbo gespreek het: Slagoffer en spysoffer en brandoffers en sondoffers wou U nie hê en het U nie behaag nie—wat volgens die wet geoffer word—

Heb 10:9 het Hy daarna gesê: Kyk, Ek kom om u wil te doen, o Elohiem, Hy neem die eerste weg om die tweede in te stel.

Heb 10:10 Deur hierdie wil is ons geheilig deur die offer van die liggaam van Yahshua Messias, net een maal.

Heb 10:11 En elke priester staan wel dag vir dag om die diens waar te neem en dikwels dieselfde slagoffers te bring wat tog nooit die sondes kan wegneem nie;

Heb 10:12 maar Hy het, nadat Hy een slagoffer vir die sondes gebring het, vir altyd gaan sit aan die regterhand van Yahweh

Heb 10:13 en wag nou verder totdat sy vyande gemaak is 'n voetbank van sy voete.

Heb 10:14 Want deur een offer het Hy vir altyd volmaak die wat geheilig word.

Hy het gekom om die eerste weg te neem (die offerande sisteem as 'n herinnering van sonde) en die tweede te vestig, waar Sy bloed die enigste ware vergifnis is van sonde. Onder elke verbond is die wet dieselfde. Dit is 'n beskermende maatreël in die verbond om die verbondsvolk te beskerm en te heilig van sonde en die wêreld. Die Torah is die hele karakter van ons Skepper en Hy, net soos Sy Torah, verander nie. Hoe wonderlik is die plan van verlossing as ons die weë van ons Skepper ten volle verstaan. Maar onthou, slegs Israel was in die verbond met Yahweh en net Israel het die straf hangende oor hulle koppe omdat hulle die verbond met Yahweh gebreek het. Aan die res van die heidense nasies kon Yahweh baie meer genadig wees omdat hulle nie in verbond met Hom was nie en ook nie verbind was aan 'n verbond nie. Hy het opsetlik die heidense nasies in ongeloof gehou sodat Hy later genade aan hulle kon bewys.

Rom 11:32 Want Yahweh het hulle almal in die ongehoorsaamheid ingesluit om vir almal barmhartig te kan wees.

Die heidense nasies wat nooit in 'n verbond met Yahweh was nie sal 'n laer skaal van veroordeling hê omdat hulle nie 'n verbonds verhouding met Yahweh gehad het nie. Intendeel, die verwerping van die noordelike stamme van Israel in diaspora kan die grootse geskenk van ons Hemelse Vader wees aan die heidene. Waarom? Want nou dat Yahshua sy dissipels stuur om die sogenaamde verlore stamme van Israel oor die hele wêreld te soek, is dit moontlik dat enige mens van enige ras wat Yahweh vrees hulself kan verbind aan die een boom van Israel. MAAR daar is 'n regtelike orde aan verlossing.

Voor Yahweh 'n verbond met enige heidense nasie kan sluit moet Hy eers Sy verbond met Israel verwesenlik.

Yahshua was 'n Israelse Verlosser van die saad van David. Toe Hy in 27NM verskyn het, het baie in Israel gewag vir die verskyning van die Messias. Dit was profeties dat die Israelse Messias daardie tyd sou verskyn. As jy na 'n ander deel van die wêreld gegaan het was daar geen verwagting van 'n Romeinse of Griekse messias nie, nee, net 'n Hebreuse een. Dit is alleenlik Israel wat in 'n verbondsverhouding met Yahweh gegaan het en hulle het die verhouding gebreek en het sodoende die Messias nodig om die gebroke verhouding te herstel. Alleenlik Israel was gekies deur ons Vader uit al die nasies van die wêreld om die verbond met Hom te sluit. En alleenlik aan Abraham en sy saad "Israel" was die Messias belowe. Hoekom? Slegs Israel het die verbond met Yahweh gesluit en hulle het die verhouding verbreek en alleenlik die Messias kan die verbroke verhouding herstel. Net Israel, uit al die nasies van die hele wêreld was deur ons Vader gekies om die verbond met hom te sluit. Die belofte van die Messias is net aan Abraham en sy saad gegee.

Gal 3:16 Nou is aan Abraham die beloftes toegesê en aan sy saad. Hy sê nie: En aan die sade, asof dit op baie sien nie, maar op een: En aan jou saad, dit is Messias.

So, iemand moes aarde toe gekom het om die vloek te verbreek waar onder al die Israeliete was volgens die Sinai Verbond. Sagaria vertel ons van die voorval.

Sag 11:10 Toe het ek my staf Lieflikheid geneem en dit verbreek, om my verbond wat ek met al die volke gesluit het, te verbreek.

Sag 11:11 En dit is op dié dag verbreek. En so het die ellendiges onder die skape wat op my ag gegee het, bemerk dat dit 'n woord van Yahweh was.

Sag 11:12 Daarop sê ek vir hulle: As dit goed is in julle oë, gee dan my loon; en so nie, laat dit dan staan. Toe het hulle my loon afgeweeg: dertig sikkels silwer.

Sag 11:13 Hierop sê Yahweh vir my: Gooi dit vir die pottebakker—die heerlike prys waarmee Ek deur hulle gewaardeer is! En ek het die dertig sikkels silwer geneem en dit in die huis van Yahweh vir die pottebakker gegooi.

Sag 11:14 Toe het ek my tweede staf, Samebinding, verbreek, om die broederskap tussen Juda en Israel te verbreek.

Met die verkoop van Yahshua aan die fariseërs deur Judas Iskariot was dié profesie volbring – wat Yahshua alles moes deurmaak om vir die straf van sonde te betaal en om 'n einde te maak aan die Sinai Verbond. Hy het nooit Yahweh se ewige Torah (Wet) beëindig nie, wat nie 'n verbond was nie maar slegs een van die terme van die verbond. Verder sien ons in Sagaria WIE die BoodsAPPER van Yahweh was en Wie die boete vir die sondes van die eerste verbond betaal het.

Sag 13:6 En as iemand vir hom sê: Watter wonde is daardie tussen jou hande? dan sal hy antwoord: So is ek geslaan in die huis van my vriende.

Sag 13:7 Ontwaak, o swaard, teen my herder, en teen die man wat my metgesel is! spreek die Magtige Elohiem van die leërskaar. Slaan die herder, sodat die skape verstrooi word; en Ek sal my hand weer uitstrek oor die geringes.

Hierdie verse wys baie duidelik Wie die BoodsAPPER was. Hy het wonde aan Sy hande van wat Hy moes doen om sonde te oorwin onder die eerste verbond. Vers 7 wys ook dat

Hy 'n dapper, onverskrokke Krygsman, Kameraad en Strydgenoot van Yahweh Homself is. Die Hebreuse word vir Krygsman in vers sewe is “ghehber”. Dit kom van die selfde wortel woord in Jesaja 9:6 wat praat oor die Messias wat genoem word “Magtige Elohiem”.

Jes 9:6 (9:5) Want 'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke Elohiem, Ewige Vader, Vredevors.

Die prentjie is so duidelik dat die Messias nie net die Kameraad van Yahweh die Vader is nie, nee Hy was ook Elohiem en Sy ware Seun.

Ps 2:6 Ek tog het my Koning gesalf oor Sion, my heilige berg.

Ps 2:7 Ek wil vertel van die besluit: Yahweh het aan My gesê: U is my Seun, vandag het Ek self U gegeneer.

Die wêreld het die Hebreuse Messias Yahshua vervang met 'n mitologiese Griekse figuur genoem “IE-Zeus”. Ek en my vrou het die afgelope 10 jaar in Israel gewoon en ons sien die transformasie van die ware Hebreuse Verlosser na die Griekse interpretasie van die Verlosser. Ek moedig jou aan om verder te studeer oor Yahshua van Israel. Lees Sy woorde in die evangelies en probeer Sy boodskap te verstaan teen 'n Hebreuse agtergrond.

Luk 1:67 En Sagaría, sy vader, is vervul met die Heilige Gees en het geprofeteer en gesê:
Luk 1:68 Geloofd sy Yahweh, die Elohiem van Israel, omdat Hy sy volk besoek het en vir hulle verlossing teweeg gebring het,

Luk 1:69 en 'n horing van heil vir ons opgerig het in die huis van Dawid, sy kneg—

Luk 1:70 soos Hy gespreek het deur die mond van sy heilige profete van ouds af—

Luk 1:71 redding van ons vyande en uit die hand van almal wat vir ons haat,

Luk 1:72 om barmhartigheid te bewys aan ons vaders en aan sy heilige verbond te dink,

Luk 1:73 aan die eed wat Hy gesweer het vir Abraham, ons vader, om aan ons te gee

Luk 1:74 dat ons, verlos uit die hand van ons vyande, Hom sonder vrees kan dien,

Luk 1:75 in heiligheid en geregtigheid voor Hom, al die dae van ons lewe.

Luk 1:76 En jy, kindjie, sal 'n profeet van die Allerhoogste genoem word, want jy sal voor die aangesig van Yahweh gaan en Sy weë reg te maak;

Luk 1:77 om kennis van saligheid aan sy volk te gee in die vergifnis van hulle sondes,

Yahshua het aarde toe gekom om Israel terug te koop. Die werk wat Yahweh met Israel begin het, sou Hy voltooi. Dit sluit al 12 stamme in.

Joh 11:49 En een van hulle, Kájafas, wat daardie jaar hoëpriester was, sê vir hulle: Julle weet niks nie

Joh 11:50 en dink nie daaraan dat dit vir ons voordelig is dat een man vir die volk sterwe en nie die hele nasie omkom nie.

Joh 11:51 En dit het hy nie uit homself gesê nie; maar omdat hy daardie jaar hoëpriester was, het hy geprofeteer dat Jesus vir die volk sou sterwe.

Joh 11:52 En nie alleen vir die volk nie, maar ook om die verstrooide kinders van Elohiem tot 'n eenheid saam te voeg.

'n Belangrike punt wat verlore gaan in die westerse Griekse evangelie verkondiging, is dat Yahshua, nie net vir die Jode (Juda) gestuur was nie, maar vir al 12 stamme van Israel.

Interessant om op te let dat baie mense wat onbewus is van die bestaan van die verlore stamme van Israel, beweer dat toe die Jode terug gegaan het Israel toe na hulle ballingskap in Babilon in 539VM, dat al 12 stamme saam met hulle terug gegaan het. Dit sou heeltemal onmoontlik gewees het, aangesien die Noordelike stamme nooit in gevangeskap in Babilon was nie; eintlik was hulle alreeds 120 jaar voor die Babiloniese gevangeskap in Assiriese gevangeskap. Toegegee dat daar wel 'n groep van die noordelike stamme voor die gevangeskap na Assirië geïmmigreer het. Maar, die getal was minimaal en nie verteenwoordigend van al die stamme van Israel nie.

Waarna die vers in Johannes 11 verwys, is dat gedurende die tyd van Yahshua se werk op aarde, die 12 stamme nog verspreid was in die buiteland en nie almal was terug in die land van Israel nie. Dit is 'n voldonge feit van 1st eeuse geskiedenis en belangriker, van die Skrif, dat Yahshua nié gekom het vir al die nasies nie nog minder vir die Huis van Juda. Hy het gekom om Israel (die 12 stamme) te red van die doodsvonnis oor die verbreking van Yahweh se verbond. Dit word nie genoem om die Nasies aanstoot te gee nie of dit teen hulle te hou nie, dit is net 'n Skriftelike feit dat Yahweh nie in verbond met die nasies getree het nie dus is hulle nie onder die selfde oordeel as Israel nie.

Later, soos ons sal sien, het Yahweh in Sy eindelose liefde vir Sy hele skepping toegelaat dat 'n heiden, met 'n hart om Hom te dien, wel aan die een boom van Israel geënt kan word. Maar laat ons dit baie duidelik stel: Yahweh het nooit 'n Elohiem van die Nasies (heidene) geword nie! As 'n heiden homself bind aan Yahweh moes hy van die saad van Abraham word en dan 'n erfgenaam ooreenkomstig die belofte aan Abraham, deur die bloed van Yahshua.

Gal 3:29 En as julle aan Messias behoort, dan is julle die nageslag van Abraham en volgens die belofte erfgename.

Daar was geen onafhanklike verbond aan die Nasies nie. Hulle moes aansluit, verenig met die boom van Israel en Yahshua het gekom om Israel te red oor die verbond wat hulle gebreek het.

Hand 2:22 Israeliete, luister na hierdie woorde! Yahshua, die Nasaréner, 'n man deur Yahweh vir julle aangewys met kragte en wonders en tekens wat Elohiem deur Hom onder julle gedoen het, soos julle ook self weet—

Hand 2:23 Hom, wat deur die bepaalde raad en voorkennis van Yahweh oorgelewer is, het julle deur die hande van goddelose manne geneem en gekruisig en omgebring;

Hand 2:24 Hom het Elohiem opgewek, nadat Hy die smarte van die dood ontbind het, omdat dit onmoontlik was dat Hy daardeur vasgehou sou word.

Hand 2:25 Want David sê van Hom: Ek het die Meester altyddeur voor My gesien, want Hy is aan my regterhand, dat Ek nie sou wankel nie.

Hand 2:26 Daarom is my hart bly en my tong juig, ja, ook sal my vlees nog rus in hoop.

Hand 2:27 Want U sal my siel nie aan die doderyk oorlaat of u Heilige oorgee om verderwing te sien nie.

Hand 2:28 U het My die weë van die lewe bekend maak, U sal My vervul met vreugde by u aangesig.

Hand 2:29 Broeders, ek kan vry-uit met julle spreek oor die aartsvader Dawid, dat hy gesterf het en ook begrawe is, en sy graf is by ons tot vandag toe.

Hand 2:30 Omdat hy dan 'n profeet was en geweet het dat God vir hom met 'n eed gesweer het dat hy uit die vrug van sy lendene, wat die vlees betref, die Messias sou verwek om op sy troon te sit,

Hand 2:31 het hy, omdat hy dit vooruit gesien het, gesprek van die opstanding van Messias, dat sy siel nie in die doderyk verlaat is en sy vlees ook nie verderwing gesien het nie.

Hand 2:32 Hierdie Yahshua het Yahweh opgewek, waarvan ons almal getuies is.

Hand 2:33 Nadat Hy dan deur die regterhand van Yahweh verhoog is en van die Vader die belofte van die Ruach ontvang het, het Hy dit uitgestort, wat julle nou sien en hoor.

Hand 2:34 Want David het nie in die hemele opgevaar nie, maar hy self sê: Yahweh het gesprek tot my Meester: Sit aan my regterhand

Hand 2:35 totdat Ek u vyande gemaak het 'n voetbank van u voete.

Hand 2:36 Laat dan die hele huis van Israel sekerlik weet dat Yahweh Hom Meester en Messias gemaak het, hierdie Yahshua wat julle gekruisig het.

Dit is duidelik van Petrus se leerrede dat hy geglo het dat Yahshua gekom het om Israel te verlos van die vloek oor die breek van Yahweh se verbond. Die Apostel Paulus het ook gepraat van Yahshua se koms om Israel te verlos van die vloek oor die breek van Yahweh se verbond,

Gal 3:9 Sodat die wat uit die geloof is, geseën word saam met die gelowige Abraham.

Gal 3:10 Want almal wat uit die werke van die wet is (offerande sisteem), is onder die vloek; want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat nie bly in alles wat geskryf is in die boek van die wet om dit te doen nie.

Gal 3:11 En dat niemand deur die wet by Elohiem geregverdig word nie, is duidelik; want die regverdige sal uit die geloof lewe.

Gal 3:12 Maar die wet is nie uit die geloof nie, maar die mens wat hierdie dinge doen, sal daardeur lewe.

Gal 3:13 Messias het ons losgekoop van die vloek van die wet deur vir ons 'n vloek te word—want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat aan 'n hout hang—

Yahshua het Israel verlos van die vloek oor die breek van Yahweh se Torah onder die Sinai verbond. Kom ons kyk na nog verse wat wys hoekom Yahshua aarde toe gekom het.

Mat 15:21 En Yahshua het daarvandaan weggegaan en na die streke van Tirus en Sidon vertrek.

Mat 15:22 En 'n Kananése vrou het van daardie gebied gekom en na Hom geroep en gesê: Wees my barmhartig, Meester, Seun van David! My dogter is erg van die duiwel besete.

Mat 15:23 Maar Hy het haar nie 'n woord geantwoord nie. Toe kom sy dissipels nader en vra Hom en sê: Stuur haar weg, want sy roep agter ons aan.

Mat 15:24 Maar Hy antwoord en sê: Ek is net gestuur na die verlore skape van die huis van Israel.

Mat 15:25 Maar die vrou kniel voor Hom en se: “Meester help my”.

Mat 15:26 Maar Hy antwoord en sê: Dit is nie mooi om die brood van die kinders te neem en dit vir die hondjies te gooi nie.

Dit is baie duidelik uit Yahshua se eie mond dat Hy nie gekom het vir die Nasies (heidene) nie maar vir die VERLORE SKAPE VAN DIE HUIS VAN ISRAEL! Dit was nie die tyd om 'n verbond met die Nasies te sluit nie; Hy sal dit doen gedurende Sy millennium

heerskappy – daar was nog die regtelike orde van die verbond om te volbring met die 12 seuns van Israel.

Joh 10:13 En die huurling vlug, omdat hy 'n huurling is en niks vir die skape omgee nie.

Joh 10:14 Ek is die goeie herder, en Ek ken my eie en word deur my eie geken.

Joh 10:15 Net soos die Vader My ken, ken Ek ook die Vader; en Ek lê my lewe af vir die skape.

Joh 10:16 Ek het nog ander skape wat nie aan hierdie stal behoort nie. Ek moet hulle ook lei, en hulle sal na my stem luister, en dit sal wees een kudde, een herder.

Van watter “ander skape” praat Yahshua hier met Juda? Hulle is niemand anders as die ander 10 stamme van Israel nie. Neem kennis dat Yahshua praat van Een kudde en Een kraal in die toekoms. Hy haal Esegïel 37 aan wat sê dat, met Sy wederkoms, Hy die twee huise van Israel weer een sal maak.

Eseg 37:15 Verder het die woord van Yahweh tot my gekom en gesê:

Eseg 37:16 En jy, mensekind, neem vir jou 'n stuk hout, en skrywe daarop: Vir Juda en vir die kinders van Israel, sy bondgenote; en neem 'n ander stuk hout en skrywe daarop: Vir Josef (die hout van Efraim) en die hele huis van Israel, sy bondgenote.

Eseg 37:17 Voeg hulle dan vir jou bymekaar, die een by die ander, om een stuk hout te wees, en laat hulle een word in jou hand.

Eseg 37:18 En as die kinders van jou volk met jou spreek en sê: Sal u ons nie te kenne gee wat u met hierdie dinge bedoel nie?

Eseg 37:19 sê dan vir hulle: So spreek die Almagtige Yahweh: Kyk, Ek sal die stuk hout van Josef neem, wat in die hand van Efraim is, en die stamme van Israel, sy bondgenote, en Ek sal hulle by hom voeg, by die stuk van Juda, en hulle een stuk hout maak; en hulle sal een word in my hand.

Eseg 37:20 So moet dan die houte waar jy op skrywe, in jou hand wees voor hulle oë;

Eseg 37:21 en sê vir hulle: So spreek die Almagtige Yahweh: Kyk, Ek gaan die kinders van Israel haal tussen die nasies uit waarheen hulle getrek het, en Ek sal hulle van alle kante bymekaar laat kom en hulle bring in hul land.

Eseg 37:22 En Ek sal hulle een volk maak in die land, op die berge van Israel; en een Koning sal vir hulle almal koning wees; en hulle sal nie meer twee nasies wees nie en verder nie meer in twee koninkryke verdeeld wees nie.

Eseg 37:23 En hulle sal hul nie meer verontreinig met hulle drekgode en hulle verfoeisels en met al hulle oortredinge nie; en Ek sal hulle verlos uit al hulle woonplekke waarin hulle gesondig het, en sal hulle reinig. So sal hulle dan vir my 'n volk wees, en Ek vir hulle 'n Elohiem wees.

Eseg 37:24 En my kneg David sal koning oor hulle wees, en hulle sal almal een herder hê; en hulle sal in my verordeninge wandel en my insettinge onderhou en daarna handel.

Eseg 37:25 En hulle sal woon in die land wat Ek aan my kneg Jakob gegee het, waar julle vaders in gewoon het; ja, hulle sal daarin woon, hulle kinders en hulle kindskinders tot in ewigheid; en my kneg David sal hulle vors wees vir ewig.

Eseg 37:26 En Ek sal 'n verbond van vrede met hulle sluit, dit sal 'n ewige verbond met hulle wees; en Ek sal hulle daar bring en hulle vermenigvuldig; en Ek sal my heiligdom in hulle midde vestig vir ewig.

Eseg 37:27 En my tabernakel sal oor hulle wees, en Ek sal vir hulle 'n Elohiem wees en hulle sal vir my 'n volk wees.

Eseg 37:28 En die nasies sal weet dat Ek die Almagtige Yahweh is wat Israel heilig as my heiligdom en vir ewig in hulle midde sal wees.

Wat 'n pragtige hoofstuk is dit nie. Met die wederkoms van Yahshua sal Hy die twee stokke van Efraim en Juda neem en hulle een maak in die land van Israel en Yahshua sal oor die hele huis van Israel regeer. Nie sedert die dae van koning Salomo was die Koninkryk van Israel verenig nie (echad in Hebreeus). Soos ons voorheen bespreek het “echad” beskryf 'n algehele eenheid van verstand en siel wat kom van 'n verbondsverhouding. Salomo, wat die aardse, fisiese koninkryk verteenwoordig, diskwalifiseer homself weens aardse wellus en veroorsaak dat die koninkryk van Israel verdeel. Yahshua, die “tweede” Salomo, sal herenig wat Salomo verwoes het deur die vlees. Yahshua, die Seun van David deur die bloedlyn van Natan en nie Salomo nie, het gekwalifiseer om op die troon van David vir ewigheid te sit. Weer wys die Skrif dat Messias die twee huise van Israel sal herenig.

Sag 6:12 en sê vir hom dit: So spreek Yahweh van die leërskaer: Kyk, daar kom 'n Man wie se Naam is Spruit, en Hy sal uit sy plek uitspruit, en Hy sal die huis van die Yahweh bou.

Sag 6:13 Ja, Hy sal die huis van Yahweh bou, en Hy sal majesteit verkry en sit en heers op sy troon; ook sal Hy 'n priester wees op sy troon, en die raad van vrede sal tussen hulle twee bestaan.

Yahshua sal die twee huise van Josef en Juda herenig; Juda, wat die koningskap voorstel en Josef wat die priesterskap van die lydende dienskneg van Yahweh verteenwoordig.

Romeine 9 is verdere bewys dat Yahshua net gekom het vir die verlore skape van die huis van Israel.

Rom 9:1 Ek spreek die waarheid in Messias, ek lieg nie my gewete getuig saam met my in die Ruach Ha'Kodesh

Rom 9:2 dat dit vir my 'n groot droefheid is en 'n onophoudelike smart vir my hart.

Rom 9:3 Want ek sou self kon wens om ter wille van my broers, my stamgenote na die vlees, 'n vervloeking te wees, wég van Messias af.

Rom 9:4 Hulle is Israeliëte aan wie die aanneming tot kinders behoort en die heerlikheid en die verbonde en die wetgewing en die erediens en die beloftes;

Rom 9:5 aan wie die vaders behoort en uit wie die Messias is na die vlees Hy wat oor alles is, Elohiem, lofwaardig tot in ewigheid! Amein.

Weereens sien ons dat die Messias gekom het om Israel te red van die vloek oor die gebroke verbond. Dit was en is nog steeds die blye boodskap van die Koninkryk van Yahweh. Dit is die boodskap dat die plan wat met Abraham en Israel 3800 jaar gelede begin het, besig is om tot vervulling te kom om 'n model nasie vir die res van die wêreld te wees, sodat hulle kan sien wat die voordele van gehoorsaamheid aan die Torah van Yahweh is en hoe om in 'n verbondsverhouding te wees en die seëninge wat daarmee gepaard gaan. Dit is 'n wonderlike boodskap: soos sonde deur een man, Adam gekom het, en die mensdom se verbond met Yahweh deur hom verbreek was, so het verlossing van sonde ook deur een Man, die tweede Adam, Yahshua Messias gekom. Dit is 'n wonderlike boodskap: want toe die koninkryk van Israel in twee geskeur was deur die ontrouheid van een man, Salomo, so sal die Koninkryk van Israel weer saamsmelt vir ewig deur die getrouheid van een Man, Yahshua Messias. Dit is 'n wonderlike boodskap van wêreldwye vrede en veiligheid, van Israel wat die model-nasie gaan wees soos hulle bedoel was om te wees.

Jes 2:2 En aan die einde van die dae sal die berg van die huis van Almagtige Yahweh vasstaan op die top van die berge en verhewe wees bo die heuwels, en al die nasies sal daarheen toestroom.

Jes 2:3 En baie volke sal heengaan en sê: Kom laat ons optrek na die berg van Yahweh, na die huis van die Elohiem van Jakob, dat Hy ons sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van Yahweh uit Jerusalem.

Jes 2:4 En Hy sal oordeel tussen die nasies en regspreek oor baie volke; en hulle sal van hul swaarde pikke smee en van hul spiese snoeimesse; nie meer sal nasie teen nasie die swaard ophef nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te voer nie.

Dit is belangrik om te noem dat, alhoewel Yahshua gekom het om Israel te verlos van hulle gebroke verbondsbeloftes, wanneer Hy terugkom sal Hy nie net Koning van Israel wees nie, maar Koning oor die hele wêreld. Alhoewel die doel van die boek is om te wys dat Yahweh Israel gaan restoureer terug in die verbondsverhouding met Homself, wil ons nie die punt vereenvoudig dat. Na die restorasie van Israel, sal Yahshua as Koning van al die Nasies op aarde gedurende die millennium, heers. Dit sal egter nie gebeur totdat die Messias klaar is met die herstel van Sy verbonds verhouding met die 12 stamme van Israel nie.

Jes 66:19 En Ek sal 'n teken onder hulle doen, en vrygeraaktes uit hulle stuur na die nasies, na Tarsis, Pul en Lud, wat die boog span, na Tubal en Jawan, na die ver kuslande wat my tyding nie gehoor en my heerlijkheid nie gesien het nie; en hulle sal my heerlijkheid onder die nasies verkondig.

Nou gaan ons weer die perkamentrolle van die geskiedenis ooprol en gaan kyk waar die Apostel heengegaan het om die boodskap te verkondig en aan wie hulle dit verkondig het. Jy gaan geskok en verbaas wees om te sien waar die kinders van Israel vandag is. Jy gaan ook verbaas wees om uit te vind dat baie, indien nie die meeste, ware gelowiges is, wat dink dat hulle van die Nasies (heidene) is, maar wat in werklikheid Israëliete van die saad van Abraham is.

HOOFSTUK 6

WAAR HET DIE APOSTELS HEEN GEGAAN?

Joh 1:11 Hy het na sy eiendom gekom, en sy eie mense het Hom nie aangeneem nie.

Ons weet dat in Mattheus 28 Yahshua vir sy dissipels gesê het:

Mat 28:18 En Yahshua het nader gekom en met hulle gespreek en gesê: Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde.

Mat 28:19 Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en van die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.

Mat 28:20 En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld. Amein.

By hierdie punt het die meeste mense verkeerdelik aanvaar dat, omdat Juda Yahshua verwerp het, Yahweh 'n nuwe verbond met die Nasies (heidene) begin het. Die idee is nêrens in die Skrif nie en dié hoofstuk sal die teorie vals bewys.

Ten eerste, ons het alreeds bewys dat Yahweh slegs met Israel as 'n nasie 'n verbond gesluit het; met geen ander nasie of mense het Hy 'n verbond gesluit nie.

Amos 3:2 Julle alleen het Ek geken uit al die geslagte van die aarde;

Jy moet onthou dat as Yahshua aarde toe gekom het om Israel te bevry omdat hulle die belangrike verbond verbreek het, is dit voor die hand liggend dat Hy al die Israeliete moes red en nie net een stam (Juda) nie. Toe Yahshua sy bediening in 27NM begin het, was slegs Juda terug in die land van Israel. Juda het in ballingskap gegaan van 605-572 VM en het terug Israel toe begin gaan in 539 VM. Hulle het toe die tweede Tempel van Zerubbabel gebou terwyl hulle onder die beheer van die Persies Ryk was. Dit was gevolg deur die Griekse Ryk, toe die Romeinse Ryk van die eerste eeu. Dus tot en met Yahshua se bediening het net Juda na die land teruggekeer. Al is daar 'n spoor van die stam van Benjamin en deel van die stam van Levi wat saam gesmelt het met Juda, was die wat in Israel geleef het meestal Jode. Daar was 'n klein bietjie van die Noordelike stamme wat na Juda geïmmigreer het gedurende Koning Jehoshaphat's se heerskappy, maar hulle was so relatief klein in nommer in vergelyking met die volle getal Israeliete van die noorde.

Soos ons in 'n vorige hoofstuk gewys het, die Noordelike huis van Israel, genoem die Huis van Efraim, het in Assiries gevangenisskap gegaan en van daar het hulle oor die hele wêreld geïmmigreer, maar het nooit na die land van Israel terug gekeer nie, tot vandag toe. Toe Yahshua dus die opdrag aan Sy dissipels gegee het om deur die hele wêreld te gaan en dissipels te maak, het Hy dit gedoen om die blye boodskap wat Hy na Juda gebring het ook aan Efraim te gee, met ander woorde, aan die ander stamme van Israel. Daar was twee huise van Israel. Een was die noordelike 10 stamme, of dan die huis van Josef, ook bekend as Efraim en die ander was die huis van Juda oftewel, die Jode. In Johannes 1:11 het ons gesien dat toe Yahshua sy aardse bediening gehad het was dit net aan die huis van Juda, wat dit basies verwerp het. Dit is logies dat Hy Sy dissipels nie na die Nasies (nie-Israeliete) sou stuur nie, wat in geen verbonds verhouding was nie, maar na die verlore skape van die huis van Israel. En dit is presies wat Hy gedoen het.

Mat 10:5 Yahshua het hierdie twaalf uitgestuur en hulle bevel gegee en gesê: Moenie gaan op pad na die heidene nie, en moenie ingaan in 'n stad van die Samaritane nie;

Mat 10:6 maar gaan liever na die verlore skape van die huis van Israel.

Mat 10:7 En gaan preek en sê: Die koninkryk van die hemele het naby gekom

Dit is nie te sê dat 'n heiden nie deel kan word van die een boom van Israel nie, en sodoende deel word van die verbond van Yahweh met Israel nie. Omdat Israel verwerp was, het dit 'n groot geleentheid aan heidene (nie-Israeliete) wêreld-wyd gegee. Voor Yahshua se opdrag aan die 12 om te gaan "in die wêreld in en die verlore skape van Israel te soek", sou 'n nie-israëliet nooit die geleentheid gehad het om uit te vind oor die ware Elohiem van Israel behalwe as hy in Israel gelewe het en homself verbind het aan die verbond van Israel. Nou dat die Apostels wêreld wyd gegaan het, opsoek na hulle broers, die verlore stamme van Israel, kon enige persoon van enige ras of kleur ook die goeie nuus hoor en die verbond aan Israel aanhang, as hy opreg was.

Hand 10:34 En Petrus het sy mond geopen en gesê: Ek sien waarlik dat Yahweh geen aannemer van die persoon is nie,

Hand 10:35 maar dat in elke nasie die een wat Hom vrees en geregtigheid doen, Hom welgevallig is.

Hand 10:36 Dit is die woord wat Hy gestuur het aan die kinders van Israel toe Hy die evangelie van vrede verkondig het deur Yahshua Messias—Hy is Meester van almal.

Petrus het gesien dat die Woord wat na Israel gekom het nou oop was vir die hele mensdom, as hulle die keuse sou gemaak het om deel te word van die verbond van Israel. Party het die boodskap van die twee Huise van Israel verkeerd verstaan en gesê dat verlossing net aan bloed gebore Israeliete beskikbaar is. Dit kan nie verder van die waarheid af wees nie! Die punt is om die twee Huise van Israel te verstaan, en dan sal ons verstaan wat die plan is wat ons Hemelse Vader vandag mee werk, die herroeping van Sy verbondsvolk, Israel. Dit is 'n bewys dat vervangingsteologie 'n leuen van satan is om die waarheid van Yahweh te verbloem. Verder, om te bewys dat die woord en wette van Yahweh pertinent vir ons as gelowiges vandag is, is omdat ons as Israeliete deel in die saad van Abraham. Die boodskap is nie bedoel om eksklusief vir een groep mense te wees nie of om iemand uit te sluit van Yahweh se verbond nie. Moet asseblief nie 'n fout maak nie! As jy 'n nie-Israeliet is wat probeer om homself te bind aan Yahweh deur 'n verbondsverhouding, is daar slegs een manier om dit te doen, deur die verbond met die Huis van Israel, deur Abraham ons voorvader. 'n nie-Israeliet moet homself verbind aan die boom van Israel eerder as om Yahweh in 'n heidense “g-d” te verander.

Dit is baie belangrik om kennis te neem dat dit is waarom alle ware gelowiges die Feeste van Yahweh gehoorsaam soos genoem in Levitikus hoofstuk 23 en nie Kersfees en Paasfees, wat heidense dae is nie. Die vroeëre gemeentes het nooit Kersfees of Paasfees in die dae van die Apostels gevier nie, dit was later ingemeng met die ware geloof deur heidense heersers soos Konstantyn, die Keiser van Rome. Kry asseblief ons gratis boek: “Die Groot Afvalligheid” op internet vir volle detail van die oorskakeling. Verlossing was geopen aan die nie-israeliete met die wegval van Israel maar Yahweh, ons Elohiem het nooit verander nie..

Rom 11:11 Ek vra dan: Het hulle miskien gestruikel om te val? Nee, stellig nie! Maar deur hulle val het die saligheid tot die heidene gekom om hulle jaloers te maak.

Om die nie-Israeliete tot die verbond toe te laat, was om Israel tot jaloesie te dryf. Maar wanneer nie-Israeliet Christene die vermetelheid het om vir Jode te sê dat as hulle “Jesus aanvaar”, dat hulle vark mag eet, die Sabbat kan verbreek en die “bose” Torah nie hoef te gehoorsaam nie, dien dit geen doel vir enigeen nie! Ek was in staat om aan baie Jode in Israel te getuig en selfs van hulle te doop. Wat hulle respek gewen het, was my liefde vir Torah en my respek vir die woorde van Yahweh. Ons sal later die rol van nie-Israeliete in die verbond bespreek wanneer ons die evangelie pad van die Apostel Paulus volg.

Dit is duidelik van die Skrif dat Yahshua nie Sy dissipels na die heidene gestuur het nie, maar na die verlore skape van die huis van Israel. Dit is absoluut duidelik dat Hy gekom het om die hele stam van Israel te red. **NIE NET DIE JODE NIE. ALL DIE STAMME!**

Joh 11:50 en dink nie daaraan dat dit vir ons voordelig is dat een man vir die volk sterwe en nie die hele nasie omkom nie.

Joh 11:51 En dit het hy nie uit homself gesê nie; maar omdat hy daardie jaar hoëpriester was, het hy geprofeteer dat Yahshua vir die volk sou sterwe.

Joh 11:52 En nie alleen vir die volk nie, maar ook om die verstrooide kinders van Elohiem tot 'n eenheid saam te voeg.

Oor die belofte gemaak aan David, moes die Messias van die Huis van Juda wees. Dit is waarom Yahshua eerste na sy eie (Juda) gekom het, maar Juda het Hom verwerp. (Joh 1:11). Dit is baie duidelik dat Hy die boodskap van verlossing weer teruggeneem het na die verbond van Yahweh, deur Sy bloed, en toe na die res van die Huis van Israel. Soos ons gesien het was Juda die primêre stam of huis in die dae van Yahshua. Efraim was nog in diaspora (ballingskap) toe Juda Yahshua verwerp het, toe was Efraim die geleentheid gegee om terug geënt te word in hulle eie verbond.

Die werk van die Apostels, soos deur Yahshua Homself gegee, was die begin van die herroeping van die verlore stamme van Israel, terug na die verbond van Yahweh. Neem kennis van die profesie wat Yahshua vir Juda gegee het in Lukas die 13de hoofstuk toe hulle Hom as Messias verwerp het.

Luk 13:34 Jerusalem, Jerusalem, jy wat die profete doodmaak en die wat na jou gestuur is, stenig, hoe dikwels wou Ek jou kinders bymekaarmaak, soos 'n hen haar kuikens onder die vlerke, en julle wou nie.

Luk 13:35 Kyk, julle huis word vir julle woës gelaat. Voorwaar Ek sê vir julle dat julle My sekerlik nie sal sien nie totdat die dag kom wanneer julle sal sê: Geseënd is Hy wat kom in die Naam van Yahweh!

Juda was gewaarsku dat hulle huis desolaat (woës) vir hulle gelos sou word. Ons het alreeds verduidelik dat die koninklike lyn van David ná Salomo vervloek sou word tot verlatenheid en dat die Messias deur die geslag van Natan gebore sou word. Dus sou Juda nie langer die primêre stam van Israel wees nie maar sou vervang word deur Efraim. Dit beteken nie dat Juda vir altyd verwerp sou wees nie, ons weet dat hulle oë geopen sal word wanneer Yahshua as die Messias terug keer.

Sag 12:10 Maar oor die huis van Dawid en oor die inwoners van Jerusalem sal Ek uitgiet die Ruach van genade en smeking; en hulle sal opsien na My vir wie hulle deurboor het, en hulle sal oor Hom rouklaag soos 'n mens rouklaag oor 'n enigste seun en bitterlik oor Hom ween soos 'n mens bitterlik ween oor 'n eersgebore kind.

Wanneer Yahshua terugkeer, sal die Huis van Juda Hom ook aanvaar as die Messias. Dit is baie interessant om op te let dat tussen die woorde, EK en HOM, is die twee Hebreeuse letters “alef” en “tav”. Dit is die eerste en laaste letters van die Hebreeuse alfabet en een van die Name wat Yahshua Homself noem.

Open 1:7 Kyk, Hy kom met die wolke, en elke oog sal Hom sien, ook hulle wat Hom deurstek het; en al die geslagte van die aarde sal oor Hom rou bedryf; ja, amen!

Open 1:8 Ek is die Alfa (Alef) en die Oméga (Tav), die begin en die einde, sê Yahshua, wat is en wat was en wat kom, die Almagtige.

Die “alfa” en die “omega” is die eerste en laaste letter van die Griekse alfabet net soos “alef” en “tav” in Hebreeus. Daar is nuwe historiese bewyse wat wys dat die oorspronklike boek van Openbaring heel moontlik in Hebreeus geskryf was. Albei Huise van Juda en Israel (Efraim) was ontrou en het 'n Messias nodig gehad om hulle te verlos van die verbonds belofte wat hulle gebreek het. Eers toe Yahshua na die aarde gekom het en die boete vir hulle sondes betaal het kon Hy begin aan 'n nuwe verbond met hulle. Sy offerande, eenkeer gemaak vir almal en wat aanhou tot met die hede, kon die boete vir toekomstige sondes betaal onder die nuwe verbond.

Jer 31:31 Kyk, daar kom dae, spreek Yahweh, dat Ek met die huis van Israel en die huis van Juda 'n nuwe verbond sal sluit;

Jer 31:32 nie soos die verbond wat Ek met hulle vaders gesluit het op dié dag toe Ek hulle hand gegryp het om hulle uit Egipteland uit te lei nie—my verbond wat hulle verbreek het, alhoewel Ek gebieder oor hulle was, spreek Yahweh.

Jer 31:33 Maar dit is die verbond wat Ek ná dié dae met die huis van Israel sal sluit, spreek Yahweh: Ek gee my wet in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart; en Ek sal vir hulle 'n Elohiem wees, en hulle sal vir My 'n volk wees.

Jer 31:34 En hulle sal nie meer elkeen sy naaste en elkeen sy broer leer nie en sê: Ken Yahweh; want hulle sal My almal ken, klein en groot onder hulle, spreek Yahweh; want Ek sal hulle ongeregtigheid vergewe en aan hulle sonde nie meer dink nie.

Nou dat Yahshua die boete betaal het vir die ou verbond, was dit moontlik vir Yahweh om 'n nuwe verbond met Israel te maak. Neem kennis dat Sy Torah dieselfde is in albei verbonde, die verskil is dat in die Nuwe Verbond is dit geskryf op ons harte, so dat die kinders van Israel nie ongehoorsaam sou wees nie. Dit is net moontlik deur die oordra van die Heilige Gees. Dus, as iemand nou 'n nuwe gelowige in Yahshua word is hy 'n nuwe skepping.

2 Kor 5:17 Daarom, as iemand in Messias is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword.

2 Kor 5:18 En dit alles is uit Elohiem wat ons met Homself versoen het deur Yahshua Messias en ons die bediening van die versoening gegee het,

Nou dat jy 'n gelowige in Yahshua is, word jy nie langer as 'n heiden of as 'n Messiaanse Jood beskou nie, maar eerder as 'n Messiaanse Israeliet. Yahshua, wat dinge vernuwe het, het ons almal een in Hom gemaak.

Gal 3:26 Want julle is almal kinders van Elohiem deur die geloof in Yahshua Messias;

Gal 3:27 want julle almal wat in Messias gedoop is, het julle met Messias bekleed.

Gal 3:28 Daar is nie meer Jood of Griek nie, daar is nie meer slaaf of vryman nie, daar is nie meer man en vrou nie; want julle is almal een in Yahshua Messias.

Gal 3:29 En as julle aan Messias behoort, dan is julle die nageslag van Abraham en volgens die belofte erfgename.

Deur Yahshua, die Skepper van alles, het ons geestelik een of “echad” met Hom geword. Hy sal ook fisies die saad van Abraham bymekaar maak vir Homself met Sy wederkoms, soos ons gesien het in Esegïel 37. Die werk van die eerste gelowiges was om deur die hele wêreld te gaan en die verlore stamme van Israel terug te bring na die verbond van Yahweh, deur die bloed van Yahshua. Terwyl hulle dit gedoen het, was verlossing daar vir enige persoon van enige ras of kleur wat Yahweh gevrees het en wat gesoek het om deel te word van die verbond van Israel.

Kom ons volg die pad van die oorspronklike Apostels en vind uit waar hulle gegaan het. Dit is interessant om te besef aan wie die Nuwe Testament geskryf was, om ten volle te verstaan waar die Apostels die evangelie verkondig het.

Paulus se primêre doel was aan die Nasies soos ons netnou sal sien. Meeste van die Nuwe Testament was deur Paulus geskryf. Eienaardig genoeg, selfs die boek van Handeling geskryf deur Lukas (wat tussen hakkies 'n Israeliet was en nie 'n Heiden), het

na hoofstuk 12 amper uitsluitlik oor die reise van Paulus gehandel en nie oor die ander Apostels nie. Is dit nie eienaardig dat daar 12 Apostels was gedurende Yahshua se tyd hier op aarde en tog word die grootste hoeveelheid van die Nuwe Testament geskryf deur 'n Apostel wat Hom nooit eers ontmoet het terwyl Hy op aarde was nie, en wie se primêre werk nie vir die verlore stamme van Israel was nie?

Daar is 'n baie goeie rede daarvoor. Yahweh het die identiteit van die verlore stamme van Israel verbloem tot die eindtyd. In ons Hemelse Vader se plan sal die verlore stamme van Israel nie herken word of terug keer na die land van Israel tot die laaste geslag wanneer die Messias verskyn. 'n Ander rede hoekom die identiteit van die verlore stamme verbloem sou word was vir hulle eie veiligheid.

Na die dood van die Apostels, aan die begin van die 2de eeu NC, het 'n grootse vervolging begin vir al die ware gelowiges tot en met 325NC en die Raad van Nicea onder Keiser Konstantyn. Na die Raad van Nicea was dit bepaal dat enigeen wat die Sabbat heilig of die Heilige dae vier of gevang word dat hulle die Jode navolg, soos Konstantyn dit gestel het, as kriminele gebrandmerk sou word. Menige was gedurende die tyd vermoor. Die ware gelowiges moes na die berge vlug vir die volgende 1200 jaar. Ek dokumenteer die tydperk ten volle in my boek getiteld: "Die Groot Afvalligheid".

Yahweh in Sy oneindige wysheid, het geweet dat Hy die identiteit van die Verlore Stamme van Israel moes verbloem (bedek) om hulle van godsdienste vervolging wat sou kom, te beskerm. Dit is waarom baie min gesê word in die Skrif oor waar die Apostels gereis het om die Woord te verkondig. Maar sekulêre geskiedenis vertel ons taamlik baie oor die reise van die Apostels.

Ten eerste moet ons kyk na 'n paar aanduidings wat in die Skrif gelaat was om ons te lei na die verskuilde roetes van die Verlore Stamme van Israel. Het jy opgelet dat elke boek in die Nuwe Testament eindig met die woord "Amein"? Dit verwys na die volledigheid van die geskrewe boek. Dit wil sê: elke boek behalwe drie. Drie boeke in die Nuwe Testament eindig nie met die woord amein nie omdat hulle nog nie volledig (voltooi) is nie en hulle bevat aanduidings oor die Verlore Stamme van Israel. Hulle is die Handeling, Jakobus (Jakob) en 3 Johannes. Ons sal later verduidelik hoekom Handeling nie 'n "Amein" aan die einde het nie wanneer ons die Apostel Paulus se reise bespreek.

Jakobus: Soos genoem het Jakob nie 'n Amein aan die einde nie. Ons sal sien dat dit opsetlik gedoen was om te wys dat die boek onvolledig is en om die identiteit van die stamme van Israel weg te steek. Kom ons kyk hoe die boek begin het aan wie Jakob geskryf het.

Jak 1:1 Jakobus, 'n dienskneg van Yahweh en die Meester Yahshua Messias, aan die twaalf stamme wat in die verstrooiing is: Groete!

Miskien het jy dit nooit opgelet nie, maar dit is duidelik dat Jakobus aan die 12 verlore stamme skryf in Diaspora. Baie interessant is dat hy selfs vir Juda insluit omdat, alhoewel baie Jode in die land van Israel gebly het, daar baie Jode gedurende die 1st eeu nog in Diaspora was. Handeling 2 maak 'n lys van die verplaaste Jode aan wie Petrus die evangelie verkondig het gedurende die Diaspora. Ons leer van Jakobus 4:1 dat daar oorlog was in die areas waar die verlore stamme geleef het:

Jak 4:1a Waarvandaan kom oorloë en vegterye onder julle?

As ons kyk na die geskiedenis boeke van 60NM (Na Messias), die tyd toe die boek van Jakobus geskryf was vind ons dat daar geen oorloë in Juda was gedurende die tyd nie. Oorloë het nie uit gebreek nie tot die Romeinse teenstand in 66NM. Die enigste oorloë op aarde gedurende die tyd was in die Parthiese Ryk en in die Britse Eilande. Interessant genoeg is dit bewys dat dit die presiese plekke was waar baie van die verlore stamme gebly het.

Nou dat ons na 3 Johannes kyk is die duidelik waarom hy die Amein uit gelaat het. Johannes was die laaste lewende Apostel en het meeste van sy bediening in Klein Asië gedoen. Met die tyd van die brief, was dit die einde van die eerste eeu NM en die vervolging van ware gelowiges was besig om in te kruip. Omdat baie van die verlore stamme in die streke was waarna hy geskryf het, het hy nie hulle woonplekke geopenbaar aan die aanvallers van die ware geloof.

Kom ons kyk nou na die eerste evangelie van Petrus.

1 Pet 1:1 Petrus, 'n apostel van Yahshua Messias, aan die uitverkore van die verstrooiing in Pontus, Galásië, Kappadocië, Asië en Bithínië,

Ons sien dat Petrus geskryf het aan die uitverkorenes versprei in die buiteland. Hy noem verskeie plekke waar die verlore Israeliete versprei was. Neem notisie van die verhouding wat hy met hulle het. Hy noem hulle “besoekers”. Die Griekse woord hier is “parepidemos”. Dit is letterlik 'n inwonende besoeker” of “ 'n vreemdeling langsaan”. Dit verwys nie na die ongelowiges nie maar na die “vreemdelinge” of “besoekers” wat tussen die ongelowiges gelewe het. Ons sien dat die Israeliete in die areas gewoon het soos deur die geskiedenis aan ons vertel en dat die Apostels daar vir hulle die boodskap geneem het. Petrus het nie van die Jode gepraat nie, hy sou nooit 'n Jood as 'n vreemdeling aangespreek het nie omdat hy self 'n Jood was. Die areas was die noordelike helfte van Klein Asië, almal net wes van die Parthiese Ryk.

Paulus het nie in die areas die boodskap geneem nie maar alleenlik na die suide of Griekse Klein Asië.

Rom 15:19b sodat ek die evangelie verkondiging van Messias volbring het van Jerusalem af en rondom tot by Illírikum;

Rom 15:20 maar só, dat ek my eer daarin gestel het om die evangelie te verkondig, nie waar Messias alreeds bekend was nie om nie op die fondament van 'n ander te bou nie

Nêrens sien ons dat Paulus praat in Pontus, Kappadocië of Bithinie nie. Hierdie areas was onder die jurisdiksie van Petrus en die ander 12 Apostels. Paulus het nie die goeie nuus van Yahshua in die noorde van Asië verkondig nie maar net in die suidelike helfte, in die distrikte van Efese. Paulus was uitdruklik verbied om in die noorde te preek.

Hand 16:6 En hulle het deur die land Frígië en Galásië gegaan, omdat die Heilige Gees hulle verhinder het om in Asië die woord te verkondig.

Hand 16:7 En toe hulle by Mísië kom, het hulle probeer om na Bithínië te gaan, maar die Gees het hulle dit nie toegelaat nie.

Hand 16:8 So het hulle dan Mísië verbygegaan en na Troas afgekom.

Paulus was verbied om na die areas te gaan, want die verlore stamme was daar en dit was die opdrag van die twaalf, nie aan hom nie.

Gal 2:7 Maar, inteedeel, toe hulle sien dat aan my (Paulus) die evangelie vir die onbesnedenes toevertrou is, net soos aan Petrus dié vir die besnedenes—

Paulus het in suid Galasië die woord verkondig, in dorpe soos Iconium, Lystra en Derbe, maar nêrens in die Skrif vind jy dat hy in die Noorde van Galasië gereis het nie.

Kom ons kyk nou na die reise van die twaalf Apostels in die geskiedenis. Metaphastes, die Griekse historikus, skryf oor die Apostel Petrus “dat Petrus nie net in die westelike dele by die Middellandse See gereis het nie, maar dat hy vir 'n besonderse lang tyd in Brittanje was waar hy baie nasies tot die ware geloof tot bekering gebring het”. Interessant om op te let dat Petrus in Brittanje die woord verkondig het aan die verlore stamme van Israel in dieselfde plek waar Jakobus skryf dat daar oorloë aan die gang was toe hy aan die verlore stamme geskryf het.

Vervolgens kyk ons na Andreas, broer van Petrus. Skithië, 'n belangrike plek van die Israeliete, soos ons alreeds bewys het, was aan Andreas toegeken asook die aangrensende lande. Ten eerste het hy deur Kappadosië gereis, boonste deel van Galasië en Bithinia om daar te kom, verby die Euxine See (oer naam vir die Swart See) na die “verlatenheid” van Skithië. Interessant dat dit die presiese streke was wat die Apostel Paulus vermy het oor die instroming van Israeliete. Kom ons kyk wat geskryf is oor Andreas se reise in Caves se “Antiquitates Apostolicae”:

“Andreas gaan volgende na Trapezus, 'n maritieme stad by die Euxline See, vandaar na baie ander plekke tot hy Nicea bereik waar hy twee jaar bly, verkondiging van die woord en wonderwerke doen hy met groot sukses. Vandaar na Nicomedia en toe na Chalcedon; vandaar seil hy deur Propontis en kom by die Euxline See tot by Heraclea en van daar na Amastris. Volgende kom hy by Sinope 'n stad geleë aan die see en hier ontmoet hy sy broer Petrus en vertoef daar vir 'n lang tydperk.

“Vandaar gaan hy na die land van die Abasgi ('n land in die Kaukasus) vandaar na Sameria, maar vind dat die inwoners uiters barbaars en onbehandelbaar is. Daar het hy nie lank vertoef nie, slegs in Cherson, 'n groot bevolkte stad binne in die Bosphorus (dié Bosphorus is die moderne Krimea) waar hy 'n tydlank vertoef met insturksies en onderrig in die geloof. Hy neem 'n skip en seil oor die see na Sinope, geleë in Paphlagonia”. Andreas het die goeie nuus verkondig in die presiese areas volgens geskiedenis, waar die verlore stamme van Israel gewoon het.

Vervolgens kom ons by Simeon die Yweraar. Geskiedenis vertel ons dat “Simeon sy reise in die rigting van Egipte gestuur het, vandaar na Syrene en Afrika en dwarsdeur Mauritanië en die hele Libië terwyl hy die goeie nuus verkondig het. Selfs die koue klimaat kon nie sy ywer verdoof of hom stop om per skip na die westerse eilande te seil met die goeie nuus”. Het jy opgelet dat Simeon die boodskap verkondig het in noord Afrika, dieselfde area waar die Karthage Ryk was waar die Verlore Stamme van Israel geïmmigreer het?

Baie interessant is dat toe die Sakse (Seuns van Isak) na Ierland geïmmigreer het en later na Brittanje, het hulle 160 000 wit Afrikane saam geneem. Die ontelbare duisende was nié

Arabiëre of Berbers nie, maar 'n wit ras wat in Afrika geleef het nadat hulle uit die Midde Ooste deur 'n kragtige vyand gedryf was en tot in Griekeland vervolgt is. Vandaar het hulle ontsnap na Noord Afrika. Watter wit nasie was uit die Midde Ooste gedryf van die westerse oewers van Asië? Dit is duidelik die Huis van Israel. Van die noordelike oewers van Afrika het party noord getrek na Ierland en Brittanje en ander het suid gegaan na lande soos Kenia en Ethiopië. Ek weet van duisende Keniane wat die Sabbat en die Torah gehoorsaam wat nageslagte is van die stamme van Israel. Baie Ethiopiërs word as Israeliete herken en word toegelaat om in Israel te woon. In 1981 word duisende Ethiopiërs deur die Israelse Leërmagte per vliegtuig na Israel geneem nadat een van die hoof Rabbi's aangekondig het dat hulle inderdaad Israeliete is, heel moontlik van die stam van Dan.

Volgende kyk ons na Jakobus, seun van Alpheus. "Na die dood van Steanus het Jakobus na die westelike dele, en spesifiek na Spanje gegaan waar hy die ware boodskap verkondig. Waarom Spanje? 'n Bekende feit van toeka se dae is dat Spanje die hoofweg van immigrasie was van die Middellandse See na die Britse Eilande. Die ou koninklike huis van Ierland het vir 'n tydperk in Spanje gebly.

Wat van die "Parthian" Ryk waar baie Israeliete gewoon het?

Geskiedenis vertel ons dat "Thomas die ware boodskap na Parthia geneem het en na dit het Sophronius en ander ons ingelig dat "hy het ook die boodskap verkondig aan die Meders, Perse, Germane, Hyrcani, Bactriane en die naburige nasies". Ons ken die lande vandag as Iran, Afganistan en so ver as die weste van Indië. Gedurende die Apostels se dae was die grootste deel van die area onderhorig aan die Parthians. Daar is baie groepe in Afganistan en so ver as Indië wat daarop aanspraak maak dat hulle afstammelingen van die verlore huis van Israel is. Baie kan hulle afkoms naspoor tot en met die Parthian Ryk.

"The Arts and Entertainment channel" het 'n paar jaar gelede 'n program oor die groepe gehad wat die immigrasie reise gedokumenteer het. Hulle verwys na 'n taamlike groot groep setlaars wat op die grens van Indië-Burma gewoon het en wat hulle self "Menasse" genoem het, vernoem na die stam van Manasse. Rabbi Eliyahu Avichail, 'n bekende rabbi van Israel, het baie van die Manasse Indiane gehelp om na Israel te immigrer. Hulle het ou kaarte wat wys dat hulle afstammelingen is van Manasse. Die kaarte wys die roete wat hulle voorouers geneem het oor sentraal Asië deur Sjina tot in Indië. Thomas het in Indië die woord verkondig aan wat geskiedenis noem die "wit Indiane", maar ons weet dat hulle verplaaaste Israeliete was. Bartlomeus het saam met Thomas die uitgestrekte vlaktes gedeel volgens Nicephorus. Bartlomeus het ook 'n deel van sy tyd in naburige Armenië en in 'n deel van Phrygia in Klein Asië deurgebring, die selfde area waar Andrew was en na wie Petrus twee van sy briewe gestuur het.

Nou kom ons by Thaddaeus, wat deel was van die groep in Assirië en Mesopotamië. Dit was deel van Parthia wat Josefus aanwys wat nog bewoon was deur die tien Noordelike stamme van Israel.

Dan kom ons by Phillipi. Scythia en opper Asië was die areas toegeken aan Phillipi. Baie Israeliete het daarheen geïmmigreer na die Assiriese gevangenskap. Scythia was die naam van die eindelose vlaktes noord van die Swart en Kaspiese See. Van Scythia immigrer die Skotte. Die woord Skot word afgelei van die woord Scyth en dit beteken "inwoner van Scythia". Die Skotte is deel van die Huis van Israel. Interessant genoeg is

dat die woord Scythia in Kelties dieselfde betekenis as Hebreeus het in Semitiesk – “n swerwer” of “trekvoël”, wat die Israeliete werklik was.

Wat van Mattheus? Metaphrastes vertel ons “dat Mattheus eerste na Partha toe gegaan het en nadat hy die ware geloof suksesvol verkondig het in daardie areas, verder gereis het na Aethiopië, dit is Asiatiese Aethiopië naby Indië geleë. Vir etlike eeue was dié streek van Hindoe Kush, wat gegrens het aan Scythia en Partha, bekend as “Wit Indië”. Dit lê effe oos van waar Assirië die gevange Israeliete gevestig het. 'n Natuurlike proses van aanwassing lei die Huis van Israel na die yl bevolkte areas.

En nou kom ons by Matthias, die Apostel wat nie genoem was nie tot na die opstanding van Yahshua. Ethiopiese en Griekse bronne verwys na Dacia (moderne Romanië) en Masedonië, noord van Griekeland as deel van Matthias se bediening. Dacia was die uiterste westlike deel van Scythia. Van Dacia het die Normandiers gekom wat in Skandinawië, Frankryk en Britanje gevestig het. Skandinawië was oorspronklik “Scyth-anavia” genoem in eer van die Scythe.

Ten laaste kom ons by die Apostel Johannes. Die Franse tradisie dat Maria, die moeder van Yahshua, na Gallië (moderne Frankryk) gereis het, ondersteun die berig dat Johannes in sy vroeëre jare in Gallië was. Daar is baie historiese feite wat wys dat die stam van Ruben na Frankryk geïmmigreer het. 'n Interessante punt, as jy onthou, is dat in die laaste oorlog in 2003 tussen Amerika en Irak was Frankryk die mees uitgesproke opponent TEEN Amerika omdat hulle Irak beset het. Die rede kan wees waar aan meeste mense nie dink nie.

1 Kronieke 5 vertel ons dat Ruben versprei het van Gilead al die pad tot by die Eufraatrivier (Moderne Irak).

1 Kr 5:6 sy seun Beëra, vir wie Tiglathpilésér, die koning van Assirië, in ballingskap weggevoer het; hy was 'n vors van die Rubeniete.

1 Kr 5:9 En teen die ooste het hy gewoon tot by die ingang na die woestyn, van die Eufraatrivier af; want hulle vee het baie geword in die land Gilead.

Ons kan dus sien waarom Ruben (Frankryk) meer het om te beskerm teen Amerika toe hulle Irak wou beset as wat vantevore besef was. Ons weet van baie historiese bronne, insluitende Eusebius, dat die meeste van Johannes se laaste jare in Klein Asië deur gebring was, waar hy basies die enigste gemeenteleier was. Dit was dieselfde areas waarheen Petrus sy evangelies gestuur het, daar waar die verlore stamme van Israel gewoon het.

Die blye boodskap van die Koninkryk het nie die land van Israel verlaat tot omtrent 10 jaar of so nadat die Nuwe Testament Gemeente gestig was. Teen die tyd wat die blye boodskap aan die verlore stamme verkondig was, was Jakobus alreeds onthoof deur Herodus en hy was die enigste Apostel wat nie die land van Israel verlaat het nie.

Dit is absoluut verbasend as jy die perkament rolle van die geskiedenis oop rol om te sien waar die oorspronklike Apostels die Woord verkondig het. Die meeste mense het geen ideë wat die Apostels gedoen het nie. Die meerderheid geskiedenis van die gelowiges spruit uit derde eeuse filosofie en heidense Romeinse kerk leiers. Dit is uiters belangrik

dat die ware boodskap na waar die Apostels gegaan het, ontbloot word. Dit sal aan die mense openbaar dat die Apostels presies gedoen het wat Yahshua hulle aangesê het om te doen.

Mat 10:5 Yahshua het hierdie twaalf uitgestuur en hulle bevel gegee en gesê: Moenie gaan op pad na die heidene nie, en moenie ingaan in 'n stad van die Samaritane nie; Mat 10:6 maar gaan liever na die verlore skape van die huis van Israel.

Kom ons neem 'n oomblik en kyk na die Apostel Paulus. Ons het alreeds bewys dat Paulus nie na noord Asië of selfs Klein Asië gegaan het nie, want die ander Apostels was alreeds daar om die boodskap aan die verlore stamme van Israel te bring.

Rom 15:20 maar só, dat ek my eer daarin gestel het om die evangelie te verkondig, nie waar Messias alreeds bekend was nie om nie op die fondament van 'n ander te bou nie

Nee, Paulus het na Suid Klein Asië gegaan en na die Grieks sprekende areas rondom die Middellandse See tot en met Rome, volgens die woord wat aan hom gegee was deur Yahshua. Was dit die enigste areas waarheen Paulus gegaan het? Kom ons kyk na nog 'n kommissie van hom.

Hand 9:15 Maar die Meester sê vir hom: Gaan, want hy is vir My 'n uitverkore werktuig om my Naam te dra voor nasies en konings en die kinders van Israel.

Dit was Paulus se opdrag. Hy moes getuig van Yahshua aan al die Nasies. Hy moes na konings gaan. Handeling 24 & 26 vertel ons van hoe Paulus voor Felix, Festus en ook Koning Agrippa getuig het. So kragtig was Paulus se getuie aan Koning Agrippa dat sy antwoord aan Paulus was:

Hand 26:28 En Agrippa sê vir Paulus: Jy beweeg my byna om 'n gelowige te word.

Ons almal weet van Paulus se dapperheid en onbeskaamde moed, maar wat van die derde deel van sy opdrag “dat hy sou getuig voor die kinders van Israel?” Onthou jy dat daar drie boeke was wat nie geëindig het met 'n Amein nie? Dit was om die identiteit van die verlore stamme van Israel te verbloem. Ons het alreeds twee van die boeke bespreek, die evangelie van Jakobus en die evangelie van Johannes. Wat van die derde boek sonder 'n Amein, die boek Handeling? Snaaks dat nadat hy 'n grafiese, gedetailleerde beskrywing van die vroeëre gemeente gegee het eindig die skrywer, Lukas, skielik in die middel van die storie. Het jy al ooit gewonder wat met Paulus gebeur het na Handeling 28? Daar is 'n manuskrip wat baie glo geloofwaardig is en wat die storie van Handeling 29 voortsit. Dit vertel die res van Paulus se reise.

Handeling 29: “En Paulus, vol van die seëninge van Messias en oorvloeiend in die gees, vertrek van Rome, vasberade om na Spanje te gaan, want dit was sy voorneme vir 'n lang tyd en van daar na Brittanje. Want hy het in Phoenesië gehoor dat sommige van die kinders van Israel, om en by die tyd van die Assiriese gevangeskap, ter see ontsnap het na “die Eilande ver weg” soos beskryf deur die profeet en genoem Brittanje deur die Romeine. Die Allerhoogste gebied die verkondiging van die evangelie aan alle nasies van die heidene asook aan die verlore skape van die huis van Israel. En geen man het Paulus verhinder; want hy het moedig Yahshua verkondig voor volksvertegenwoordigers asook tussen die mense. Hy het saam met hom sekere van die broeders wat ook in Rome was

gekies en hulle het aan boord 'n skip gegaan in Ostrium en met goeie wind het hulle veilig geland in Spanje. En baie mense het saam vergader van die stede en dorpe asook die heuwelagtige gebiede; want hulle het gehoor van die bekering van die apostel en sy baie wonderwerke. En Paulus het kragtig gepreek in Spanje en groot menigtes het tot bekering gekom want hulle het besef dat hy 'n apostel was gestuur deur Elohiem.

Toe Paulus Spanje verlaat, het hy en sy geselskap 'n skip gevind in Armorika wat na Brittanje toe gevaar het, hulle het al langs die suidkus gevaar totdat hulle 'n hawe bereik, genoem Raphinus. Toe dit bekend word dat die apostel aan hulle kus geland het, het groot menigtes van die inwoners hom ontmoet en hulle het Paulus hoflik behandel en hy het die stad deur die oostelike hek ingegaan en in die huis van 'n Hebreër, een van sy eie nasie, gewoon. Die volgende dag het hy na berg Lud gegaan en die mense het die hek verdring, hulle vergader in die “Broadway” waar hy aan hulle die Messias verkondig het en hulle het die woord en die getuie van Yahshua geglo.”

Wat 'n interessante einde aan die storie. Hier vind ons uit dat Paulus nie net na Spanje gegaan het soos hy belowe het nie, maar hy het sy opdrag na gekom soos Yahshua gesê het hy sou, om ook na die verlore skape van die kinders van Israel te gaan.

Paulus, na sy vrylating in Rome, het deur Spanje na Brittanje gereis voor dat hy weer na Rome terug gegaan het waar hy deur Nero in 64 NM onthoof is. So baie paaie lei Israel terug na Brittanje. Die woord “British” kom van twee Hebreuse woorde. Die eerste deel “Brit” beteken verbond en die tweede deel “ish” beteken man. Die woord “British” beteken letterlik “verbonds man” in Hebreus. Hulle is ook Anglo-Sakse, Sakse of Sak-sons (seuns) van I-Sak soos ons vroeër in die boek gewys het.

Daar is net te veel ooreenkomste om toevallig te wees. As jy eerlik met jouself is en na al die bewyse kyk, is daar geen manier om verby die feite te kom dat die seuns van Israel nie verlore is nie, maar verspreid is dwarsdeur die hele bewoonbare wêreld, met 'n konsentrasie in Groot Brittanje, Europa en Amerika. Die opdrag aan die Apostels om die verlore skape van Israel te soek, het nie 2000 jaar gelede gestop nie, maar is vandag nog aan die gang. Die wonderlike plan van ons Hemelse Vader in die eindtyd is om 'n nasie (Israel) vry te koop en terug na Hom te bring, deur Sy Regverdige Dienskneg, Yahshua Messias. Jy kan ook by die plan van Yahweh aansluit om die seuns van Israel terug te koop na Hom toe deur die waarheid met Christene te deel wat geen idee het van hulle Israelse erfenis.

Kom ons kyk nou wat die Skrif sê oor die rol wat die Messias in die tyd gaan speel in die restorasie van die Nasie van Israel terug na hulle eie land.

HOOFSTUK 7

DIE HERVERENIGING EN DIE KONINGSMAN VERLOSSER

Tot en met dié punt het ons gesien dat Yahweh 'n verbonds- verhouding met die nageslag van Abraham gemaak het en met die nageslag van Abraham alleenlik van al die nasies op aarde. Ons het die beloftes gesien wat saam met die seëninge gekom het in die verbondsverhouding. Ons het ook die rebelse houding van die nasie van Israel teen Yahweh se Torah gesien en die Diaspora en gevangenisskap wat gevolg het. Toe het ons na die Messias gekyk wat moes kom om Israel terug te bring na die oorspronklike

verbondsverhouding. Dié proses het begin met die dood en opstanding van Yahshua van Nasaret met een stam, Juda (Sy eie stam van die saad van David), dit duur vandag nog voort soos Sy ware dissipels dwars deur die hele wêreld gaan en die seuns van Israel terug koop vir ons Hemelse Vader, deur die Nuwe Verbond wat nie bekragtig was met die bloed van bulle en bokke nie, maar bekragtig was met die bloed van Sy enigste Seun, Yahshua.

Nou, wat beteken dit vir ons vandag? Absoluut alles! Om die kennis te hê van die plan van verlossing deur die verbond van Israel, is dit vir ons moontlik om presies te weet wat ons Hemelse Vader vandag op die aarde doen. Dit help ons om wêreld gebeure te verstaan soos dit ontvou, maar die belangrikste van alles is dit help ons om te sien dat die wederkoms van ons Meester Yahshua baie naby is. Dit help ons ook om te verstaan waarom ons vandag nog die ewige Torah van ons Hemelse Vader moet gehoorsaam. As ons eers verstaan dat die verbond net deur die saad van Abraham gemaak was en dat selfs vandag as iemand van die Nasies wil deel word van die verbond van Israel dit gedoen moet word deur deel te word van die een boom van Israel. Dit maak absoluut sin hoekom alle gelowiges, het sy Israeliet gebore of ingeënte nasie, dieselfde verbondswette van die Torah moet gehoorsaam.

Rom 11:11 Ek vra dan: Het hulle miskien gestruikel om te val? Nee, stellig nie! Maar deur hulle val het die saligheid tot die heidene gekom om hulle jaloers te maak.

Rom 11:12 En as hulle val die rykdom van die wêreld is en hulle tekort die rykdom van die heidene, hoeveel te meer sal hulle volheid dit nie wees nie!

Rom 11:13 Want aan julle heidene sê ek: Vir sover as ek 'n apostel van die heidene is, verheerlik ek my bediening

Rom 11:14 as ek tog maar net my eie volk jaloers kan maak en sommige uit hulle kan red!

Rom. 11:15 Want as hulle verwerping die versoening van die wêreld is, wat sal hulle aanneming anders wees as lewe uit die dode?

Rom 11:16 En as die eersteling heilig is, dan die deeg ook; en as die wortel heilig is, dan die takke ook.

Rom 11:17 En as sommige van die takke afgebreek is, en jy wat 'n wilde olyfboom was, onder hulle ingeënt is en deel gekry het aan die wortel en die vettigheid van die olyfboom,

Rom 11:18 moet dan nie teen die takke roem nie; en as jy roem dit is nie jy wat die wortel dra nie, maar die wortel vir jou.

Rom 11:19 Jy sal dan sê: Die takke is afgebreek, sodat ek ingeënt kon word.

Rom 11:20 Goed! Deur ongeloof is hulle afgebreek, maar jy staan deur die geloof. Moenie hoogmoedig wees nie, maar vrees.

Rom 11:21 Want as Elohiem die natuurlike takke nie gespaar het nie, sal Hy miskien jou ook nie spaar nie.

Rom 11:22 Let dan op die goedertierenheid en die gestrengheid van Elohiem: gestrengheid oor die wat geval het, maar goedertierenheid oor jou as jy in die goedertierenheid bly; anders sal jy ook afgekap word.

Rom 11:23 Maar ook hulle sal, as hulle nie in die ongeloof bly nie, ingeënt word; want Elohiem is magtig om hulle weer in te ent.

Rom 11:24 Want as jy afgekap is van die olyfboom wat van nature wild was, en teen die natuur op die mak olyfboom ingeënt kan word, hoeveel te meer kan hulle dan wat dit van nature is, op hul eie olyfboom ingeënt word?

Die verse in Romeine is baie interessant vir twee redes. Ten eerste bewys dit die punt van dié boek dogmaties – die een- Israel prinsiep. As jy Romeine hoofstukke 9-11 lees,

wie kan argumenteer dat as 'n nie-Israeliet 'n gelowige in Yahshua word hy deel word van die een boom van Israel? Dat Yahweh NIE op een of ander manier 'n heidense Elohiem word nie maar dat die nuwe gelowige, van die Nasies, geënt word in die een boom van Israel en nou 'n saad word van Abraham deur die Messias? Nou is hy niks anders as die tuis gebore Israeliet nie. Hy kry dieselfde beloftes, hy is onder dieselfde verbondsverhouding, en hy moet presies dieselfde wette en reëls van die tuis gebore Israeliet nakom onder die verbondsooreenkoms.

Num 15:15 Wat die vergadering aangaan, een en dieselfde insetting geld vir julle en vir die vreemdeling wat by julle vertoef. 'n Ewige insetting in julle geslagte is dit: soos julle, so moet die vreemdeling voor die aangesig van Yahweh wees.

Num 15:16 Een wet en een reg moet geld vir julle en vir die vreemdeling wat by julle vertoef.

Yahweh is geen respekteerder van persoon nie. Hy sal nie die gebore Israeliet meer eer as die ingeënte nie-Israeliet nie.

Efe 2:19 So is julle dan nie meer vreemdelinge en bywoners nie, maar medeburgers van die heiliges en huisgenote van Elohiem,

Ek kan nie genoeg nadruk lê op dié punt nie: dat vir albei, Israeliet en nie-israeliete, dit 'n vereiste is, onder die terme van die verbond, om die Torah van Yahweh tot ons beste vermoë te onderhou. Ons gehoorsaam nie die Torah om gered te word nie, aangesien die bloed van Yahshua dit alreeds gedoen het, ons gehoorsaam Torah omdat ons reeds gered is. Onthou, die hele nasie van Israel het in gevangeskap gegaan oor die presiese ding. Hulle het ander “gode” gedien en hulle het Yahweh se geboorte en verbond verbreek. Tweedens, maar net so belangrik, die verse wys dat Yahweh Israel nie vir altyd verwerp het nie maar dat hulle terug geënt kan word in hulle eie boom.

Kom ons sien hoe die Skrif lewendig word as ons al die verse van hoe Yahweh die kinders van Israel terug roep in die eind- tye, bymekaar sit. In die boek van Hosea hoofstuk 1 sien ons dat Yahweh vir Hosea aansê om 'n prostituut te trou, wat Israel verteenwoordig, en om sy kinders “Elohiem sal saai” en “Nie my mense” te noem. Dit lyk baie beslissend. Met 'n eerste blik lyk dit of Yahweh Israel heeltemal verwerp het, maar dit is om van 'n menslike standpunt te redeneer. Yahweh is so getrou dat selfs as ons ontrou is, bly Hy getrou want dit is Sy natuur.

2 Ti 2:11 Dit is 'n betroubare woord; want as ons met Hom gesterf het, sal ons ook met Hom lewe.

2 Ti 2:12 As ons verdra, sal ons met Hom regeer. As ons Hom verloën, sal Hy ons ook verloën.

2 Ti 2:13 As ons ontrou is, Hy bly getrou; Hy kan Homself nie verloën nie.

Selfs wanneer ons strompel, bly Hy getrou want Hy kan Homself nie verloën nie. Wat beteken dit? Hoe kan Hy Homself verloën as Hy weg draai van Israel omdat hulle die verbond met Hom gebreek het? Die antwoord is baie eenvoudig. 'n Verbond is 'n ooreenkoms tussen twee partye. Met die eerste blik kan baie glo dat die partye Yahweh en Abraham was. Maar was dit die twee partye van die Ewigdurende verbonds ooreenkoms?

Gen 12:3 en in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word.

Die belofte aan Abraham was dat deur sy “saad” die hele wêreld geseën sou word; nie deur Abraham homself nie. En wie was die saad?

Gal 3:16 Nou is aan Abraham die beloftes toegesê en aan sy saad. Hy sê nie: En aan die sade, asof dit op baie sien nie, maar op een: En aan jou saad, dit is Messias.

Onthou jy die derde stap van die bloedverbond seremonie? Dit is die werklike sny van die dier, vergieting van die bloed en om deur die stukke te loop in die figuur van agt en om te eindig waar jy jou verbondsvennoot van aangesig tot aangesig ontmoet. Dit is die mees belangrikste stap in die bloed verbond, want sonder die storting van bloed is daar geen vergifnis van sonde.

Lev 17:11 Want die siel van die vlees is in die bloed, en Ek het dit aan julle op die altaar gegee om vir julle siele versoening te doen; want die bloed bewerk versoening deur die siel.

Joodse mense het vandag 'n baie moeilike tyd met die vers. Hulle weet dat daar geen versoening is sonder die stort van bloed. Yahweh het dit baie duidelik gemaak in die Tuin van Eden toe Hy as eerste Hoëpriester die slagoffer geslag het om Adam en Eva te klee. Vir dié rede probeer die Jode desperaat om die afgelope 2000 jaar die Tempel van Yahweh te herbou vir die slag van diere.

Kom ons gaan terug na die verbonds ooreenkoms tussen Abraham en Yahweh waar ons iets baie interessant sien in die mees belangrikste stap van die 3de deel van die bloedverbond.

Gen 15:9 En Hy antwoord hom: Neem vir My 'n driejaaroud vers en 'n driejaaroud bokooi en 'n driejaaroud ram en 'n tortelduif en 'n jong duif.

Gen 15:10 En hy het dit alles vir Hom gebring en dit middeldeur gedeel en die helftes teenoor mekaar gelê; maar die voëls het hy nie verdeel nie.

Gen 15:12 En toe die son wou ondergaan, val daar 'n diepe slaap op Abram, en kyk, skrik en groot duisternis het hom oorval.

Gen 15:17 En ná sononder, toe dit heeltemal donker was, gaan daar 'n rokende oond en vurige fakkel tussen dié stukke vleis deur.

Gen 15:18 Op dié dag het Yahweh met Abram 'n verbond gesluit en gesê: Aan jou nageslag gee Ek hierdie land, van die rivier van Egipte af tot by die groot rivier, die Eufraatrivier:

Het jy agtergekom wat in vers 17 geskryf staan? Abraham het nooit tussen die stukke van die slagoffer geloop nie. Dit was 'n “rokende oond en vurige fakkel” wat deur die stukke geloop het! Die belofte aan Abraham was nie dat die Ewige verbond deur hom gemaak moes word nie, nee, oor sy getrouheid sou dit gemaak word met sy saad, die Messias. So getrou as wat Abraham was, was hy nie perfek nie. Slegs die perfekte Seun van Yahweh kon werklik kwalifiseer om die perfekte offerande te wees, sonder vlek of klad, om Israel, die saad van Abraham, terug te koop van die doodsvonnis opgehef vir die breek van die verbond met Yahweh.

Heb 6:13 Want toe Yahweh aan Abraham die belofte gegee het, het Hy, omdat Hy by geen meerdere kon sweer nie, by Homself gesweer

Heb 6:17 Daarom het Yahweh, omdat Hy nog kragtiger aan die erfgename van die belofte die onveranderlikheid van sy raad wou toon, dit met 'n eed gewaarborg;

Heb 6:18 sodat ons deur twee onveranderlike dinge, waarin dit onmoontlik is dat Elohiem sou lieg, kragtige bemoediging kan hê, ons wat ontvlug het, om vas te hou aan die hoop wat voorlê;

Heb 6:19 en ons het dit as 'n anker van die siel wat veilig en vas is en ingaan tot binnekant die voorhangsel

Heb 6:20 waar Yahshua as voorloper vir ons ingegaan het, Hy wat volgens die orde van Melgisédék 'n hoëpriester geword het vir ewig.

Abraham het nooit die verbond met Yahweh verseël nie; slegs die belofte dat dit later deur die bloed van Yahshua verseël sal word. Yahweh (rokende oond) het verbond gemaak met Yahshua (vurige fakkel), die toekomstige saad van Abraham.

Dit is baie belangrik dat ons dié situasie verstaan. Die mens, selfs in sy beste vorm, is 'n swak sondaar in behoefte van verlossing. Daar is geen mens wat goed is nie! Daar is werklik nie een wat Yahweh opreg soek nie! Enige goedheid wat van ons kom is net 'n weerkaatsing van Sy Ruach en Sy lig wat in ons skyn. Geen man wat ooit geleef het, behalwe Yahshua, die Seun van Yahweh, kon kwalifiseer om die ewig- durende verbond te verseël.

Jes 59:15 Ja, die waarheid word vermis; en wie afwyk van die kwaad, word geplunder. Toe het Yahweh dit gesien, en dit was verkeerd in sy oë dat daar geen reg was nie.

Jes 59:16 En Hy het gesien dat daar niemand was nie en Hom verbaas dat niemand tussenbei tree nie; daarom het sy arm Hom gehelp en sy geregtigheid het Hom ondersteun.

Twee dinge wat in Hebreeus 6 bespreek word is: 1) dat dit onmoontlik is vir Yahweh om te lieg en 2) die belofte van die Vader en die bevestiging van die Seun. GEEN MAN WAT OOI GELEEF HET, HET DIE GESAG GEHAD OM DIE BELOFTE TE MAAK NIE EN GEEN MAN WAT OOI GELEEF HET, HET DIE GELOOF GEHAD OM DIT TE BEVESTIG NIE. Vanweë Abraham se gewilligheid om alles op te offer vir 'n verhouding met Yahweh, insluitende sy eie seun Isak, het Yahweh hom geseën met die ware verbondsvennoot, Yahshua, komende van sy geslag. Onthou nou, as jy eers in 'n verbond met iemand is brei die verbond uit na alle familieledede van die vennoot. So word alle familieledede van Abraham ook verbondsvennote. Daarom word 'n ongelowige, by bekering, deel van die saad van Abraham. Hoekom? Want daar is slegs 'n verbond met die saad van Abraham. Dit is ook waarom 'n Messias van die saad van Abraham moes kom (Israel), om hulle te verlos oor die verbond wat hulle gebreek het. Kom ons kyk na die verbondsooreenkoms.

Eks 24:3 Toe Moses kom en aan die volk al die woorde van Yahweh en al die verordeninge vertel, antwoord die hele volk met een stem en sê: Al die woorde wat Yahweh gespreek het, sal ons doen.

Eks 24:6 En Moses het die helfte van die bloed geneem en dit in komme gegooi en die helfte van die bloed teen die altaar uitgegooi.

*Eks 24:7 En hy het die boek van die verbond geneem en dit voor die ore van die volk gelees. En hulle het gesê: Alles wat Yahweh gespreek het, sal ons doen en daarna luister.
Eks 24:8 Toe neem Moses die bloed en gooi dit uit op die volk en sê: Dit is die bloed van die verbond wat Yahweh met julle gesluit het op grond van al hierdie woorde.*

Yahweh het 'n verbondsooreenkoms met die seuns van Israel by Berg Sinai gemaak. Yahweh het gesê dat Hy Israel sou seën en Israel het saamgestem om al die woorde van Torah te gehoorsaam en om dit na te kom, iets wat onmoontlik was. Yahweh het geweet dat Israel nooit Sy Torah sou kon gehoorsaam nie en het hulle gesmeek om nie in die verbond in te gaan nie.

Jos 24:15 Maar as dit verkeerd is in julle oë om Yahweh te dien, kies dan vir julle vandag wie julle wil dien: òf die gode wat julle vaders daar oorkant die Eufraat gedien het, òf die gode van die Amoriete in wie se land julle woon; maar ek en my huis, ons sal Yahweh dien.

Jos 24:16 Toe antwoord die volk en sê: Dit is ver van ons, dat ons Yahweh sou verlaat om ander gode te dien;

Jos 24:17 want Yahweh onse Elohiem, dit is Hy wat ons en ons vaders uit Egipteland uit die slawehuis laat optrek het, en wat voor ons oë hierdie groot tekens gedoen het en ons bewaar het op die hele pad wat ons gegaan en onder al die volke waar ons dwarsdeur getrek het;

Jos 24:18 en Yahweh het al die volke en die Amoriet, die inwoner van die land, voor ons uit verdrywe. Ook ons sal Yahweh dien, want Hy is onse Elohiem.

Jos 24:19 Maar Josua het vir die volk gesê: Julle kan Yahweh nie dien nie, want Hy is 'n heilige Elohiem, Hy is 'n jaloerse Elohiem; Hy sal julle oortreding en julle sondes nie vergewe nie.

Jos 24:20 As julle Yahweh verlaat en vreemde gode dien, sal Hy julle weer kwaad aandoen en julle vernietig, nadat Hy aan julle goed gedoen het.

Jos 24:21 Toe sê die volk vir Josua: Nee, maar ons sal Yahweh dien.

Jos 24:22 Daarop sê Josua aan die volk: Julle is getuies teen julleself dat julle vir julleself Yahweh gekies het om Hom te dien. En hulle sê: Ons is getuies.

Jos. 24:23 Verwyder dan nou die vreemde gode wat onder julle is, en neig julle hart tot Yahweh, die Elohiem van Israel.

Jos 24:24 Daarop sê die volk aan Josua: Ons sal Yahweh onse Elohiem dien en na sy stem luister.

Jos 24:25 En op dié dag het Josua met die volk 'n verbond gesluit en vir hulle 'n insetting en 'n reg vasgestel in Sigem.

Jos 24:26 En Josua het hierdie woorde in die wetboek van Elohiem geskrywe en 'n groot klip geneem en dié daar opgerig onder die eikeboom wat by die heilige plek van Yahweh is.

Jos 24:27 Toe sê Josua aan die hele volk: Kyk, hierdie klip sal 'n getuie teen ons wees, want hy het al die woorde van Yahweh gehoor wat Hy met ons gespreek het; en hy sal 'n getuie teen julle wees, sodat julle jul Elohiem nie verloën nie.

Deut 27:26 Vervloek is hy wat die woorde van hierdie wet nie hou om dit te doen nie; en die hele volk moet sê: Amein.

Toe het Yahshua aarde toe gekom om die Torah te vergroot en om vir ons te wys dat sonde in die verstand (hart) begin. As ek selfs in woede dink, het alreeds my broer vermoor! As ek slegs iemand se vrou begeer het, het ek alreeds ontug of owerspel

gepleeg sodat geen man voor Yahweh kan staan by die werke van Torah nie. Elke mens wat ooit geleef het, het die doods- vonnis hangende oor hulle kop. Die enigste verskil is dat Yahweh meer genade vir die nie-Israeliet nasies sal hê met die oordeelsdag, want hulle het nooit in 'n verbond met Hom gegaan nie. Vir Israel kan Hy nie genade hê nie, Hy moet Sy woord hou en straf moet uitgedeel word vir die breek van die verbond. Die enigste manier om die straf uit te wis vir sondes van die Sinai verbond, is om Yahshua as jou Messias te aanvaar; om te glo dat Hy 'n vloek geword het om jou te red van die vloek wat kom oor Torah verbreking.

Gal 3:10 Want almal wat uit die werke van die wet is, is onder die vloek; want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat nie bly in alles wat geskryf is in die boek van die wet om dit te doen nie. (Deut 27:26)

Gal 3:13 Messias het ons losgekoop van die vloek van die wet deur vir ons 'n vloek te word—want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat aan 'n hout hang

Kom ons kyk weer wat Yahweh aan die nasie van Israel gesê het toe hulle Sy verbond gebreek het.

Jer 34:18 En Ek sal die manne wat my verbond oortree het, wat die woorde van die verbond nie gehou het wat hulle voor my aangesig gesluit het nie, maak soos die kalf wat hulle in twee stukke gesny het en tussen die stukke waarvan hulle deurgegaan het:

Jer 34:19 die vorste van Juda en die vorste van Jerusalem, die hofdienaars en die priesters en die hele volk van die land wat tussen die stukke van die kalf deurgegaan het.

Het jy dit verstaan? Anders as Abraham, wat nooit deur die stukke geloop het nie, het Israel wel deur die derde stap van die bloed verbond gegaan en sodoende hulle eie lot verseël. Toe Abraham toegelaat het dat Yahshua sy plek ingeneem het om deur die stukke te loop met Yahweh, het hy nooit die veroordeling betree wat saam met die verbonds verbreking gaan nie. Israel, in hulle ywer om die seëninge te ontvang het wel deur die stukke geloop en sodoende 'n verbond gesluit wat onmoontlik was om na te kom. Dit is waarom die Sinai verbond in 2 Kor 3:9 'n verbond van die dood genoem word.

2 Kor 3:9 Want as die bediening wat veroordeel, heerlijkheid was, veel meer is die bediening wat regverdig maak, oorvloedig in heerlijkheid.

Baie mense aanvaar verkeerdelik dat 2 Korinthiërs 3 praat van die Torah van Yahweh wat mee weg gedoen is. Niks kan verder van die waarheid wees nie. Dit praat van die Sinai Verbond wat 'n verbond van die dood was want in daardie verbond is geen voorsiening gemaak om sondes te vergewe nie. Die enigste rede hoekom dit 'n verbond van dood was, was oor hulle Torah verbreking. As hulle nooit die Wet verbreek en gesondig het nie sou hulle net seëninge ontvang het. Yahshua kwalifiseer, as die perfekte offerande en skuldoffer net omdat Hy nooit gesondig het nie.

Jes 42:21 Dit het Yahweh behaag ter wille van sy geregtigheid om die onderwysing groot en heerlik te maak.

Dit is presies wat Yahshua gedoen het. Hy het nie die Wet eervol gemaak deur sonde nie maar dat Hy die Wet perfek nagekom het. Israel was nie net die enigste nasie op aarde met wie Yahweh in verbond gegaan het nie, hulle was die enigste nasie op aarde wat die

verbond gebreek het en wat 'n doodsvonnis hangend oor hulle koppe gehad het. Dit is waarom die Messias na Israel en slegs Israel gekom het. Die Wet of Torah (wat perfek is) is slegs 'n beskermde maatreël onder die verbonds verdrag om die verbondsvennoot te beskerm. Dit leer die verbondsvennoot slegs wat reg of verkeerd is. Wanneer ons opsetlik die Torah verontagsaam, dan sê ons in werklikheid vir Yahweh, ons verbondsvennoot, dat ons meer weet as Hy. Ons wys geen geloof vir Sy perfekte gevoel van die skepping nie, om te sien dat elke ding wat Hy neer gelê het in die Torah slegs vir ons eie goed is.

Deut 10:12 En nou, Israel, wat eis Yahweh jou Elohiem van jou as net om die Yahweh jou Elohiem te vrees, in al sy weë te wandel en Hom lief te hê en die Yahweh jou Elohiem te dien met jou hele hart en met jou hele siel,

Deut 10:13 om te hou die gebooië van Yahweh en sy insettinge wat ek jou vandag beveel, dat dit met jou goed kan gaan?

Glo jy dit? Glo jy dat alles wat Yahweh sê in Sy Torah vir jou goed sal wees? Indien wel, hoekom sal dit dan mee weg gedoen word? Dit is heeltmal onlogies. Moet nie bedrieg word deur die valse “geestelikes” van vandag nie, wat maklike antwoorde aan jou afsmeer net om jou stil in jou stoel te hou en te sorg dat jy week na week terug kom en vir hulle jou geld gee. Nie alleen was daar was geen vergifnis vir sondes in die Sinai Verbond nie, oorspronklik was daar ook geen melding van dierlike offerandes. Selfs dit het later gekom.

Jer 7:22 Want Ek het met julle vaders, op die dag dat Ek hulle uit Egipteland uitgelei het, nie gespreek nie en hulle geen bevel gegee in verband met brandoffer of slagoffer nie.

Jer 7:23 Maar hierdie saak het Ek hulle beveel, naamlik: Luister na my stem, dan sal Ek vir julle 'n Elohiem wees, en julle sal vir My 'n volk wees; en wandel net in die weg wat Ek julle beveel, dat dit met julle goed kan gaan.

Die slagoffer sisteem was nie deel van die oorspronklike Torah van Yahweh nie maar was by gevoeg toe sonde of oortredinge begin het.

Gal 3:19a Wat beteken die wet dan? Dit is bygevoeg weens die oortredinge,

Die enigste wet wat bygevoeg was deur ons Hemelse Vader was die slagoffer sisteem, as gevolg van sonde, om hulle te herinner dat hulle 'n Verlosser nodig het. Dit is hoekom Yahshua Messias na die aarde toe gekom het, om sondaars te red wat die verbondsooreenkoms van Yahweh verbreek het.

Dit neem ons terug na Hosea die eerste hoofstuk waar Yahweh vir Hosea sê om sy kinders “Elohiem sal saai”, “Geen genade” en “Nie My kinders” te noem. Kom ons gaan 'n paar verse terug en laat ons sien die verlossing wat deur ons verbondsvennoot, Yahshua Messias kom.

Hos 1:7 Maar oor die huis van Juda sal Ek My ontferm en hulle verlos deur Yahweh hulle Elohiem, en Ek sal hulle nie deur boog of swaard of oorlog, deur perde of ruiters verlos nie.

Hos 1:10 Nogtans sal die getal van die kinders van Israel wees soos die sand van die see, wat nie gemeet en nie getel kan word nie; en in plaas dat aan hulle gesê word: Julle is nie my volk nie—sal aan hulle gesê word: Julle is kinders van die lewende Elohiem.

Hos 1:11 Dan sal die kinders van Juda en die kinders van Israel almal saam vergader en vir hulle een hoof aanstel en uit die land optrek; want groot is die dag van Jísreë!

Hoe groot tog is Yahweh se getrouheid! Hy het nie Sy verbondsvennoot Israel weggegooi nie, maar soos ons in Romeine 11 sien, het Hy hulle slegs tussen die nasies verstrooi sodat verlossing aan almal moontlik is. Ons het in detail bespreek hoe Juda en Israel albei in Diaspora gestuur was oor hulle rebellie en sonde en dat die Skrif letterlik sê dat die land hulle uitgespoeg het. Het jy geweet dat die Skrif werklik sê hoeveel jare die Israeliete nie in die land van Israel sal woon nie?

Lev 26:18 En as julle dan nog nie na My luister nie, sal Ek voortgaan om julle sewevoudig weens julle sondes te tugtig

Lev 26:21 En as julle jul teen My versit en na My nie wil luister nie, sal Ek meer plaë op julle lê, sewevoudig volgens julle sondes.

Lev 26:24 sal Ek My ook teen julle versit en julle ook sewevoudig tref weens julle sondes.

Vier keer sien ons dat Yahweh sê Hy sal Israel sewe keer straf vir hulle sondes. Dit lyk of dié woord in Hebreeus probeer aandui die intensiteit en lengte van die straf. Die Babiloniërs het in 605 VM die eerste keer begin om Israel in te val, met verskeie beleëringe tot die vernietiging van die Tempel in 586 VM. Die Babiloniërs het 'n klein groepie Israeliete agter gelaat in die land totdat hulle saam met Jeremia na Egipte gevlug het in 572 VM.

Die volgende profesie skets die jaar-vir-'n-dag prinsiep.

Num 14:34 Volgens die getal dae dat julle die land verken het, veertig dae, vir elke dag een jaar, moet julle jul ongeregthede dra, veertig jaar lank, en my teëstand gewaar word.

As ons 'n profetiese jaar, wat 360 dae is (daar was 12x30 dae maande voor die vloed) en vermenigvuldig dit met 7 (lengte van die straf), koms ons uit op 2520 jaar. Dit is die presiese tydperk van Israel se straf weg van die land van Israel. As ons die 2520 jaar van straf bytel by die tydperk wat Israel heeltemal verwyder was vanuit die land in 572 VM, kom ons presies by 1948 uit, die jaar toe moderne Israel 'n nasie geword het. Hoe ongelooflik is dit? Wat 'n wonderlike bewys dat ons Hemelse Vader nie sy dienskneg Jakob weggegooi het nie!

Kom ons kyk na profesieë rakende die terugkeer van Israel na hulle land in die eind-tyd.

Amos 9:14 En Ek sal die lot van my volk Israel verander, en hulle sal die verwoeste stede bou en bewoon, ook sal hulle wingerde plant en die wyn daarvan drink, en tuine aanlê en die vrugte daarvan eet.

Amos 9:15 En Ek sal hulle plant in hul land, en hulle sal nie meer uitgeruk word uit hul land wat Ek hulle gegee het nie, sê Yahweh jou Elohiem.

Let op dat dié profesie vir die hele huis van Israel is, nie net Juda of die Jode nie. Let ook op dat alhoewel Juda die land van Israel ingegaan het in 1948, het die verlore stamme van Israel nog nie terug gekeer nie. As ons na die tydperk vir die verlore stamme kyk is dit 'n bietjie verskillend as vir hulle broer Juda.

Eseg 4:4 Gaan lê ook op jou linkerkant, en sit daarop die ongeregtigheid van die huis van Israel; volgens die getal dae dat jy daarop lê, moet jy hulle ongeregtigheid dra.

Eseg 4:5 En Ék lê jou die jare van hulle ongeregtigheid op volgens die getal dae, drie honderd en negentig dae, dat jy die ongeregtigheid van die huis van Israel moet dra.

Eseg 4:6 En as jy met hierdie dae klaar is, moet jy, vir die tweede keer, op jou regterkant gaan lê en die ongeregtigheid van die huis van Juda dra, veertig dae lank: vir elke jaar lê Ek jou een dag op.

Die huis van Israel was aangesê om hulle ongeregtigheid vir 390 dae, 'n dag vir 'n jaar, te verdra. As jy die 390 dae vermenigvuldig met sewe soos beskryf in Levitikus 26, kom jy by 2730 jare. Vanaf die tydperk van die Assiriese gevangeskap in 723-722 VM (Party geskiedenis boeke se 721-718), plus die 2730 jare kom jy by 2007-2008 of 2011-2012 wat die Noordelike Stamme se gevangeskap beëindig en wat toelaat dat hulle weereens die land van Israel sal betree.

Dan word Juda aangesê om nog 40 jaar by te tel ná die aanvanklike 2520 jaar. Onthou nou, toe Juda Israel tussen 1934 en 1949 betree het, het hulle die grond van die Noordelike stamme beheer, nie hulle eie grond nie. Hulle het nie besit geneem van die land van Juda en Jerusalem tot die Ses Dae Oorlog in 1967. Dus tel ons veertig jaar by 1967. Juda het alreeds die sewe keer duur van hulle straf vervul, daarom is dit nie nodig om die laaste 40 met sewe te vermenigvuldig nie. Eienaardig genoeg, sal albei stamme se gevangenis vanaf die jaar 2007 tot 'n einde kom. Die volgende paar jaar kan 'n baie belangrike tydperk vir die Nasie van Israel wees. Kan dit die begin van die terugkeer van die twaalf stamme wees?

Laat my ook byvoeg dat daar 'n groot skoonmaak in die land sal wees voor die terugkeer van die Messias wat vrede bring vir Israel. Moet nie bedrieg word deur valse planne van mense in die Verenigde Nasies, wat grond van Israel wegneem en nie die Vader se wil laat geskied nie. Die probleem vir Juda vandag is dat hulle moet besef en erken dat hulle maar een van die 12 broers is, en hulle moet bereid wees om hulle tente te vergroot om hulle verbondsvennote toe te laat om terug te keer huis toe, na die land van Israel; anders gaan hulle vreeslike gevolge in die gesig moet staar.

Jes 54:2 Maak die plek van jou tent wyd, en laat hulle die doeke van jou tentwonings oopspan. Verhinder dit nie! Maak jou lyne lank en slaan jou penne styf in.

Juda moet sy broer Efraim met oop arms ontvang - maar dit gebeur nog nie.

Jes 63:16 Want U is ons Vader! Want Abraham weet van ons nie, en Israel ken ons nie. U, o Yahweh is ons Vader; ons Verlosser is van ouds af u Naam.

Jes 63:17 Yahweh, waarom laat U ons weg dwaal van u weë? Waarom verhard U ons hart, sodat ons U nie vrees nie? Keer terug ter wille van u knegte, die stamme van u erfdeel!

Dit is Efraim se geween vandag. Hulle sien hulle broer Juda terug in die land van ons erfnis. Ons sien Juda sukkel met die Arabiese nasies rondom hulle. Efraim vandag is soos die verlore seun, wat net wil teruggaan na sy familie nadat hy verneder en verdruk was na duisende jare van gevangeskap. Komende uit die heidense praktyke van ons voorvaders in Diaspora, is Efraim slegs 'n swerweling tussen die nasies, wagtend om terug te keer na sy tuisland Israel.

*Hos 9:16 Efraim is getref, hulle wortel het verdor, hulle dra geen vrug meer nie; ook wanneer hulle kinders baar, sal Ek nogtans die lieflinge van hulle skoot ombring.
Hos 9:17 My Elohiem sal hulle verwerp, omdat hulle na Hom nie geluister het nie, en hulle sal rondswerwe onder die nasies.*

Geduldig wag Efraim vandag dat die profesieë van die Skrif vervul word sodat hulle soos hulle broer Juda, terug geplant kan word op die berge van Samaria.

*Jer 31:1 In dié tyd, spreek Almagtige Yahweh, sal Ek vir al die geslagte van Israel 'n Elohiem wees, en hulle sal vir My 'n volk wees.
Jer 31:2 So sê Yahweh: Die volk van diegene wat van die swaard vrygeraak het, het genade gevind in die woestyn, op weg om sy rus te geniet, naamlik Israel.
Jer 31:3 Yahweh het aan my verskyn uit die verte: Ja, Ek het jou liefgehad met 'n ewige liefde; daarom het Ek jou getrek met goedertierenheid.
Jer 31:4 Ek sal jou weer bou, en jy sal gebou word, o jonkvrou van Israel! Jy sal jou weer versier met jou tamboeryne en uittrek in die koordans van die spelers.
Jer 31:5 Jy sal weer wingerde plant op die berge van Samaria; die planters sal plant en die vrugte geniet.
Jer 31:6 Want die dag is daar dat die oppassers op die berge van Efraim roep: Maak julle klaar en laat ons optrek na Sion, na Yahweh onse Elohiem.
Jer 31:7 Want so sê Yahweh: Jubel oor Jakob van vreugde, en juig oor die hoof van die nasies; laat dit hoor, sing lof en sê: o Yahweh, verlos u volk, die oorblyfsel van Israel!
Jer 31:8 Kyk, Ek bring hulle aan uit die Noordland en sal hulle bymekaar laat kom uit die agterhoeke van die aarde; blindes en lammes, swangeres en barendes onder hulle, almal saam; in 'n groot vergadering sal hulle terugkom hiernatoe.
Jer 31:9 Hulle sal kom met geweën, en met smeking sal Ek hulle lei; Ek sal hulle bring by waterstrome, op 'n gelyk pad waarop hulle nie sal struikel nie; want Ek is vir Israel 'n Vader, en Efraim is my eersgeborene.
Jer 31:10 Hoor die woord van Yahweh, o nasies, en verkondig in die kuslande wat ver is, en sê: Hy wat Israel verstrooi het, sal hom vergader en hom bewaak soos 'n herder sy kudde.*

Dit is onbetwisbaar om te sien dat dié profesie vir die einde van dae tot in die millennium in is. Dit is ook onbetwisbaar om te sien dat in dié toekomstige tyd, Yahweh nie net die Huis van Juda gaan terugkoop nie, maar ook die Huis van Israel of Efraim.

Kom ons kyk na nog 'n profesie.

Eseg 36:6 Daarom, profeteer oor die land van Israel, en spreek tot die berge en die heuwels, tot die klowe en die dale: So spreek Almagtige Yahweh: Kyk, Ek spreek in my ywer en in my grimmigheid, omdat julle die smaad van die nasies gedra het.

*Eseg 36:9 Want kyk, Ek kom na julle en wend My na julle toe, en julle sal bewerk en besaai word.
Eseg 36:10 En Ek sal mense op julle vermenigvuldig, die hele huis van Israel, almal saam; en die stede sal bewoon en die puinhope opgebou word.
Eseg 36:11 Ja, Ek sal mense en diere op julle vermenigvuldig, en hulle sal vermenigvuldig en vrugbaar wees; en Ek sal julle laat bewoon soos in jul voortyd en aan julle weldoen meer as in julle vroeër dae, en julle sal weet dat Ek Yahweh is.*

Eseg 36:12 En Ek sal mense op julle laat loop, my volk Israel; en hulle sal jou in besit neem, en jy sal vir hulle 'n erfenis wees en hulle verder nie meer kinderloos maak nie.

Eseg 36:16 Verder het die woord van Yahweh tot my gekom en gesê:

Eseg 36:17 Mensekind, toe die huis van Israel in hulle land gewoon het, het hulle dit verontreinig met hul wandel en met hul handeling; hulle wandel was voor my aangesig soos die besoedeling van die maandelikse onreinheid.

Eseg 36:18 Daarom het Ek my grimmigheid oor hulle uitgegiet, vanweë die bloed wat hulle in die land vergiet het, terwyl hulle dit met hul drekgode verontreinig het.

Eseg 36:19 En Ek het hulle verstrooi onder die nasies en hulle is versprei in die lande; Ek het hulle geoordeel volgens hul wandel en hul handeling.

Eseg 36:20 En toe hulle by die nasies kom waarheen hulle getrek het, het hulle my heilige Naam ontheilig deurdat van hulle gesê is: Hierdie mense is die volk van Yahweh, en hulle moes uit sy land uittrek.

Eseg 36:21 Toe het dit My ter harte gegaan om my heilige Naam ontwil wat die huis van Israel ontheilig het onder die nasies waar hulle gekom het.

Eseg 36:22 Daarom, sê vir die huis van Israel: So spreek Almagtige Yahweh: Ek doen dit nie om julle ontwil nie, o huis van Israel, maar ter wille van my heilige Naam wat julle ontheilig het onder die nasies waar julle gekom het.

Eseg 36:23 En Ek sal my grote Naam heilig wat onder die nasies ontheilig is, wat julle onder hulle ontheilig het; en die nasies sal weet dat Ek Yahweh is, spreek die Almagtige Yahweh, as Ek My in julle voor hul oë as die Heilige laat ken.

Eseg 36:24 En Ek sal julle uit die nasies gaan haal en julle uit al die lande bymekaar laat kom, en Ek sal julle in jul land bring.

Eseg 36:25 Dan sal Ek skoon water op julle giet, sodat julle rein kan word; van al jul onreinhede en van al jul drekgode sal Ek julle reinig.

Eseg 36:26 En Ek sal julle 'n nuwe hart gee en 'n nuwe gees in jul binneste gee; en Ek sal die hart van klip uit julle vlees wegneem en julle 'n hart van vlees gee.

Eseg 36:27 En Ek sal my Gees in jul binneste gee en sal maak dat julle in my insettinge wandel en my verordeninge onderhou en doen.

Eseg 36:28 En julle sal woon in die land wat Ek aan jul vaders gegee het; en julle sal vir My 'n volk en Ek sal vir julle 'n Elohiem wees.

Eseg 36:33 So sê die Almagtige Yahweh: In die dag as Ek julle reinig van al jul ongeregthede, sal Ek die stede laat bewoon, en die puinhope sal opgebou word.

Eseg 36:34 En die verwoeste land sal bewerk word, in plaas dat dit 'n wildernis is voor die oë van almal wat verbygaan.

Eseg 36:35 En hulle sal sê: Hierdie land wat verwoes was, het geword soos die tuin van Eden; en die stede wat in puin gelê het en verwoes en afgebreek was, is versterk en bewoon.

Eseg 36:36 Dan sal die nasies weet wat rondom julle oorgebly het, dat Ek, die HERE, opgebou het wat afgebreek was, beplant het wat verwoes was; Ek, die HERE, het dit gespreek en sal dit doen.

Eseg 36:37 So sê die Almagtige Yahweh: Ook dit sal Ek My laat vra deur die huis van Israel om dit vir hulle te doen: Ek sal hulle mense vermenigvuldig soos skape.

Eseg 36:38 Soos die geheiligde skape, soos die skape van Jerusalem op sy feestye, so sal die stede wat in puin lê, vol wees van kuddes van mense; en hulle sal weet dat Ek Yahweh is.

Ons lewe in die mees fantastiese tydperk wat die wêreld nog ooit gesien het. Ons lewe in 'n tydperk waar ons sal sien hoe Yahweh groter wonderwerke sal doen as die Rooi See deurtog, met die terugbring van die kinders van Israel na hulle land.

Jer 16:14 Daarom, kyk, daar kom dae, spreek Yahweh, dat daar nie meer gesê sal word: So waar as die Almagtige Yahweh leef, wat die kinders van Israel uit Egipteland laat optrek het nie;

Jer 16:15 maar: So waar as die Almagtige Yahweh leef, wat die kinders van Israel laat optrek het uit die Noordland en uit al die lande waarheen Hy hulle verdryf het. Ja, Ek sal hulle terugbring in hulle land wat Ek aan hulle vaders gegee het.

Jer 16:16 Kyk, Ek stuur baie vissers, spreek Yahweh, wat hulle sal vang, en daarna sal Ek baie jagters stuur wat hulle sal opjaag, van elke berg en van elke heuwel en uit die klipskeure.

Na 2700 jaar is Yahweh besig om dit te laat gebeur. Hy is in die proses om Sy belofte aan Abraham, na amper 3800 jaar, te volbring, om die land van Israel aan sy nageslag te gee, die land wat voorheen as die land Kanaan bekend was. Ons gaan dinge sien in die generasie waarvan die profeet Habakuk ons vertel het “ons sal dit nie glo nie al is dit ons vertel”. Ons sien die vervulling van die Nuwe Verbond voor ons oë. Is dit nie asemrowend dat Yahweh sê dat Hy Israel van die land van die noorde sal vergader, die land waar ons gesien het hulle in gevangenisskap gegaan het? Wat 'n skokkende en ontsettende waarheid is dit nie, om uit te vind dat ware gelowiges van Yahshua letterlik afstammeling is van die verlore stamme van Israel! Die historiese bewyse is skrikwekkend, skokkend en oorweldigend, maar die geestelike bewyse kan net trane in ons oë bring.

Om te sien dat die twaalf stamme van Israel versprei was oor die hele wêreld, van Rooi Sjina, na Rusland, Indië, Asië en in groepe in die area van Europa en Noord Amerika. Om dan te kan sien dat deur die Nuwe Verbond, Yahshua die seuns van Jakob, een vir een na Homself terug bring. Ons is gered deur genade; niks wat ons kan doen het ons terug gekoop na Yahweh nie. Ons voorvaders, van al die 12 stamme, het afgode aanbid en ons is hulle afstammeling. Ons sou nou nog in heidense gewoontes gedompel gewees het van die moderne Christendom as ons nie bevry was van dié strikke deur ons Verlosser Homself nie. Dit is wonderlik om te sien hoeveel uit die nuttelose heidense tradisies van die mens kom na die waarheid van die Skrif deur die gees van Yahweh.

Jer 16:19 O Yahweh, my sterkte en my beskutting en my toevlug in die dag van benoudheid, tot U sal volke van die eindes van die aarde af kom en sê: Net leuens het ons vaders geërw, nietige afgode, en daaronder was niks wat voordeel kon bring nie.

Dit is presies wat ons vandag sien, duisende op duisende Israëliete van die huis van Josef is besig om tot die waarheid van hulle erfnis te kom en hulle verwerp die waardelose heidense tradisies.

Romeine 11:28 (die tweede helfte) vertel ons betreffende die uitverkorene, dat Israel die Vader se geliefde is.

Rom 8:28 En ons weet dat vir hulle wat Elohiem liefhet, alles ten goede meewerk, vir hulle wat na sy voorneme geroep is.

Dit is interessant om op te let dat die woord vir “voorneme” in vers 28 die Griekse woord vir “die toonbrode van teenwoordigheid” van die Huis van Yahweh is. Daar was ten alle tye 12 brode wat die 12 stamme van Israel in die Huis van Yahweh verteenwoordig het. Die vers sê dat die wat gepredestineer was, die 12 stamme van Israel is. Hoe wonderlik is die weë van Yahweh! Dit is van die allergrootste belang om die onderwerp te verstaan om wêreld gebeure soos dit om ons gebeur, te begryp.

Daar was gevegte en oorloë in die land van Israel vandat hulle 'n nasie in 1948 geword het. Die meeste mense in die wêreld het 'n verwronge oogpunt van wat in die Midde Ooste aangaan, en dit deur die leuens van die Verenigde Nasies deur middel van die media. Die meeste mense voel dat die arme Palestyne hulle grond aan die magtige Israeli leër verloor het. Soos ons bewys het, niks is verder van die waarheid verwyder nie. Die land van Israel was aan Abraham en sy nageslag deur Isak, NIE ISMAEL nie, belowe. Isak was die saad van belofte deur wie die Messias gebore sou word. Al was Israel in gevangenskap gestuur vir etlike duisende jare, het die land nog aan hulle behoort volgens die verbondsbelofte. Die Arabiese nasies rondom Israel het planne om die grond van Israel vir hulle self te vat, maar dit sal nie werk nie.

Eseg 36:2 So sê die Almagtige Yahweh: ha, ha! oor julle roep; en: Die ewige hoogtes het vir ons 'n besitting geword! —

Eseg 36:3 daarom profeteer en sê: So spreek die Almagtige Yahweh: Omdat, ja, omdat hulle julle van alle kante verwoes en vertrap het, sodat julle vir die oorblyfsel van die nasies 'n besitting kan wees, en julle in opspraak gekom het en deur die mense beskinder is—

Eseg 36:4 daarom, o berge van Israel, hoor die woord van die Almagtige Yahweh. So spreek die Almagtige Yahweh tot die berge en die heuwels, tot die klowe en die dale, tot die verwoeste puinhope en die verlate stede wat 'n buit en 'n spot geword het vir die oorblyfsel van die nasies wat rondom is—

Eseg 36:5 daarom, so sê die Almagtige Yahweh Waarlik, in die vuur van my ywer spreek Ek teen die oorblyfsel van die nasies en teen die hele Edom wat my land vir hulleself as besitting bestem het—in volle vreugde van die hart, met diepste veragting—sodat die weiveld daarvan 'n buit sou wees.

Yahweh gaan die nasies wat die land van Israel wil neem, straf.

Jer 12:14 So sê Yahweh: Aangaande al my goddelose bure wat die erfenis aantas wat Ek my volk Israel laat erf het—kyk, Ek ruk hulle uit hul land uit,

In die eindtyd gaan Yahweh vir Sy verbondsvennoot veg net soos in die ou dae.

Sag 14:3 En Yahweh sal uittrek en stryd voer teen dié nasies soos op die dag van sy stryd, die dag van oorlog.

Die vernaamste rede hoekom die gramskap van Yahweh oor die hele aarde gaan kom, is omdat die nasies die land van Israel opgedeel het, die verbondsland van Yahweh, en aan ander gegee het.

Joe 3:1 Want kyk, in dié dae en in dié tyd wanneer Ek die lot van Juda en Jerusalem verander,

Joe 3:2 sal Ek al die nasies versamel en hulle na die dal van Jósafat laat aftrek, om daar met hulle 'n strafgerig te hou ter wille van my volk en my erfdeel Israel wat hulle onder die nasies verstrooi het, en my land wat hulle verdeel het.

Die nasies van die aarde het geen wettige aanspraak op die land van Israel nie. Dit is 'n land wat aan Yahweh behoort!

Lev 25:23 Die grond moet ook nie vir altyd verkoop word nie; want die land is myne, omdat julle vreemdelinge en bywoners by My is.

Party keer glo ek dat mense net nie dink dat Yahweh werklik is nie. Hulle verstaan nie dat as Hy iets sê, Hy nie verander nie. Hier is ons 2700 jaar later en ons sal sien dat Yahweh sy belofte aan Abraham sal vervul, en jy kan net jammer wees vir die nasie of volk wat sal probeer om in Sy pad te kom.

Party mense het onlangs, in hulle ywer om die vervulling van profesie te sien, verkondig dat die herversameling van Efraim alreeds gebeur. Dit is nie die geval nie. Terwyl ons op die grens staan om dit in ons generasie, met ons eie oë te sien gebeur, het dit nog nie ten volle gebeur nie. Ek het sommige Efraimiete wat in die land van Israel woon ontmoet, maar dit is nog nie die herversameling nie. Hulle bespied die land net soos ons voorvaders in Numeri 13, net voor Israel die Beloofde Land wou betree. Wat ons van die Skrif sien is dat die 12 stamme van Israel hulle land net kan terug kry in 'n Jubeljaar.

Lev 25:8 Jy moet ook sewe jaarweke tel, sewe maal sewe jaar, sodat die dae van die sewe jaarweke vir jou nege en veertig jaar is.

Lev 25:9 Dan moet jy in die sewende maand, op die tiende van die maand, 'n basuingeklank laat deurgaang; op die versoendag moet julle die basuin deur julle hele land laat gaan.

Lev 25:10 En julle moet die vyftigste jaar heilig en 'n vrylating in die land uitroep aan al sy bewoners. Dit moet vir julle 'n jubeljaar wees; dan moet julle elkeen na sy besitting en elkeen na sy geslag teruggaan.

Lev 25:11 'n Jubeljaar moet dit, die vyftigste jaar, vir julle wees. Julle mag nie saai nie, ook nie afoes wat dan opslaan of die druiwe van die onbesnoeide wingerdstok dan afsny nie.

Lev 25:12 Want dit is 'n jubeljaar, dit moet vir julle heilig wees: van die land af moet julle die opbrings daarvan eet.

Lev 25:13 In hierdie jubeljaar moet julle elkeen na sy besitting teruggaan.

Lev 25:18 En doen my insettinge en onderhou my verordeninge en doen dit, dat julle veilig kan woon in die land.

Lev 25:19 En die land sal sy vrug gee, en julle sal volop eet en veilig daarin woon.

Lev 25:23 Die grond moet ook nie vir altyd verkoop word nie; want die land is myne, omdat julle vreemdelinge en bywoners by My is.

Lev 25:24 Daarom moet julle, in die hele land van julle besitting, lossing van die grond toelaat.

Lev 25:25 As jou broer verarm en van sy besitting verkoop, moet sy lossing wat sy nabestaande is, kom en hy moet los wat sy broer verkoop het.

Lev 25:26 En as iemand geen lossing het nie, maar dit kan bekostig en genoeg vind vir die lossing,

Lev 25:27 moet hy die jare bereken dat dit verkoop is, en wat oorskiet, moet hy aan die man aan wie hy verkoop het, teruggee en dan na sy besitting teruggaan.

Lev 25:28 Maar as hy nie genoeg vind om dit terug te koop nie, moet die verkoopte goed in die hand van die koper bly tot die jubeljaar toe; maar in die jubeljaar moet dit vry word, en hy moet na sy besitting teruggaan.

Lev 25:47 En as 'n vreemdeling of bywoner by jou vermoënd word, en jou broer by hom verarm en hy homself aan 'n vreemdeling of bywoner by jou verkoop, of aan 'n familielid uit die geslag van 'n vreemdeling,

Lev 25:48 dan moet daar vir hom, nadat hy hom verkoop het, reg van lossing wees; een van sy broers kan hom los,

Lev 25:49 of sy oom of sy oom se seun kan hom los, of een van sy naaste bloedverwante uit sy geslag kan hom los, of as hy dit kan bekostig, kan hy homself los.

Lev 25:50 En hy moet met sy koper reken van die jaar af dat hy hom aan hom verkoop het, tot die jubeljaar toe. En die prys waarvoor hy hom verkoop het, moet wees volgens die aantal jare; soos 'n dagloner sal hy dan dié tyd by hom gewees het.

Lev 25:51 As daar nog baie jare is, moet hy volgens hulle sy losprys uit die geld waarvoor hy gekoop is, teruggee;

Lev 25:52 en as daar maar min jare tot die jubeljaar toe oor is, moet hy daarmee rekening hou; volgens dié jare moet hy sy losprys teruggee.

Lev 25:53 Soos een wat van jaar tot jaar loonarbeider is, moet hy by hom wees; hy mag nie met hardheid oor hom voor jou oë heers nie.

Lev 25:54 En as hy nie op dié wyse gelos word nie, moet hy in die jubeljaar vrygelaat word, hy en sy kinders saam met hom.

Lev 25:55 Want die kinders van Israel is my knegte; my knegte is hulle wat Ek uit Egipteland uitgelei het. Ek is Yahweh julle Elohiem.

Alleenlik in 'n Jubeljaar kan die stamme hulle land terug ontvang en slegs die “Bloedverwante Verlosser” is bekwaam om die presiese deel aan elke stam terug gee as sy erfporisie. Die Bloedverwante Verlosser was die enigste een wat die wettige reg het, volgens Yahweh se Woord, om die regte deel terug te gee aan die een wat dit verloor het voor die Jubeljaar periode. Jubeljare was nie in Israel vir duisende jare nagekom nie. Selfs in die dae van Yahshua het Israel alreeds die tydreeël van die ware Jubeljaar verloor. Onthou, Efraim was in Diaspora vir oor die 2700 jaar. Hulle het tussen nie-Israeliete gewoon en hulle identiteit verloor. Hulle het nie meer wettige stambome wat hulle afkoms terug na Abraham kan bewys nie.

Dit is waarom ons Hemelse Vader in die eind-tyd deur Sy Ruach (Gees) werk en nie deur menslike krag nie. Ons ware “Bloedverwante Verlosser”, Yahshua van Nasaret, is besig om die saad van Israel, een vir een, terug te roep na Homself. Slegs Hy kan kwalifiseer as die enigste, ware Bloedverwante Verlosser. Slegs Hy weet die presiese hoeveel hare op ons hoofde, en wie Hy roep volgens keuse, om Sy verbonds belofte aan die letterlike saad van Abraham te vervul. Yahweh het dit so beplan dat ons ons roem op Hom sal plaas en nie in ons eie sondige vlees nie, dat met die opstanding ons aanspraak sal maak tot die ewige lewe gebaseer op die gestorte bloed van die Seun van Yahweh en nie in menslike vlees nie. Maar terselfdertyd kan Yahweh Abraham opwek en hom sy saad (letterlik en geestelik) wys en dat Hy sy belofte nagekom het.

Alleenlik in 'n Jubeljaar kan daar vryheid wees vir gevangenes. Dan kan mense hulle land terugkry en slegs van die “Bloed-verwante Verlosser”. Dit is presies wat Yahshua kom verkondig het amper 2000 jaar gelede.

Jes 61:1 Die Ruach van die Almagtige Yahweh is op My, omdat Yahweh My gesalf het om 'n blye boodskap te bring aan die ootmoediges; Hy het My gestuur om te verbind die gebrokenes van hart, om vir die gevangenes 'n vrylating uit te roep en vir die geboeides opening van die gevangenis;

Jes 61:2 om uit te roep 'n jaar van die welbehae van Yahweh.

Dit is die heel eerste boodskap wat Yahshua gegee het in die sinagoge in Nasaret toe Hy met Sy werk begin het. Hy het verkondig dat Hy, die “Bloedverwante Verlosser” is wat sou kom om Israel te vernuwe. Die boek van Rut is 'n pragtige storie wat illustreer hoe Yahshua, die Bloedverwante Verlosser is wat kom om Sy volk Israel te verlos.

Rut 3:6 Daarop het sy afgegaan na die vloer en gedoen net soos haar skoonmoeder haar beveel het.

Rut 3:7 Nadat Boas geëet en gedrink het, en sy hart vrolik was, en hy gaan slaap het by die ent van die hoop, het sy stilletjies gekom en sy voetenent oopgemaak en gaan lê.

Rut 3:8 En die man het teen middernag geskrik en vooroor gebuig en—daar lê 'n vrou aan sy voetenent.

Rut 3:9 En hy vra: Wie is jy? Toe antwoord sy: Ek is Rut, u dienaress; brei dan u vleuel oor u dienaress uit, want u is die lossers.

Rut 3:10 En hy sê: Geseënd is jy deur Yahweh, my dogter! Jy het jou laaste liefde beter gemaak as die eerste, omdat jy nie agter jongmanne, arm of ryk, aan geloop het nie.

Rut 3:11 Wees dan nou nie bang nie, my dogter; alles wat jy sê, sal ek vir jou doen, want die hele stadspoort van my volk weet dat jy 'n deugsame vrou is.

Rut 3:12 Nou dan, dit is sekerlik waar dat ek die lossers is, maar daar is nog 'n lossers, nader as ek.

Rut 3:13 Bly vannag oor; en as hy jou môre wil los, goed, hy kan los; maar as hy nie lus het om jou te los nie, dan sal ek jou los, so waar as die

Naomi, 'n Israeliet, het twee seuns gehad, Maglon (siekte) en Giljon (swakheid); een van hulle het Rut, 'n Moabiet, as vrou gevat. Hulle het in die land van Moab gewoon toe albei seuns sterf en Naomi, die skoon-moeder van Rut, terug wou gaan na Israel. Rut wou by Naomi bly en verbind word met haar.

Rut 1:16 Maar Rut sê: Moenie by my aandring dat ek u moet verlaat om agter u om te draai nie; want waar u gaan, sal ek gaan; en waar u vertoef, sal ek vertoef; u volk is my volk, en u Elohiem is my Elohiem.

Rut is kenmerkend van Efraim wat deel word van die nasies en in die eindtyd desperaat wil terugkom en om weereens deel te word van die huis van Israel. So gaan Rut saam met Naomi terug na Israel, maar hulle het geen erfenis meer nie; in werklikheid was hulle soos Efraim “n swerwer onder die nasies”. Naomi sê dat Rut by die voete van Boas (tiperend van Yahshua), 'n bloedverwant, moet gaan slaap. Onthou jy hoe Maria die bottel parfuum gebreek het en die voete van Yahshua met haar hare af gegee het? Boas het genade gehad vir Rut (op die selfde manier wat Yahshua vandag genade het vir die verlore skape van Israel) en haar vertel dat hulle na die stadshok (plek om besigheid te doen) sou gaan en die transaksie daardie dag sou wettig. Kom ons gaan aan met die storie.

Rut 4:1 En Boas het opgegaan na die poort en daar gaan sit. En toe die lossers juis daar verbygaan van wie Boas gespreek het, sê hy: Vriend, kom nader, en sit hier! En hy het nader gekom en gaan sit.

Rut 4:2 Daarop neem hy tien man uit die oudstes van die stad en sê: Sit hier! En hulle het gaan sit.

Rut 4:3 En hy sê vir die lossers: Die stuk grond van ons broer Eliméleg wil Naómi, wat uit die veld van Moab teruggekem het, verkoop.

Rut 4:4 Nou het ek gedink, ek sal jou dit meedeel en sê: Koop dit voor die wat hier sit, en voor die oudstes van my volk; as jy wil los, los dan; maar as jy nie wil los nie, gee my te kenne, dat ek dit kan weet, want daar is niemand om te los behalwe jy nie, en ek ná jou. En hy antwoord: Ek sal los.

Rut 4:5 Daarop sê Boas: Die dag as jy die grond uit die hand van Naómi koop, dan verwerf jy tegelyk Rut, die Moabitiese, die vrou van die dode, om die naam van die dode in stand te hou oor sy erfdeel.

Rut 4:6 En die lossers sê: Ek kan dit nie vir my los nie, anders bederf ek my erfdeel; neem jy my lossingsreg oor, want ek kan nie los nie.

Rut 4:7 En dít was vroeër in Israel die gebruik by lossing en by ruiling om enige saak van krag te maak: die een trek sy skoen uit en gee dit aan die ander; dit was dan die bekragtiging in Israel.

Rut 4:8 Daarom het die lossers vir Boas gesê: Koop dit vir jou; en hy het sy skoen uitgetrek.

Rut 4:9 Toe sê Boas aan die oudstes en al die mense: Julle is vandag getuies dat ek alles wat aan Eliméleg en alles wat aan Giljon en Maglon behoort het, uit die hand van Naómi koop.

Rut 4:10 En ook Rut, die Moabitiese, die vrou van Maglon, verwerf ek vir my as vrou om die naam van die dode oor sy erfdeel in stand te hou, sodat die naam van die dode onder sy broers en uit die poort van sy woonplek nie uitgeroei word nie. Julle is vandag getuies.

Dit is 'n baie beskrywende storie, vol simboliek van ons verlossing deur die bloed van Yahshua. Ek glo dat die eerste bloedverwante familielid, wat Naomi nie wou verlos omdat hy sy erfenis met Rut sou moes deel, is indikatief van Juda vandag. Juda wil nie erken dat hulle elf ander broers het nie en net soos die eerste familielid, bang is dat hulle hulle erfposisie sal verloor asook hulle identiteit. Dit is waarom dit so ontsettend belangrik is dat wanneer ons die goeie nuus van redding deur die bloed van Yahshua deel, ons nie 'n proseliet houding aanneem nie. Baie Christene wat Israel toe gaan, probeer Jode oortuig dat die Torah teen die kruis gespyker was; deur dit te doen beskadig hulle die boodskap van die Joodse Verlosser, Yahshua, wat gekom het om ons van sonde te red, NIE van die Torah. Onthou, Hy het die Torah perfek gehandhaaf as 'n voorbeeld vir ons.

Rut 4:13 So het Boas Rut dan geneem, en sy het sy vrou geword; en hy het by haar ingegaan, en Almagtige Yahweh het vir haar swangerskap gegee, en sy het 'n seun gebaar.

Rut 4:14 Toe sê die vrou vir Naómi: Geloof sy Yahweh wat aan jou vandag 'n lossers nie laat ontbreek het nie! En mag sy naam in Israel geroem word!

Rut 4:15 Hy sal vir jou een wees wat jou siel verkwik en jou grysheid versorg; want jou skoondogter wat jou liefhet, het hom gebaar, sy wat vir jou meer werd is as sewe seuns.

Rut 4:16 En Naómi het die kind geneem en op haar skoot gesit, en sy het sy pleegmoeder geword.

Rut 4:17 En die buurvrou het hom 'n naam gegee en gesê: Vir Naómi is 'n seun gebore! En hulle het hom genoem Obed; hy was die vader van Isai, die vader van Dawid.

Boas was ook indikatief van Yahshua, omdat hy Rut verlos het sodat die stam van haar oorlede man nie verlore of af gesny sou word van sy broers. Op dieselfde manier is Yahshua besig om die verlore stamme van Israel terug te roep sodat hulle ook nie van hulle broers afgesny sal wees nie. Wat 'n asemrowende verhaal van verlossing en hoop en hoe gepas dat dit dieselfde geslag is van wie albei Koning Dawid en Koning Yahshua is. Ons sien duidelik dat verlossing slegs in 'n Jubeljaar kan kom en alleenlik deur die Bloedverwante Verlosser. Kom ons kyk na 'n verdere vers wat oor die komende Bloedverwante Verlosser praat.

Jes 54:1 Jubel, onvrugbare, wat nie gebaar het nie! Breek uit in gejubel en juig, jy wat geen weë gehad het nie! Want die kinders van die eensame is meer as die kinders van die getroude, sê Almagtige Yahweh.

Jes 54:2 Maak die plek van jou tent wyd, en laat hulle die doeke van jou tentwonings oopspan. Verhinder dit nie! Maak jou lyne lank en slaan jou penne styf in.

Jes 54:3 Want jy sal regs en links uitbreek, en jou nageslag sal nasies in besit neem en verwoeste stede bevolk.

Jes 54:4 Wees nie bevrees nie, want jy sal nie beskaamd staan nie; en vrees geen skande nie, want jy sal nie nodig hê om te bloos nie; maar jy sal die skande van jou jonkheid vergeet en aan die smaad van jou weduweeskap nie meer dink nie.

Jes 54:5 Want jou Maker is jou Man; Yahweh van die leërskaare is sy Naam; en die Heilige van Israel is jou Verlosser. Hy sal die Elohiem van die hele aarde genoem word.

Jes 54:6 Want soos 'n verlate vrou en 'n bedroefde van gees het Almagtige Yahweh jou geroep, en soos 'n vrou uit die jeugtyd as sy versmaad was, sê jou Elohiem.

Jes 54:7 Vir 'n klein oomblik het Ek jou verlaat, maar met groot ontferminge sal Ek jou vergader.

Jes 54:8 In 'n uitstorting van toorn het Ek vir 'n oomblik my aangesig vir jou verberg, maar met ewige goedertierenheid ontferm Ek My oor jou, sê Yahweh, jou Verlosser.

Jes 54:17 Elke wapen wat teen jou gesmee word, sal niks uitrig nie; en elke tong wat teen jou opstaan in die gereg, sal jy weerlê. Dit is die erfdeel van die knegte van Yahweh en hulle geregtigheid wat uit My is, spreek Yahweh.

Die woord wat hier gebruik word vir verlosser is dieselfde woord vir Bloedverwante Verlosser en ons weet van die vers en baie ander dat alleenlik die Messias Israel kan verlos.

Partykeer dink die mens, in sy ywer en trots en ook volgens 'n situasie, dat Yahweh hom nodig het om Sy planne vir Israel te vervul. Ons is slegs instrumente wat die Vader gebruik om Sy wonderlike doel te bereik. Dit is 'n eer vir ons dat Hy ons wat so swak en sondig is kan gebruik. Al sal ons ooggetuie wees van die embrionale stadium van die herversameling voor die Messias se terugkeer, net soos Israel wat die beloofde land bespied het in Numeri 13, sal die groot versameling nie gebeur totdat die Messias verskyn. Slegs Hy kan die vrede bring wat nodig is vir die taak en net Hy het die wettige reg, volgens Torah, om al 12 stamme terug te sit in hulle eie land.

Jer 33:7 En Ek sal die lot van Juda en die lot van Israel verander en hulle bou soos tevore.

Jer 33:8 En Ek sal hulle reinig van al hulle ongeregtigheid waarmee hulle teen My gesondig het, en vergewe al hulle ongeregtighede waarmee hulle teen My gesondig en teen My oortree het.

Jer 33:9 En die stad sal vir My wees 'n vreugdevolle roem, 'n lof en 'n sieraad by al die nasies van die aarde wat sal hoor van al die goeie wat Ek aan hulle doen; en hulle sal bewes en ontroer word oor al die goeie en oor al die vrede wat Ek daaraan bewys.

Jer 33:10 So spreek Almagtige Yahweh: In hierdie plek waarvan julle sê: Dit is woestyn, sonder mens en sonder dier—in die stede van Juda en op die strate van Jerusalem wat verwoes is, sonder mens en sonder inwoner en sonder dier, sal weer gehoor word

Jer 33:11 die stem van vreugde en die stem van vrolikheid, die stem van die bruidegom en die stem van die bruid, die stem van die wat sê: Loof Yahweh van die leëskare, want Yahweh is goed, want sy goedertierenheid is in ewigheid! —van die wat 'n lofoffer bring in die huis van Yahweh; want Ek sal die lot van die land verander soos

Jer 33:14 Kyk, daar kom dae, spreek Almagtige Yahweh, dat Ek die goeie woord in vervulling laat gaan wat Ek gespreek het aangaande die huis van Israel en die huis van Juda.

Jer 33:15 In dié dae en in dié tyd sal Ek vir Dawid 'n Spruit van geregtigheid laat uitspruit, en Hy sal reg en geregtigheid doen in die land.

Jer 33:16 In dié dae sal Juda verlos word en Jerusalem veilig woon; en dit sal die naam daarvan wees: ALMAGTIGE YAHWEH ONS GEREJTIGHEID.

Wat party mense vergeet is die feit dat die herversameling van Israel 'n geestelike so wel as 'n fisiese gebeurtenis is. Dat geen blote man ooit voortdurende vrede na die Midde Ooste kan bring nie, nog minder sal 'n blote man die 12 stamme van Israel kan herenig. Daar is 'n geestelike element van vergifnis wat moet gebeur en slegs Yahshua die Messias, die ware Hoë Priester van Yahweh, kan die broodnodige verlossing na die kinders van Israel bring. Wanneer al twaalf stamme herenig word in die land van Israel, sal hulle wenend en treurend, met 'n nuwe hart vir die nuwe verbond in hulle, terugkeer.

Jer 50:4 In dié dae en in dié tyd, spreek Yahweh, sal die kinders van Israel kom, hulle met die kinders van Juda saam; onder geweën sal hulle voorttrek en die Yahweh hulle Elohiem soek.

Jer 50:5 Hulle sal na Sion vra; op die pad hierheen sal hulle aangesig gerig wees; hulle sal kom en by Yahweh aansluit in 'n ewige verbond wat nie vergeet sal word nie.

Jer 50:6 'n Kudde verlore skape was my volk; hulle herders het hulle laat dwaal, hulle weggevoer na die berge toe; hulle het gegaan van berg na heuwel, hulle het hul lêplek vergeet.

Jer.50:7 Almal wat hulle kry, het hulle opgeëet; en hulle teëstanders het gesê: Ons maak ons nie skuldig nie, omdat hulle gesondig het teen Yahweh, die Woning van geregtigheid en die Verwachting van hulle vaders, Yahweh.

Jer 50:19 En Ek sal Israel na sy weiveld terugbring, en hy sal wei op Karmel en in Basan; en sy siel sal op die gebergte van Efraim en in Gílead versadig word.

Jer 50:20 In dié dae en in dié tyd, spreek Yahweh, sal die ongeregtigheid van Israel gesoek word, maar dit sal daar nie wees nie; en die sondes van Juda, maar hulle sal nie gevind word nie; want Ek sal vergifnis skenk aan diegene wat Ek laat oorbly.

Nee, mens is nie die antwoord vir Israel se probleme nie. Net die teenoorgestelde. Mens was en is die probleem. Eers het Israel Yahweh, Sy Torah en Sabbatte verwerp, en toe, waar Israel ook versprei was in satan se wêreld, was Israel vervolgd en beroof deur mense. Dit gebeur tot vandag toe in die moderne wêreld: dit was erg genoeg dat die Joodse nasie deur die verskrikking van die groot slagting deur Duitsland moes gaan, maar selfs na dit,

toe Israel 'n nasie geword het, het 700,000 Jode wat in al die Arabiese lande gewoon het, al hulle besittings verloor deur konfiskasie. Nee, mens sal Israel nie red nie, slegs Yahweh kan, deur Sy Regter Hand, die Messias van Israel, Yahshua (Yah is Verlossing). Slegs die Messias, kan nie net die vyandigheid van die wêreld teen Israel nie, maar selfs dit wat Juda en Efraim teen mekaar het, uitwis.

Jes 11:9 Hulle sal geen kwaad doen of verderf aanrig op my hele heilige berg nie; want die aarde sal vol wees van die kennis van Almagtige Yahweh soos die waters die seabodem oordek.

Jes 11:10 En in dié dag sal die nasies vra na die wortel van Isai, wat daar staan as 'n banier van die volke, en sy rusplek sal heerlijk wees.

Jes 11:11 En in dié dag sal Yahweh weer vir die tweede keer sy hand uitstrek, om die oorblyfsel van sy volk los te koop wat sal oorbly uit Assirië en Egipte en Patros en Kus en Elam en Sínear en Hamat en uit die kuslande van die see;

Jes 11:12 en Hy sal 'n banier ophef vir die nasies en bymekaar laat kom die seuns van Israel wat verdryf is, en versamel die dogters van Juda wat verstrooi is, uit die vier hoeke van die aarde.

Jes 11:13 Dan sal die naywer van Efraim verdwyn, en die teëstanders van Juda sal uitgeroei word; Efraim sal Juda nie beny nie, en Juda sal Efraim nie benoud maak nie.

Die Messias gaan saam met Hom 'n gees van vrede en eenheid bring, dit gaan in Jerusalem begin en dan dwars deur die wêreld. Hy sal ook wegdoen met die jaloesie wat Juda en Efraim teen mekaar gehad het van die tyd toe Juda Josef in slawerny verkoop het. Net soos Josef ('n tipe van Messias) besef het dat dit deel was van 'n plan van ons Hemelse Vader en sy broers heeltetal vergewe het, so ook sal die ware Messias, Yahshua, saam met Hom 'n gees van liefde en vergifnis bring.

Eseg 37:15 Verder het die woord van Yahweh tot my gekom en gesê:

Eseg 37:16 En jy, mensekind, neem vir jou 'n stuk hout, en skrywe daarop: Vir Juda en vir die kinders van Israel, sy bondgenote; en neem 'n ander stuk hout en skrywe daarop: Vir Josef (die hout van Efraim) en die hele huis van Israel, sy bondgenote.

Eseg 37:17 Voeg hulle dan vir jou bymekaar, die een by die ander, om een stuk hout te wees, en laat hulle een word in jou hand.

Eseg 37:18 En as die kinders van jou volk met jou spreek en sê: Sal u ons nie te kenne gee wat u met hierdie dinge bedoel nie?

Eseg 37:19 sê dan vir hulle: So spreek die Almagtige Yahweh: Kyk, Ek sal die stuk hout van Josef neem, wat in die hand van Efraim is, en die stamme van Israel, sy bondgenote, en Ek sal hulle by hom voeg, by die stuk van Juda, en hulle een stuk hout maak; en hulle sal een word in my hand.

Eseg 37:20 So moet dan die houte waar jy op skrywe, in jou hand wees voor hulle oë;

Ese37:21 en sê vir hulle: So spreek die Almagtige Yahweh: Kyk, Ek gaan die kinders van Israel haal tussen die nasies uit waarheen hulle getrek het, en Ek sal hulle van alle kante bymekaar laat kom en hulle bring in hul land.

Eseg 37:22 En Ek sal hulle een volk maak in die land, op die berge van Israel; en een Koning sal vir hulle almal koning wees; en hulle sal nie meer twee nasies wees nie en verder nie meer in twee koninkryke verdeeld wees nie.

Eseg 37:23 En hulle sal hul nie meer verontreinig met hulle drekgode en hulle verfoeisels en met al hulle oortredinge nie; en Ek sal hulle verlos uit al hulle woonplekke waarin hulle gesondig het, en sal hulle reinig. So sal hulle dan vir my 'n volk wees, en Ek vir hulle 'n Elohiem wees.

Eseg 37:24 En my kneg Dawid sal koning oor hulle wees, en hulle sal almal een herder hê; en hulle sal in my verordeninge wandel en my insettinge onderhou en daarna handel.
Eseg 37:25 En hulle sal woon in die land wat Ek aan my kneg Jakob gegee het, waar julle vaders in gewoon het; ja, hulle sal daarin woon, hulle kinders en hulle kindskinders tot in ewigheid; en my kneg Dawid sal hulle vors wees vir ewig.
Eseg 37:26 En Ek sal 'n verbond van vrede met hulle sluit, dit sal 'n ewige verbond met hulle wees; en Ek sal hulle daar bring en hulle vermenigvuldig; en Ek sal my heiligdom in hulle midde vestig vir ewig.
Eseg 37:27 En my tabernakel sal oor hulle wees, en Ek sal vir hulle 'n Elohiem wees en hulle vir my 'n volk wees.
Eseg 37:28 En die nasies sal weet dat Ek Yahweh is wat Israel heilig as my heiligdom vir ewig in hulle midde sal wees.

Teen dié tyd sal vrede oor die hele wêreld heers en Israel sal die model-nasie wees wat Yahweh hulle voor bestem het. Die Messias sal die twee Huise van Israel verenig na een net soos in die dae van Koning David en Salomo.

Jes 65:17 Want kyk, Ek skep nuwe hemele en 'n nuwe aarde, en aan die vorige dinge sal nie gedink word en hulle sal in die hart nie opkom nie.
Jes 65:18 Maar wees julle bly en juig vir ewig oor wat Ek skep; want kyk, Ek skep Jerusalem om te juig, en sy mense om bly te wees.
Jes 65:19 En Ek sal juig oor Jerusalem en bly wees oor my volk; en daarin sal nie meer gehoor word die stem van geweene of die stem van geskreeu nie.
Jes 65:20 Daarvandaan sal nie meer kom 'n suigling van 'n paar dae of 'n grysaard wat sy dae nie vol uitlewe nie; want 'n seun sal sterwe honderd jaar oud, en wie sondig, sal, honderd jaar oud, deur die vloek getref word.
Jes 65:21 En hulle sal huise bou en bewoon, en wingerde plant en die vrug daarvan eet:
Jes 65:22 hulle sal nie bou dat 'n ander dit bewoon nie; hulle sal nie plant dat 'n ander dit eet nie; want die dae van my volk sal wees soos die dae van die bome, en my uitverkorenes sal die werk van hulle hande self geniet.
Jes 65:23 Hulle sal hul nie tevergeefs vermoei of baar vir skielike ondergang nie; want hulle is 'n geslag van die wat deur Yahweh geseën is, en hulle nakomelinge is by hulle.
Jes 65:24 En voordat hulle roep, sal Ek antwoord; terwyl hulle nog spreek, verhoor Ek.
Jes 65:25 Die wolf en die lam sal saam wei, en die leeu sal strooi eet soos 'n bees, en stof sal die voedsel van die slang wees; hulle sal geen kwaad doen of verderf aanrig op my hele heilige berg nie, sê Yahweh.

Gee die Skrif ons enige idee wanneer die Messias gaan kom om die seun van Israel te herenig?

Mat 24:32 En leer van die vyeboom hierdie gelykenis: Wanneer sy tak al sag word en sy blare uitbot, weet julle dat die somer naby is.
Mat 24:33 So weet julle ook, wanneer julle ál hierdie dinge sien, dat dit naby is, voor die deur.
Mat 24:34 Voorwaar Ek sê vir julle, hierdie geslag sal sekerlik nie verbygaan voordat al hierdie dinge gebeur het nie.

Yahshua sê dat ons die vyeboom moet dophou. Wie is die vye- boom?

Jer 24:1 Yahweh het my laat sien, en daar was twee mandjies met vye, reggesit voor die huis van Yahweh—nadat Nebukadrésar, die koning van Babel, Jegónja, die seun van Jójakim, die koning van Juda, en die vorste van Juda en die smede en die slotmakers uit Jerusalem in ballingskap weggevoer en hulle in Babel gebring het.

Jer 24:2 In die een mandjie was baie goeie vye soos die voorvye; maar in die ander mandjie was baie slegte vye, te sleg om te eet.

Jer 24:3 En Yahweh het vir my gesê: Wat sien jy, Jeremia? En ek het geantwoord: Vye; die goeie vye is baie goed en die slegtes baie sleg, te sleg om te eet.

Jer 24:4 Toe het die woord van Yahweh tot my gekom en gesê:

Jer 24:5 So spreek Yahweh die Elohiem van Israel: Soos hierdie goeie vye, so sal Ek ten goede aansien die ballinge van Juda wat Ek uit hierdie plek na die land van die Chaldeërs weggestuur het;

Jer 24:6 en Ek sal my oog op hulle slaan ten goede en hulle terugbring in hierdie land; en Ek sal hulle bou en nie afbreek nie, en hulle plant en nie uitruk nie.

Jer 24:7 En Ek sal hulle 'n hart gee om My te ken, dat Ek Yahweh is; en hulle sal vir My 'n volk wees, en Ek sal vir hulle 'n Elohiem wees, want hulle sal na My terugkeer met hul hele hart.

Baie duidelik is Israel die vyeboom. Party vye is goed en sal terug in die land toegelaat word; ander vye is sleg en sal nie terug in die land toegelaat word nie. Dit is Israel wat terug kom om 'n nasie te word wat ons moet dop hou. Kom ons kyk na Psalm 102. Die Psalm versinnebeeld die holocaust en die inleiding van die wederkoms van die Messias.

Ps 102:2 (102:3) Verberg u aangesig nie vir my op die dag as ek in benoudheid is nie; neig u oor tot my; op die dag as ek roep, verhoor my gou!

Ps 102:3 (102:4) Want my dae verdwyn soos rook en my gebeente gloei soos 'n vuurherd.

Ps 102:4 (102:5) Platgeslaan soos die plante en verdor is my hart; want ek vergeet om my brood te eet.

Ps 102:5 (102:6) Vanweë my harde gesug kleef my gebeente aan my vlees.

Wie kan hierdie verse lees en nie dink aan die foto's van uitgehongerde Jode in die konsentrasie kampe, geraamtes van vel en been? Ook die liggame wat verbrand word in die krematoriums, net soos die psalm skrywer sê.

Ps 102:8 (102:9) Die hele dag smaad my vyande my; die wat teen my raas, gebruik my naam as 'n vloek.

Ps 102:9 (102:10) Want ek eet as soos brood en meng my drank met tranes,

Kan ons die geel armband wat die Jode geforseer was om te dra, vergeet? Die daaglikse vernederinge net omdat hulle seuns van Jakob was, net soos die skrywer dit noem?

Ps 102:13 U sal opstaan, U oor Sion ontferm; want dit is tyd om hom genadig te wees, want die bestemde tyd het gekom.

Baie interessante vers die. Die psalm skrywer praat oor die restourasie van Sion uit die vreeslike holocaust op die vasgestelde tyd. Die woord in Hebreeus is "mo'ed". Dit beteken letterlik om 'n afspraak te maak met, of 'n presiese, bepaalde tyd. Wat was die presiese tydperk van Israel se gevangeskap? Soos alreeds gewys was die 2520 jaar, wat presies in 1948 geëindig het toe Israel weereens 'n nasie geword het. En hier sê die psalm skrywer dieselfde ding. Hy sê dat daar 'n tydperk van intense reiniging vir die seun van Jakob sal

wees, maar dan, op die bepaalde tyd (Mei 14, 1948), sal Israel weereens 'n nasie word. Maar dit is nie al nie, kom ons lees verder.

*Ps 102:16 (102:17) omdat Yahweh Sion opgebou het, in sy heerlijkheid verskyn het,
Ps 102:18 (102:19) Dit sal vir die volgende geslag opgeskrywe word, en die volk wat geskape gaan word, sal Yahweh loof;*

Wat 'n asemrowende vers! Wanneer Yahweh Sion herbou en Sy mense terugbring na Jerusalem, dan sal die Messias verskyn, en dit was geskryf vir die laaste generasie. Verskillende vertalings vertolk die vers “vir 'n toekomstige generasie”, maar die oorspronklike Hebreeus is: “L’der Acharon”, wat letterlik die laaste generasie beteken. Sion is meer bebou as ooit in sy hele geskiedenis en Israel is weer 'n nasie na 2,500 jaar in diaspora. Yahshua sê baie duidelik as jy hierdie dinge sien gebeur, kyk op, want jou verlossing is naby, en dat “DIE GENERASIE”, die generasie wat lewend uit die holocaust sal kom en Israel, die vye boom, in 'n nasie sien verander, nie verby sal gaan totdat Hy terug kom. Dit sê nie net dat ons die laaste generasie is volgens die Skrif nie, maar dat ons ver in die generasie is en dat tyd baie vinnig verby gaan.

Al die gebeurtenisse vandat Israel 'n nasie geword het en die algemene gebeure wat in Israel vandag gebeur, is duidelike tekens dat ons baie naby die Messias se wederkoms is. Daar is 'n baie interessante vers in die boek van Romeine wat vir ons 'n duidelike indikasie gee van hoe naby Yahshua se wederkoms werklik is. Ons het alreeds bewys dat in die eindtyd Yahshua die bekeerlinge van die Huis van Efraim of Josef, terug gaan inent aan die een boom van Israel. Kom ons ondersoek Romeine 11 van naderby.

Rom 11:24 Want as jy afgekap is van die olyfboom wat van nature wild was, en teen die natuur op die mak olyfboom ingeënt kan word, hoeveel te meer kan hulle dan wat dit van nature is, op hul eie olyfboom ingeënt word?

Rom 11:25 Want ek wil nie hê, broeders, dat julle hierdie verborgenheid nie moet weet nie, sodat julle nie eiewys mag wees nie: dat die verharding ten dele oor Israel gekom het totdat die volheid van die heidene ingegaan het;

Rom 11:26 en so sal die hele Israel gered word, soos geskrywe is: Die Verlosser sal uit Sion kom en sal die goddelooshede van Jakob afwend;

Rom 11:27 en dit is van my kant die verbond met hulle as Ek hulle sondes wegneem.

Volgens Romeine 11 is dit baie duidelik wat ons Hemelse Vader in die eindtyd doen. Hy is besig om Efraim geestelik voor te berei vir Yahshua se wederkoms. Maar wie is die “volheid van die nasies?” Die antwoord lê in die profesie wat Jakob aan die seuns van Josef, Efraim en Manasse, gegee het in Genesis 48. Onthou nou, Jakob (Israel) was besig om die twee seuns te seën toe hy sy regter hand (die hand van krag) op Efraim, in plaas van op die eersgeborene, Manasse, gesit het. Josef wou dit nie toelaat nie aangesien Manasse die eersgeborene was, maar luister na Jakob se antwoord.

Gen 48:17 Toe Josef sien dat sy vader sy regterhand op die hoof van Efraim gelê het, was dit verkeerd in sy oë; en hy het die hand van sy vader gegryp om dit van die hoof van Efraim op die hoof van Manasse oor te bring.

Gen 48:18 En Josef sê aan sy vader: Nie so nie, my vader; want hierdie een is die eersgeborene: lê u regterhand op sy hoof.

Gen 48:19 Maar sy vader weier en sê: Ek weet, my seun, ek weet. Hy sal ook 'n volk word, en hy sal ook groot word; nogtans sal sy jongste broer groter wees as hy, en sy nageslag sal 'n menigte van nasies word.

Abba Yahweh het dit bestem dat deur Jakob, Efraim in die eindtyd herroep sou word en dit die volheid van die nasies sal wees. Meeste mense wat dink dat hulle nie-Israeliete is, is in werklikheid van die saad van Abraham en deel is van die verlore stamme van Israel. Dit is so verbasend om op te let dat Yahshua sê dat geen mens na Hom toe kan kom behalwe as die Vader hom roep nie. Die feit dat Yahweh letterlik Sy uitverkorenes met die hand uitkies, gaan die verstand te bowe. Vanaf die 1990's gebeur daar 'n wonderwerk. Daar kom letterlik der duisende evangeliese Christene uit hulle heidense gelowe uit nadat hulle tot die waarheid gelei is deur dat hulle tot die besef gekom het wie hulle regtig is. DIE HUIS VAN EFRAIM!

Ons werk in Israel en ontmoet baie broers en susters wat sê dat deur slegs die Woord van Yahweh te lees, hulle deur die Ruach tot die waarheid gelei is. Iets wonderbaarlik is besig om te gebeur. Luister na die poëties beskrywing:

Jes 48:20 Verkondig met jubelklank, laat dit hoor, bring dit uit tot by die einde van die aarde! Sê: Almagtige Yahweh het sy kneg Jakob verlos;

Dit is ook verbasend dat in die laaste generasie, duisende op duisende stamme, van Afganistan tot in Indië en China, al die pad na Australië en Suid-Afrika, rondom die aarde na Amerika en terug na Europa en Groot Brittanje en selfs terug na Israel in die midde Ooste; almal maak aanspraak daarop dat hulle Israeliete is van die saad van Josef. In Bombaai, Indië, is daar 5,000 mense wat aanspraak maak dat hulle Israeliete is en die aanspraak gaan etlike duisende jare terug na die stam van Zebulon. Argeoloë het ou geld stukke in die area ontdek met die inskrywing van "Zebulon" daarop wat terug dateer na Israel se gevangeskap. Daar is etlike duisende stamlede van Uzbekistan wat daarop aanspraak maak dat hulle afstammelinge is van Naftali en Issaskar. Weereens het argeoloë grafte in daardie area gevind wat terug dateer na die Skriftelike stamme van Israel.

Iets wonderlik is vandag besig om te gebeur, net soos Jesaja voorspel het. Yahweh is waarlik besig om sy dienskneg Jakob te verlos.

Nou weet jy van die wonderlike plan waaraan ons Hemelse Vader die afgelope 4,000 jaar werk, van dat die belofte aan Abraham gemaak was. Ons is die laaste generasie en ons sal die terug keer van Messias ervaar en ons oë sal sien hoe Israel gered word. Ons gaan die opstanding van Vader Abraham en al die uitverkorenes sien. Om die asemrowende plan van ons Vader te verstaan soos dit vandag gebeur, help dit ons om te verstaan waar ons in die plan pas. Ons verstaan nou dat daar nie 'n verbond met Israel en 'n aparte verbond met die Nasies is nie; daar is EEN ewigduurende verbond met die een Boom van Israel. Almal wat Yahweh vrees en deel wil word van dié verbond kan so doen deur berou te toon vir hulle sondes en die gestorte bloed van Yahshua aanvaar vir daardie sondes. Dan, wanneer hul in die Name van Yahweh en Yahshua gedoop word, word hulle letterlik deel van die familie van Israel en sodoende 'n erfgenaam van Abraham. Dit is wonderlik om te verstaan dat baie (indien nie die meeste) gelowiges wat glo dat hulle nie-Israeliete (heidene/gentiles) is, eintlik van die verlore stamme van Israel afkomstig is en dat hulle ook wag vir hulle erfporsie in die land van belofte.

Die tyd is kort. Die dag is amper verby en die nag kom nader waar geen man sal werk nie. Kom ons aanvaar die roeping van ons Hemelse Vader met erns. Kom ons eer en vertroetel ons roeping as uitverkore kinders van Hom. Laat ons sober en regverdige lewens lewe. Sit werklik die nood van ander, soos die armes, die weduwee en die wees, bo jou eie nood. Verwerp alle nuttelose heidense praktyke en tradisies wat ons voorouers heel onskuldig geërf en onopsetlik oorgedra het en aanbid ons Hemelse Vader in 'n Gees van waarheid. En mag Yahshua met Sy terugkeer dan antwoord:

Mat 25:21 ... Mooi so, goeie en getroue dienskneg, oor weinig was jy getrou, oor veel sal ek jou aanstel. Gaan in in die vreugde van jou Heer.

HALLELU YAH!

Mat 10:8b "Julle het dit verniet ontvang, verniet moet julle dit gee.

Julle sal sien dat daar geen verkoopprijs vir die boek is nie. Meer as die helfte van die boek is direkte aanhalings uit die Skrif. Dit sal diefstal wees om die Woord van Yahweh te verkoop. Die werk word verniet uitgegee om gelowiges aan te moedig tot die waarheid van die Skrif.

Don Esposito

www.coYHWH.com

Die meeste van ons werk word van Israel gedoen. Ons is ook gashere van die pelgrimsfeeste van Yahweh in die land van Israel. Ons neem groepe op 'n pelgrimstoer deur die land van Israel elke herfs, gedurende die fees van Sukkot. As jy belangstel om 'n groep na Israel vir 'n pelgrimstog te bring, of as jy een van ons suster gemeentes wil besoek, gaan na ons webwerf vir meer informasie.